

DIE LEWE EN WERK VAN DS KÁLMÁN PAPP II (GEB 1924), MET VERWYSING NA DIE HONGAARSE AGTERGROND, DIE NEDERLANDSE PERIODE EN DIE SUID-AFRIKAANSE PERIODE

1 INLEIDING

1.1 Motivering

Die unieke persoonlikheid, aangrypende lewensgeskiedenis en omvangryke dienswerk van die Hongaarsgebore dominee Kálmán Papp, predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sedert 1951, is om verskeie redes merkwaardig, en verdien om nagevors, geëvalueer en geboekstaaf te word.

Dominee Papp is die Suid-Afrikaanse stamvader van die familie Papp (vgl Malherbe 1966:758). Die familienaam *Papp* of *Pap* kom vry algemeen in Hongarye voor. Dit hou verband met die Hongaarse woord *pap*, wat priester beteken, en het 'n Bulgaro-Slawiese oorsprong (vgl Bucsay 1977:19). Die voornaam Kálmán en die afgeleide troetelname Káli, Kálmi en Kálmuska is waarskynlik uit antieke Turks afkomstig en beteken *die res* of *oorblyfsel* van iets. Dit word dikwels verkeerdelik gelykgestel aan die Germaanse naam *Koloman*, *Coloman* of *Kolman* (vgl Ladó 1990). Aangesien beide dominee Papp se vader en sy oudste seun dieselfde name as hy het, word daar verder in hierdie studie na hom verwys as Kálmán II. Na sy vader word verwys as Kálmán I en na sy seun as Kálmán III. Laasgenoemde het as 'n tweede voornaam die eerste voornaam van sy grootvader aan moederskant, die Nederlander Diederik Hendrik Schilling. Interessant is die feit dat al drie Kálmán's die oudste seuns van hulle ouers was en dat al drie predikante geword het.

Kálmán II is tot op hede die enigste Hongaarsgebore persoon wat as predikant in 'n reformatoriese kerk in Suid-Afrika georden is, en is uit 'n tradisieryke Hongaarse predikantefamilie afkomstig. Onder sy voorouers kon daar tot dusver minstens een predikant in elk van die sewe geslagslyne wat sy eie geslagslyn voorafgaan - in totaal minstens sewentien - opgespoor word. Aan vaderskant was sy vader en aan moederskant was sy grootvader, oor-grootvader, twee oor-oor-grootvaders, drie oor-oor-oor-grootvaders, een

oor-oor-oor-oor-grootvader en een oor-oor-oor-oor-oor-grootvader onder andere met sekerheid predikante, almal in die Hervormde Kerk van Hongarye (*A Magyarországi Református Egyház*). 'n Uiteensetting van die voorgeslagte en uitgebreide gegewens oor die predikante in die voorgeslag, verskyn in *Die historiese agtergronde van die Hongaars-Afrikaanse predikantefamilie Papp* (vgl Papp 2002:85-103). Alhoewel hierdie ryk tradisie, sover vasgestel kon word, in Hongarye aan sy einde gekom het met Kálmán II se vertrek na Nederland in 1947 en sy uiteindelijke emigrasie na en permanente vestiging in Suid-Afrika in 1949, is die tradisie tog aan die suidpunt van Afrika voortgesit. Sy oudste seun, Kálmán Diederik (Kálmán III), en sy derde seun, Wilfried Wilhelmus, het onderskeidelik in 1978 en 1980 ook predikante geword, albei in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Sover bekend is Kálmán II ook die enigste predikant in Suid-Afrika wat 'n doodsvonnis opgelê is. 'n Hongaarse Volksgeregshof het hom in 1948 *in absentia* ter dood veroordeel op grond van beweerde oorlogsmisdade. Hierdie vonnis is gelukkig nooit voltrek nie.

Kálmán II is tot dusver die enigste predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat al veertig sy diensjare in sy eerste en enigste gemeente voltooi het. Die besondere rol wat hy in die gemeenskap van Krugersdorp gespeel het is in 1993 bekroon met 'n *Sertifikaat van Verdienste* van die Stadsraad van Krugersdorp. Uit erkenning vir sy arbeid onder die Hongare in Suid-Afrika ontvang hy in 2003 'n spesiale medalje van die Hongaarse regering.

Binne die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is Kálmán II die enigste predikant (hoogleraars uitgesluit) wat die eer te beurt geval het om 'n ereprofessoraat te ontvang. Die Hervormde Teologiese Akademie van die Hervormde Kollegium van Sárospatak in Hongarye het hom in 2008 met hierdie toekenning vereer.

Alhoewel Kálmán II met die eerste oogopslag nie 'n prominente rol op die breër terrein van die kerklike lewe in Suid-Afrika, en meer spesifiek binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gespeel het nie, is by verdere ondersoek die gang van sy lewe en sy besondere dienswerk binne én buite die kerk nogtans vermeldenswaardig. Benewens die feit dat hy 'n Suid-

Afrikaanse stamvader is, is hy as persoon baie wyd bekend, nie net in Krugersdorp waar hy tussen 1951 en 1991 predikant was en sedert sy emeritaatsaanvaarding steeds woon nie, maar ook binne die Hongaarse protestantse gemeenskap van Suid-Afrika, asook in Namibië, waar hy vir sewe jaar as pastorale hulp in die gemeente Outjo gedien het. Hierdie bekendheid is hoofsaaklik te danke aan sy aangrypende lewensgeskiedenis, sy merkwaardige persoonlikheid en die besondere gawes waarmee hy toebedeel is.

Oor die lewe en werk van Kálmán II word daar melding gemaak in *Die historiese agtergronde van die Hongaars-Afrikaanse predikantefamilie Papp* (Papp 2002), in 'n boek wat in 1991 uit Kálmán II se eie pen verskyn het met die titel *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*, 'n aantal artikels in koerante en tydskrifte. Niks substansieels is egter nog oor sy persoonlikheid, sy lewe en sy werk gepubliseer nie. Hierdie proefskrif is 'n poging om hierdie leemte te vul.

1.2 Probleemstelling/studieveld

Daar kan tereg gevra word hoekom Kálmán II sy geboorteland verlaat het om in 'n ver land 'n nuwe toekoms te gaan soek, en in hoe verre die gemeenskaplike tussen die Hervormde Kerk in Hongarye en Suid-Afrika, asook die gemeenskaplike tussen die Hongaar en die Afrikaner, dit vir hom makliker gemaak het om in te skakel. Wat is die moontlikheid vir 'n predikant om met sukses volledig in die kerk opgeneem te word, en vir 'n Hongaar om 'n trotse Afrikaner te word en volledig deur sy mede-Afrikaners as volksgenoot aanvaar te word, in 'n vreemde land met 'n vreemde taal. Watter gemeenskaplikhede en raakpunte het hierin 'n rol gespeel in Kálmán II se lewe? Hierdie studie wil poog om antwoorde op hierdie vrae te gee.

Hierbenewens wil hierdie studie ook 'n poging aanwend om die groot bydrae aan te dui wat deur 'n gewone gemeentepredikant in die ekumeniese omgewing, die kerk en die gemeenskap gemaak kan word, om daarmee aan te dui dat groot bydraes nie altyd noodwendig net gemaak word deur kerkeleiers in prominente posisies of deur akademici aan universiteite nie.

1.3 Metodologie

Die feit dat Kálmán II en sy vrou Wilhelmina (of Mieke, soos sy genoem word) met die aanvang en tydens die hele verloop van hierdie studie beskikbaar was as bronne van inligting, was uiters kosbaar. Hulle subjektiewe betrokkenheid by die gebeure moes uit die aard van die saak voortdurend in gedagte gehou word. Kálmán II en Mieke se mondelinge mededelings, asook Mieke se korrespondensie met familie en vriende en die uitvoerige dagboeke wat sy sedert 1951 bygehou het, het gedien as primêre bronne. Dit het daartoe bygedra dat hierdie studie, veral wat sekere dele daarvan betref, aanspraak kan maak op 'n mate van volledigheid wat andersins waarskynlik nie moontlik sou wees indien nie. Hierdie volledigheid het ook grotendeels die lengte van hierdie proefskrif bepaal. Kálmán II se hulp met die identifisering en vertaling van talle Hongaarse bronne, en sy en Mieke se verifiëring van gegewens, kan ook nie geringskat word nie.

In die metode van ondersoek is daar gepoog om erns te maak met historiese figure, denke en gebeure, om te voorkom dat die navorser se subjektiewe vooropgestelde idees in die hierdie persone, denke en gebeure ingelees sal word en die historiese betekenisvelde sodoende vernietig sal word. Daar is ook gepoog om erns te maak met Gadamer se gedagtes van 'n *wirkungsgeschichtliche Bewusstsein* ('n bewussyn van die navorser waarin die geskiedenis aan die werk is) en van waak teen refleksie wat subjektief gedagtes inlees in die verlede. "Dit wil sê 'n '*wirkungsgeschichtliche Bewusstsein*' ... dui op 'n *nie-objektiveerbare ervaring* wat die navorser *voorberei* het, wat hom *ontvanklik* en *oop* gemaak het vir die *verlede*, die *geskiedenis* en die *tradisie*, en dit dui beslis nie op 'n bewussyn wat klaar vooropgestelde idees en eietydse sisteme het waarby alles moet inpas nie, wat klaar besluit het hoe die geskiedenis moet lyk nie" (Labuschagne 2008:1209).

Hierdie navorsing word verder gelei deur die nuutste eietydse metodologie en hermeneutiek (vgl Young 2007:xiii-xvi). Die nuutste navorsing oor historiese metodologie het ernstige kritiek op die historiese metodologie en hermeneutiek van die 19de en 20ste eeu, waardeur 'n *refleksie* (Gadamer) van die navorser se eie vooronderstellings die *objek* van die ondersoek ontnem van sy eie weergawe van gebeure. So is byvoorbeeld in

Nuwe Testamentiese navorsing reeds deur F C Baur (1792-1860) in die 19de eeu al oorwegend klem gelê op die *konflik* tussen Griekse en Joodse kulture (vgl Labuschagne 2009:14-16). Frances Young wys nou daarop dat die nuutste bevinding van historiese navorsing allesbehalwe daarop dui - dit is wanneer die navorser probeer inbeweeg in die wêreld van ondersoek, om daardie wêreld toe te laat tot sy eie weergawe. Teenoor die tot onlangse verlede se “oorvereenvoudiging” van ‘n “aksiomatiese” vertrekpunt van ‘n “onderskeiding tussen ‘Griekse’ en ‘Joodse’ Kulture” sê Young:

We now realize that this was an over-simplification. Even Palestine had been subject to Hellenistic influence for two or three centuries before Christ, and cross-cultural interaction is a very complex business

So bemoaning the ‘Hellenization’ of Christianity no longer seems appropriate. There was a proper and fruitful marriage of Greek philosophy and Jewish traditions which produced the new thing, Christianity, which defined itself over and against both its parents while inheriting many characteristics from each.

(Young 2007:xvi)

Die werkswyse van vroeër, naamlik om te veronderstel dat ‘n mens bloot die *kulturele bedekking* moet afhaal om by die *veronderstelde ware prentjie* uit te kom, is dus nie meer aanvaarbaar nie. Daar word nou besef dat dit baie ingewikkelder is, omdat die kulturele verweefdheid juis alles te doen het met die weergawe van die objek van ondersoek.

Hierdie nuwe insigte is ook toegelaat om die metodologie van hierdie studie te lei sodat die *kulturele interaksie* wat in hierdie studie ter sake is, toegelaat word om *ongemolesteer sy weergawe* te bied van hoedat een persoon gemaklik kan beweeg van ‘n Hongaarse kultuur na ‘n Nederlandse kultuur en vandaar na ‘n Suid-Afrikaanse en, meer spesifiek, ‘n Afrikaanse kultuur.

Ons verstaan van die wêreld word verder gevorm deur die *taal* wat ons gebruik. Die begrip wat taal oordra, word bepaal deur die navorser se eie betekenis wat hy aan woorde gee, maar betekenis is nie suiwer individualisties nie, sodat ook eweneens die “sosiale konstruk” en “kulturele konstruk” van die tyd en omgewing waarin beweeg word, ‘n rol speel. Dit maak taal verder *vloeiend*, sodat elke tyd en situasie opnuut betekenis verleen aan woorde (vgl Young 2007:xiv).

Dit beteken bykomend dat elke navorser deur sy eie verstaan, en die verstaan van die wêreld en tyd waarin hy beweeg, ook deur sy eie seleksies, in ‘n bepaalde sin *skeppend* met die geskiedenis omgaan. Die *subjektiewe* element kan nie ontken word nie. Maar dit beteken nie dat die navorsing sy *objektiwiteit* durf verloor nie. Skeppend omgaan - ‘n nuwe weergawe - beteken nie om die geskiedenis self *uit te vind*, uit die duim te suig nie. Want die geskiedenis is nogtans ‘n *gegewene* – jy kan nie die verlede verander nie, jy kan nie wegredeneer wat gesê is en wat gebeur het nie. Daarom bly dit belangrik dat die navorser deur sy metodologie en hermeneutiek die toets sal slaag om die verlede die geleentheid te bied om uiteindelik altyd sy eie weergawe van insigte, dade en gebeure aan te bied.

Omdat Kálmán II afkomstig is uit ‘n land, volk en kerk waarvan die agtergrond tot onlangs toe nog relatief onbekend was in Suid-Afrika, word daar aan die begin van hierdie studie kortliks aandag aan hierdie sake gegee sodat sy lewe en werk in die regte konteks geplaas kan word, en vasgestel kan word in welke mate sy Hongaarse agtergrond sy lewe en werk as predikant beïnvloed het. Die meerderheid bronne wat vir hierdie doel gebruik is, is uit Kálmán II se omvangryke persoonlike biblioteek en die biblioteek van die Universiteit van Pretoria afkomstig. Dit is aangevul met ‘n aantal resente publikasies wat in 2000 aangeskaf is tydens ‘n studiebesoek wat Kálmán III na Hongarye onderneem het. Die doel van hierdie besoek was om Kálmán II se spoor in Hongarye na te loop – vanaf sy geboorteplek in Mándok tot in Budapest, waarvandaan hy die land verlaat het. Kálmán II het sy seun op hierdie reis vergesel.

Oor Kálmán II se voorgeslagte bestaan daar twee ongepubliseerde Hongaarse geskrifte deur sy broer, doktor Zoltán Papp, wat as bronne aan-

gewend is vir die gedeelte van die studie wat oor die voorgeslagte handel. Hierdie geskrifte is volledig en *verbatim* met die hulp van Kálmán II in Afrikaans vertaal, in boekvorm gebind en in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika opgeneem. Die inligting in hierdie geskrifte is aangevul met gegewens wat tydens 2000 se besoek aan Hongarye versamel is.

Daar is in hierdie studie ruim gebruik gemaak van persoonlike mededelings deur Kálmán II self, waarvan die grootste deel op klankbande vasgelê is. Hierdie opnames, wat grotendeels bestaan uit antwoorde van Kálmán II op vooraf bepaalde vrae wat Kálmán III aan hom gestel het, het die raamwerk gevorm vir die beskrywing van Kálmán II se kinder- en studentejare in Hongarye en sy studentejare in Nederland. Mieke se dagboeke het as raamwerk gedien vir die beskrywing van Kálmán II se lewensverloop in Suid-Afrika en is aangevul met materiaal wat in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika versamel is, veral Kálmán II se persoonlike lêers en die agendas en notules van gemeente-, kerkraads- en ringsvergaderings, asook dié van die Algemene Kerkvergadering en vergaderings van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

1.4 Studie se bydrae tot die gemeenskap

Die merkwaardige van Kálmán II is sy deelwees van en rol in 'n lang lyn van predikante, wat sy familie uitsonderlik deelmaak van die geskiedenis van die Hervormde Kerk van Hongarye sowel as die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die uitsonderlike lê nie slegs in die getal predikante nie, maar ook in die wyse hoe Kálmán II en sy predikanteseuns oorplant in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hulle lojaliteit teenoor die Hongaarse volk en die Afrikanervolk waarvan hulle deelgeword het, is merkwaardig. Hierdie studie wil aandui dat sodanige oorplanting in die kerk moontlik is, en juis tot groot waarde vir kerk, ekumene, en die breër gemeenskap in die nuwe land kan lei. Dit is belangrik om kennis te neem van die bekende van die Hervormde denominasie wat in 'n verre land nogtans die bekende tuiste van die Hervormde Kerk bly en wat vanuit die land van oorsprong geken en waardeer word.

Merkwaardig is Kálmán II se intense betrokkenheid by sy familie en lidmate van die kerk in die Republiek van Suid-Afrika, veral in Krugersdorp, en ook in Outjo in die destydse Suidwes-Afrika; by die lot van mense vanuit en in Europa en Hongarye in die besonder; en by die lot van die Afrikanervolk in die Republiek van Suid-Afrika. Nie baie predikante ontvang 'n toekenning van 'n Stadsraad om sy rol in die gemeenskap oor baie jare te erken en te waardeer, of 'n spesiale medalje van 'n regering vir die erkenning van sy arbeid onder onderdane in 'n vreemde land, of 'n ereprofessoraat van 'n akademiese instelling vir die indruk wat hy op die breë kerklike terrein gemaak het nie.

Ten slotte gee hierdie studie ook 'n uitgebreide beeld van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gedurende die middel van die 20ste eeu, en so ook in 'n mate van die verhouding van dié Kerk en die Suid-Afrikaanse samelewing. Alhoewel dit primêr die vaslegging van die lewens- en bedieningsgeskiedenis van Kálmán II in die oog het, is hierdie studie dus nie net 'n biografiese studie nie - dis tegelykertyd ook 'n stuk familie-, volks-, kultuur- en kerkgeskiedenis. Die vertrou word uitgespreek dat dit sal voldoen aan die verwagtinge wat die titel en voorafgaande opmerkings skep.

2 HISTORIESE AGTERGRONDE

2.1 Volk, land en taal

2.1.1 Die geskiedenis van die Hongare

Die geboortevolk van Kálmán II het 'n aangrypende en veelbewoë geskiedenis wat oor 'n periode van meer as duisend jaar strek. Kálmán II het, soos wat dit van 'n egte Hongaar verwag word, hierdie geskiedenis in die fynste besonderhede geken en dit het hom altyd baie na aan die hart gelê, ten spyte van die feit dat hy homself later in sy lewe volledig en heelhartig vereenselwig het met die Afrikanervolk, binne wie se geledere hy gewerk en sy kinders grootgemaak het. Hierdie studie sou gevolglik onvolledig wees sonder enkele opmerkings oor sy volk van herkoms. Wat hier volg is 'n baie kursoriese beskrywing van die hoofmomente in die geskiedenis van die Hongaarse volk.

2.1.1.1 Oorsprong

Die wortels van die Hongaarse volk kan teruggevoer word tot by die stamverband van die Ogoere (waarvan die naam *ungar/hongaar* afgelei is), 'n Fins-Oegriese gemeenskap wat wes van die Oeralgebergtes in die verre ooste van Europa in die omgewing van die Wolga-, Kama- en Belajarivier gewoon het (vgl Bucsay 1977:3-4). Ongeveer 500 nC het hierdie gemeenskap in twee verdeel. "This Finno-Ugrian community eventually split into the Finnish and Ugrian branches. Later the Ugrian branch divided into the present-day Ugrians of the Ob valley - the Voguls and Ostyaks (Man'shi and Chanti) - and into the ancestors of the Hungarians" (Pamlényi 1973:15). Laasgenoemde groep het geleidelik al hoe meer na die weste uitgewyk.

Die voorvaders van die Hongare was nomade. In die eerste helfte van die sesde eeu nC was die Hongaarse stamme tydens hulle weswaartse omswerwinge onder andere onderdane van die Hunne, die Avare en die Bulgare. Vanaf die middel van die sesde tot aan die begin van die negende eeu het hulle in die Kazareryk rondom die Kaspiese See gewoon en hulleself vrywillig onder die heerskappy van dié se vors, die Kaghan, gestel. Hier het

hulle vir die eerste keer kennis gemaak met die landboubedryf (vgl Pamlényi 1973:17).

2.1.1.2 Volkstigting en landsbesetting

Rondom 870 het die Hongaarse *Nyék-, Megyer-, Kürt-Gyarmat-, Tarján-, Jenő-, Kér-* en *Keszi-*stam, asook die *Kabare* (drie splinterstamme van die *Kazare*), verder weswaarts getrek en hulleself uiteindelik in die Karpatedal in Sentraal-Europa gaan vestig. Die *Megyers* of *Magyare* was die sterkste onder die sewe stamme. "They had all, by then, associated and mingled with a great variety of peoples, not only Turks and the like, but Aryan (or Indo-European) nations as well; of the latter, the Persians had made the greatest impact, notably on their taste in clothing and ornaments" (Ignotus 1972:22).

2.1.1.3 Totstandkoming van 'n prinsdom

Op die vooraand van hulle besetting van die Karpatedal, het die hoofde van die sewe Hongaarse stamme besluit om 'n prins as hulle gemeenskaplike leier te kies. Die keuse het op Álmos, leier van die *Magyare* geval. Onder die leiding van sy seun Árpád, het die Hongare die Morawiese Slawiërs, wat in die noordelike deel van die Karpatedal gewoon het, aan hulle onderwerp, en die gebied wat eeue later as Hongarye bekend sou staan, in 896 in besit geneem. Hierdie gebied het gestrek vanaf die Karpateberge in die noorde, die Transsilvaniese (Seweburgse) berge in die ooste en die Leitarivier in die weste tot op die grens van die groot laagvlakte, wat die bekken vorm van die Donau-, Tisza- (Theiss) en Rába- (Raab) rivier. Die Hongare het kort nadat hulle hulleself in hierdie nuwe land gevestig het, met strooptogte in die omliggende lande begin. Nadat hulle in 955 deur keiser Otto I van Duitsland en sy bondgenote tydens die slag van Augsburg verslaan is, was hulle aktiwiteite tot die Karpatedal beperk en het hulle hulle volle aandag en energie op die landboubedryf begin rig (vgl Ignotus 1972:23).

2.1.1.4 Totstandkoming van 'n feodale koninkryk

Prins Vajk, agter-agterkleinseun van Árpád, wat na sy bekering tot die Christendom die naam István (Stefanus) gekry het, het die Hongaarse

stamme verenig. Hy is op 1 Januarie 1001 tot die eerste koning van die nuwe feodale Koninkryk van Hongarye gekroon met 'n kroon wat deur pous Silvester II of, volgens 'n ander mening, deur keiser Otto III geskenk is.

Koning István het besef dat 'n Christelike feodale koninkryk sy ideologie van 'n ordelike samelewing in 'n verenigde Hongarye die beste sou dien en dat die handhawing van die stamstelsel sy nuwe sosiale en politieke orde sou benadeel. Hy het gevolglik alles in sy vermoë gedoen om die Christelike godsdiens, wat onderdanigheid aan die owerheid gepropageer het, te bevorder (vgl HKH 1999:98-99). Diegene wat sy beleid teengestaan het, is wreed gestraf. Met verloop van tyd het hy die magte van die stamhoofde finaal gebreek deur die onteining van hulle grond. Twee-derdes van die land het in besit van die koning gekom en die oorblywende dele is verdeel tussen die stamhoofde wat aan hom getrou gebly het en die lede van sy persoonlike gevolg. Alhoewel hierdie maatreëls 'n groter mate van stabiliteit in Hongarye gebring het, het dit voorkom dat die Europese stelsel van feodale bondgenootskappe en private grondbesit geïmplimenteer kon word.

2.1.1.5 Die onstuimige Middeleeue

Die oorgangstyd na die Middeleeue was, in teenstelling met die laaste dekades van die vorige millennium, minder rustig:

The last years of Stephen's reign were made difficult for him by the problem of succession. After the untimely death of his only son, Emeric [Imre], his nephew, Vászoly, was in a position to lay claim to the throne. But Vászoly became the leader of those Hungarian lords who resented Stephen's strong rule and were jealous of the king's foreign knights. They plotted to overthrow the king but failed. Vászoly received a horrible punishment for his part in the conspiracy: he was blinded and had molten lead poured into his ears. His sons, still minors, fled to Polish and Russian territories.

(Pamlényi 1973:42)

In die lig van die bogenoemde gebeure het István sy susterskind Péter Orseolo, wat uit haar huwelik met die hertog van Venisië gebore is, aangewys om hom op te volg. Toe István in 1038 oorlede is, het Péter gevolglik die troon bestyg. Hy is egter in 1041 deur István se swaer, Sámuel Aba, met die hulp van 'n aantal stamhoofde wat hulle eiendom onder István verloor het, onttroon. Péter het sy toevlug toe tot Hendrik III van Duitsland geneem en met sy hulp in 1044 weer die troon bestyg. Sámuel Aba is in sy vlug voor Hendrik III vermoor (vgl Pamlényi 1973:42-43).

Weerstand teen István se fanatiese maatreëls om sy onderdane te verplig om die Christelike geloof aan te neem, het egter met verloop van tyd sodanig toegeneem dat dit in 1046, ses jaar ná sy dood, uitgeloop het op 'n opstand onder aanstigting van Vata, een van die voormalige stamhoofde wat sy mag en eiendom deur István ontsê is. Nadat die rebelle talle Christelike kerke afgebrand en talle priesters om die lewe gebring het, het hulle die Christelike adellikes aangeval. Laasgenoemde het hulle koning Péter in die steek gelaat en hulp gaan soek by Vászoly se seuns wat steeds in ballingskap geleef het. Met die hulp van die Russe het András, die oudste seun van Vászoly, Péter onttroon, homself as koning uitgeroep, die Vata-opstand onderdruk en die feodale stelsel weer herstel (vgl Pamlényi 1973:43).

Koning András I, wat op daardie stadium nog kinderloos was, het sy heerskappy met sy jonger broer Béla gedeel en 'n deel van die land aan hom toevertrou met die belofte dat Béla se seun hom as koning sou opvolg. Toe daar egter 'n troonopvolger vir András gebore word, het hy van plan verander en besluit om die troon vir sy seun Salamon te reserveer. Hierdie besluit het tot 'n oorlog met Béla gelei waartydens András noodlottig gewond is. János, seun van Vata, het hierdie geleentheid aangegryp en 'n tweede opstand teen die koningshuis aangevoer. Béla is egter in 1060 as koning gekroon en het die opstand van János onderdruk (vgl Pamlényi 1973:44).

Die skielike dood van Béla I in 1063 het dit vir Salamon moontlik gemaak om koning te word. 'n Langdurige stryd om die kroon het egter tussen hom en die seuns van Béla, Géza en László, ontstaan. Salamon moes vlug en het 'n heenkome by Hendrik IV van Duitsland gaan soek. Géza, die oudste seun van Béla, het weer by die pous om hulp gaan aanklop. Pous

Gregorius VII het dit as 'n geleentheid gesien om Hongarye tot 'n vasalstaat van Rome te reduceer en onderneem dat hy Géza se koningskap sou aanvaar mits Géza tot pouslike opperheerskappy sou instem. Géza het die verlies van Hongarye se onafhanklikheid egter as 'n te groot prys vir pouslike erkenning beskou en homself in 1074 as koning laat kroon met 'n kroon wat deur die keiser van die Bisantynse ryk geskenk is (vgl Pamlényi 1973:44-45).

Géza is in 1077 deur László opgevolg, gedurende wie se regeringstyd Hongarye se aansien aansienlik toegeneem het. Sy verowering van Kroasië en Dalmasië het hom egter die gramskap van pous Urbanus II op die hals gehaal. Laasgenoemde het László se besetting van Kroasië op grond van die feit dat dit vroeër deel van Hongarye was, verwerp en wou dit hoogstens as pouslike leenstaat aan Hongarye toesê. László het hierdie beperking onaanvaarbaar gevind en die anti-pous, Clemens III, toe as pous erken. Kort daarna moes hy Dalmasië egter aan Venisië afstaan (vgl Pamlényi 1973:46).

László is deur sy jonger broer Kálmán, wat vir die amp van priester voorberei is, opgevolg. Pous Urbanus II het kort na Kálmán se troonbestyging die eerste stap tot versoening met die Hongaarse koningshuis geneem deur behulpsaam te wees met die herbesetting van Dalmasië en later ook Kálmán se titel as *Koning van Kroasië en Dalmasië* erken. In sy buitelandse beleid het Kálmán homself aan die kant van die pous geskaar en hy was onder andere verantwoordelik vir die instelling van die selibaatsvoorskrif vir kerklike ampsdraers. Kálmán was ook bekend as *Könyves Kálmán* (Kálmán die Geleerde of letterlik vertaal *Boekerige Kálmán*). Sy opvolger, István II, het die beheer oor Dalmasië vir 'n dekade verloor, maar dié se opvolger, Béla II, het dit weer herwin. Gedurende Béla II se regeringstyd is Bosnië en Serwië ook aan die Hongaarse kroon onderwerp (vgl Pamlényi 1973:46, 47 en 618).

In die middel van die twaalfde eeu het die stryd tussen die pous en keiser opnuut opgevlam en Hongarye voor die keuse gestel om kant te kies. Die Bisantynse ryk het intussen onder keiser Manuel I 'n groot oplewing beleef en Manuel het dit hom ten doel gestel om die Balkanstate wat hom deur Hongarye ontnem is, weer terug te neem. Koning Géza II van Hongarye het gevolglik besluit om keiser Frederik I as bondgenoot te verkry in sy stryd teen Manuel. 'n Botsing tussen Frederik I en pous Aleksander III in 1195 het die

maak van 'n keuse egter bemoeilik. Onder die invloed van Lucás, die aartsbiskop van Esztergom, het hy toe uiteindelik die pous se kant gekies en hom bygestaan in sy stryd teen Frederik I. Die pous het hom egter nie, soos verwag is, met die beloofde ondersteuning teen Manuel beloon nie.

Manuel I het, toe Géza II in 1162 oorlede is en sy jong seun en troonopvolger, István III, nog nie in staat was om weerstand te bied nie, die geleentheid benut om Dalmasië, Kroasië, Bosnië en Serwië by Hongarye af te neem. István III se opvolger, Béla III, het al hierdie gebiede egter teen 1182 weer herower en dit het gelyk of die feodale monargie onder sy heerskappy op die kruin van sy mag was (vgl Pamlényi 1973:48-49).

Gedurende die tweede helfte van die twaalfde eeu het die ontwikkeling van die landbou en handel geweldig toegeneem en gelei tot groot veranderings in die maatskaplike strukture van Hongarye, onder andere tot die latere disintegrasie van die kasteelstelsel. Te midde van hierdie veranderings het die kerk desperate pogings aangewend om sy belange en status te beveilig en sterk geleun op die bystand van die pouslike mag, wat juis in daardie tyd, in die lig van 'n afname in die mag van die Romeinse en Bisantynse ryke en die vinnige opkoms van die Engelse en Franse ryke, die dominante politieke mag in Europa was (vgl Pamlényi 1973: 54).

Die stryd tussen die seuns van Béla III om hom in 1196 op te volg, het die pous geleentheid gegee om in te meng in die sake van Hongarye. Prins András het naamlik 'n fonds wat sy pa vir 'n kruistog bestem het aangewend om 'n leër teen sy ouer broer, koning Imre, op die been te bring.

In 1198, he [András] conquered the provinces of Croatia, Slavonia, Dalmatia, Bosnia and Serbia and organized them into a principality. His supporters began plotting in an attempt to secure for him the crown of Hungary. But the King dealt with the plotters in good time; Bishop Boleszló of Vác who handled the rebels' correspondence and funds, was dragged from the altar of his cathedral and sent into captivity.

(Pamlényi 1973:54-55)

Koning Imre het sy broer András se leërs in 1199 uitmekaargejaag en die pous het biskop Boleszló uit sy amp onthef. In ruil vir die pous se hulp het Imre hom in 'n veldtog teen die Bogomilketters van die Balkan bygestaan en belowe om 'n kruistog na die Heilige Land te onderneem. Maar terwyl hy in 1202 namens die pous op 'n ekspedisie in Bosnië was, het Franse kruisvaarders die stad Zara in Dalmasië, en in 1204 ook Bisantium, verower en die Ryk van Konstantinopel daar gestig. Hierdie gebeure, asook 'n tweede aanslag van András, het Imre verhoed om sy voorgenome kruistog te onderneem. Hy het sy broer in 1203 gevange geneem, maar is kort daarna oorlede. András het hom toe as koning opgevolg (vgl Pamlényi 1973:55).

András II se desperate pogings om die ineenstorting van die kasteelstelsel met hoër belastings en ander drastiese maatreëls te probeer voorkom, het daartoe gelei dat 'n groep ontevrede adellikes van die laer stande hom in 1222 verplig het om 'n dekreet uit te vaardig wat op grond van die goue koninklike seël wat daarop aangebring was, as die Goue Bul bekend gestaan het: "It guaranteed on the one hand their rights against himself and his barons (i.e., great magnates), and on the other their established prerogatives (which it further enlarged) against immigrants, non-Christians, traders, and the serfs who formed the mass of the people" (Ignotus 1972:25).

The *Golden Bull* furthered the barons' effort to curtail the powers of the king and Church. It extended the powers of the Count Palatine and accorded the *nobles* (i.e. the barons) the right of armed resistance, should the king break his pledges. The edict banned the collection of tithes in cash and set a ceiling on the amount of money the Church could make through its salt monopoly.

(Pamlényi 1972:57)

Die kerklike leiding was uiteraard nie gediend met hierdie bepalings nie en het deur die bemiddeling van die pous daarin geslaag om die Goue Bul te

laat wysig sodat alle bepalings wat die kerk benadeel het, daaruit verwyder is. Die versetbepaling is vervang met 'n klousule wat die kerk in die persoon van die aartsbiskop van Esztergom die mag gegee het om die koning te ekskommuniseer indien hy enige bepalings van die ooreenkoms sou verbreek. András is inderdaad in 1232 deur aartsbiskop Robert geëkskommuniseer omdat hy Moslemse en Joodse geldskieters in diens geneem het en die kerk se soutmonopolie ingeperk het (vgl Pamlényi 1972:58). Die kerklike leiding het dus, onder die beskerming van die pous, daarin geslaag om sy mag te behou.

András is in 1235 deur sy seun Béla IV opgevolg. Béla IV het alles in sy vermoë gedoen om sy koninklike gesag herstel te kry en in hierdie proses in groot onguns by die baronne van die land verval toe hy onder andere beslag gelê het op die voormalige koninklike kastele en kroonlande. Die gevolg hiervan was dat die koning die lojaliteit en ondersteuning van die adelstand verloor het. Dit het Hongarye kort daarna baie duur te staan gekom toe die Mongole Europa vanuit die ooste begin binneval het. Die krisis het reeds in 1237 begin toe die Mongole die Kumane, wat in die gebied tussen die Dnjeper- en Dnjesterrivier gewoon het, aangeval het. Koning Kötöny van die Kumane en 'n groep van sy onderdane het weswaarts gevlug en Béla IV om toestemming gevra om Hongarye binne te kom. Béla IV het 'n distrik in die omgewing tussen die Donau- en Tiszariviere tot hulle beskikking gestel in die hoop dat hulle hom in sy stryd teen die baronne sou bystaan. Die Kumaanse veewagters het egter in konflik met die boere van die omliggende plase gekom omdat hulle vee die landerye vertrap het. Dit het gelei tot hulle aandrang dat die Kumane uit die land gesit moet word, maar Béla IV wou nie daaraan toegee nie aangesien hy hulle as buffer teen die Mongole wou gebruik. Die baronne het egter daarin geslaag om koning Kötöny te laat vermoor en die Kumane het op die vlug geslaan. Toe die Mongole Hongarye in die lente van 1241 binnegeval het, het hulle gevolglik min weerstand gekry. Slegs 'n paar baronne het die koning bygestaan in sy stryd (vgl Pamlényi 1973:59).

Die Mongole het Hongarye onder leiding van Batu Khan op drie fronte aangeval. Béla IV se pogings om hulle te stuit was vrugteloos en hy is

gedwing om tot aan die Dalmatiese kus te vlug en skuiling te gaan soek op die eiland Trau. Nadat die hele Hongarye platgeloop is, het die Mongole in die somer van 1242 uit die land onttrek. Die Hongare was egter verpletter. Groot lewensverliese is gely en groot skade is in die land aangerig. Die Mongoolse inval het die kasteelstelsel 'n gevoelige slag toegedien en die onvermydelike ondergang daarvan tot gevolg gehad. In hierdie droewige omstandighede het Béla IV nie 'n ander keuse gehad nie as om homself te versoen met die verdeling van sy eiendom en mag met die groot grondmagnate van Hongarye.

By sy terugkoms het Béla IV die taak gehad om 'n vernietigde land weer op te bou. "He proved efficient in restoring, improving and repopulating; which meant a huge influx of foreign settlers, Italian, German, Russian, Polish as well as Coman" (Ignotus 1972:26). Die baronne het Béla IV se heropbouprogram heelhartig ondersteun en self ook baie inisiatiewe aan die dag gelê. Teen die middel van die dertiende eeu het hulle begin om kloosters op hulle eie landgoedere op te rig - projekte wat voorheen slegs deur die monargie en kerk onderneem is. Die monargie het in dieselfde tyd die leiding geneem op die gebied van die argitektuur en met die hulp van Franse argitekte pragtige bouwerke tot stand gebring, waarvan die koninklike paleis en majestueuse katedraal van Esztergom seker die beste voorbeelde is.

Béla IV het sy koninklike setel, Esztergom, aan die einde van die dertiende eeu aan die aartsbiskop oorgedra en hom op die kasteelheuvel in Buda gaan vestig. Sy teenwoordigheid en invloed het grootliks daartoe bygedra dat die stad, wat deur die Mongole verwoes is, weer opgebou is. Béla IV het ook die oprigting van dorpe rondom die kastele aangemoedig maar terselfdertyd die Kumane uitgenooi om hulleself weer in 'n gebied tussen die Donau- en Tiszarivier te kom vestig om die grondbaronne se mag in te perk. Sy seun, István, het selfs met die dogter van die Kumaanse leier getrou om meer permanensie aan die verhouding te verleen (vgl Pamlényi 1973:60-66).

'n Vete tussen Béla IV en sy seun István het egter twee dekades later anargie veroorsaak. Die plattelandse leiersklas het in twee geskeur as gevolg van 'n poging van die grondmagnate om die beheer van die land oor te neem. Die pous het hulp aangebied, maar Béla IV het dit van die hand gewys

en hom meegedeel dat hy hom nie nodig het om sy gesag te handhaaf nie. Béla IV het daarin geslaag om aan bewind te bly, maar toe hy in 1270 sterf, het die pous homself openlik aan die kant van die anargiste geskaar.

Tydens die kort regeringstyd van István V het sommige baronne daarin geslaag om van die kroon af te skei en hulle onder die heerskappy van vreemde heersers laat plaas om hulle posisie teen die koning te verstewig. Baron Kőszegi het koning Ottokar II van Bohemië selfs 'n aantal kastele aangebied in ruil vir sy ondersteuning van 'n opstand teen die koning, maar die Boheemse leër is deur István V se leërs verslaan. Kőszegi het egter daarin geslaag om István V se seun, László, met die hulp van 'n vertroueling van die koningin te ontvoer. István V is tydens 'n opvolgoperasie skielik oorlede en die mag het toe in die hande van die koningin gekom (vgl Pamlényi 1973:67).

Nadat László IV die troon bestyg het, het hy die koninklike mag en aansien probeer herstel en die Kumane om hulp genader in sy stryd teen die baronne. Onder die leiding van Ladamér, die aartsbiskop van Esztergom, wat die koning se bondgenootskap met die Kumane as 'n ernstige bedreiging vir die kerk gesien het, het die baronne toe die pous se hulp ingeroep. Die koning is toe gedwing om 'n wet uit te vaardig wat die kerstening van die Kumane gereël het. Toe die koning egter weier om die wet toe te pas, is hy geëkskommuniseer. Hy het sy gesag toe aan die Kumane oorgedra, tussen hulle gaan woon, sy vrou weggejaag en tydens 'n heidense ritueel met 'n Kumaan, Edua, getrou. In 1285 het hy die hulp van die Mongole ingeroep en weer aan bewind gekom. Hy het sy eerste vrou in 'n klooster laat sit en Edua as wettige koningin verklaar. Ladamér het toe 'n kruistog teen hom aangekondig, maar László IV is deur Kumaanse sluipmoordenaars om die lewe gebring voordat die kruistog kon realiseer (vgl Pamlényi 1973:68).

László IV het kinderloos gesterf en die baronne het András, die kleinseun van András II, in 1290 aangewys om hom as koning op te volg. Hy was egter ook nie bestand teen die opkomende feodale anargiste nie. Die land is gedurende sy regeringstyd in onafhanklike streke onder heerskappy van baronne opgedeel. Laasgenoemde het hulle magte gruwelik misbruik en geen respek vir koninklike of kerklike eiendom geopenbaar nie. Hulle het landgoedere na willekeur beset en hulle familielede en ondersteuners in

vakante kerklike poste aangestel. Die kerk se protes het niks gehelp nie en uiteindelik daartoe gelei dat die pous Hongarye tot pouslike leenstaat verklaar het onder die Neapolitaanse prins Károly van die Anjou-dinastie. Károly, wat aan die Hongaarse koninklike familie verwant was, het gou ondersteuners onder die baronne gevind. Die adelstand het intussen sterk op die voorgrond begin tree en 'n bondgenootskap teen die baronne met András III aangegaan. Hierdie bondgenootskap was egter te swak om die magte van die feodale anargiste te tem, en toe András III in 1301 oorlede is, het dit doodgeloop. Met die dood van András III het die Árpád-dinastie tot 'n einde gekom.

Vencel László, 'n afstammeling van Árpád aan moederskant, is ná die dood van András III deur 'n groep baronne as koning uitgeroep. Hy kon egter nie sy magte konsolideer nie en het die kroon aan 'n familielid, prins Otto van Beiere, oorhandig. Otto is egter deur 'n aantal Transsilvaniese magnate, wat ondersteuners van Károly was, gevange geneem en verplig om van die troon afstand te doen. Hulle het Károly toe in 1308 as koning uitgeroep (vgl Pamlényi 1973:72).

Koning Károly het gedurende sy regeringstyd van 34 jaar daarin geslaag om groter stabiliteit in Hongarye te vestig. Hy het 'n groot mate van onafhanklikheid aan die feodale streke toegeken en die grondbaronne en kleinadel baie vryhede gegun. Hierdie maatreëls, asook die ontdekking van goud, het tot groot voorspoed gelei. Myndorpe het oral ontstaan en buitelandse handelaars het die land binnegestroom, veral uit Duitsland en Italië. Alle belangegroepes het hierby gebaat en Károly se belastingbasis is aansienlik uitgebrei. Wat sy buitelandse beleid betref, was Károly meer gematig. Aangesien die ekonomiese heropbou van die land sy eerste prioriteit was, het hy homself nie onnodig in oorloë begewe nie. Hy het bondgenootskappe met Pole, Beiere en Bohemië gesluit teen die opkomende Habsburgse ryk, daarin geslaag om goeie betrekkinge met sy westelike en noordelike bure te handhaaf en Venisië as bondgenoot behou deur die huwelik van sy jongste seun, András, met Johanna, die kleindogter van koning Robert van Napels. Sy oudste seun, Lajos, het die kroon in 1342 geërf (vgl Pamlényi 1973: 75-76).

Under the rule of Louis I [Lajos], the Great (1342-82), of the Naples house of Anjou, Hungary grew into a world power. Louis's realm at its zenith extended from the Atlantic shores to the Black Sea and the Mediterranean, from Poland to Romania and Naples. Or should one rather say that the Apostolic Kingdom of Hungary was just one province in the multitude of Louis's provinces? A matter of definition. The Anjou dynasty had, no doubt, more to do with France and Italy than with Hungary; but the permanent centre of Louis's realm was nevertheless Buda, the Hungarian capital.

(Ignotus 1972:27)

Hongarye se posisie as streeksmoondheid is na die dood van Lajos deur 'n aantal tragiese gebeure bepaal. Sy jonger broer, András, is in 1345 met die medewerking van sy eie vrou, met wie hy die koningskap sou deel indien Lajos kinderloos te sterwe sou kom, vermoor. Lajos het egter wel dogters gehad en sy oudste dogter, Mária, moes hom dus opvolg. Die adelstand was egter nie hiermee gediend nie en hulle ontevredenheid het aanleiding gegee tot 'n burgeroorlog, waarin onder andere Károly II, 'n kleinneef van Lajos I, wat in 1385 deur die adellike Horváti-familie as koning gekroon is, omgekom het. Twee jaar later is Mária se man, Zsigmond (Sigismund) van Luxemburg, 'n jonger seun van Károly IV en koning van Bohemië, as koning van Hongarye gekroon (vgl Pamlényi 1973:78).

Zsigmond se lang en suksesvolle regeringstyd het 'n periode van vrede en voorspoed vir Hongarye beteken. Groot vooruitgang is onder andere gemaak op die gebiede van die landbou, mynbou, handel, kuns en onderwys. Zsigmond is ook in 1410 as keiser van die Romeinse Ryk gekroon en het daarin geslaag om die ryk te verenig. Hy het, in teenstelling met die meeste ander Anjou-konings, sy setel na Buda verskuif en dit as hoofstad van die land verklaar (vgl Pamlényi 1973:79-92).

Na Zsigmond se dood in 1437 is sy skoonseun Albert van Habsburg, keiser van die Romeinse Ryk, deur die baronne as koning erken. Hy is egter

na slegs twee jaar in die tuig oorlede en dit het 'n groot stryd tussen 'n faksie van die baronne en die aristokrasie laat ontstaan oor sy opvolger. Eersgenoemdes het Erzsébet, Albert se weduwee, en sy seun László se aanspraak op die troon ondersteun, terwyl laasgenoemdes Albert se vroeë dood as 'n geleentheid gesien het om van die Habsburgers ontslae te raak en koning Ulászló (Wladislaw III) van Pole as koning aangewys het. Hierdie stryd het op 'n oorlog uitgeloop wat deur die ondersteuners van Ulászló gewen is, maar die ondersteuners van László het hom nie as koning aanvaar nie. Trouens, hulle het 'n deel van die land onder die beskerming van László se voog, keiser Frederik III, geplaas (vgl Pamlényi 1973:95-96).

Ulászló se posisie is baie versterk deur die militêre suksesse van János Hunyadi, 'n nasaat van 'n prominente Transsilvanies-Roemeense adellike familie wat deur sy tydgenote as die biologiese seun van Zsigmond beskou is. Hunyadi het aan die hof van Zsigmond grootgeword en is dáár as militaris opgelei. Ulászló het hom ryklik beloon vir sy suksesvolle veldtogte teen die Turke en hy het spoedig die mees welvarende baron in Hongarye geword. Sy eerste oorwinning oor die Turke was toe hulle Transsilvanië in 1442 binnegeval het. Tydens 'n tweede aanval op Transsilvanië in dieselfde jaar, het hy 'n leër van honderduisend Turke in 'n verrassingsaanval met slegs vyftienduisend man verslaan. Hierdie oorwinning het hom in die hele Europa bekend gemaak en soveel selfvertroue gegee dat hy die Turke op hulle eie grondgebied begin aanval het. Dit het egter tot 'n reeks nederlae gelei, onder andere dié te Varna in 1444 waartydens Ulászló gesneuwel het.

Albert van Habsburg se seun, László, is gevolglik in 1445 tot koning van Hongarye verklaar. Koning László V het Hunyadi in 1446 as opperbevelhebber van die leër aangestel en hy het daarin geslaag om 'n Turkse leër van honderdduisend man in 1456 met 'n klein minderheid af te weer toe hulle Nándorfehérvár, die huidige Belgrado, aangeval het. Die Turke sou vir die volgende sewentig jaar nie weer die Hongaarse bodem betree nie. Hunyadi is egter kort daarna as gevolg van siekte oorlede (vgl Pamlényi 1973:99).

Baron Ulrik Cillei en 'n aantal baronne wat die Hunyadi's nie goed gesind was nie, het onmiddellik 'n poging aangewend om van Hunyadi se

seuns, László en Mátyás, ontslae te raak om te voorkom dat een van hulle hulle vader sou opvolg. Cillei is egter in 1457 deur lede van die Hunyadi Party vermoor. László Hunyadi is toe op grond van beweerde medepligtigheid aan die moord tereggestel, waarna sy ma, Erzsébet, en haar broer, Mihály Szilágyi, 'n gewapende opstand teen die koning van stapel gestuur het. László V het toe met Mátyás as gyselaar na Praag gevlug. Die koning is egter onverwags in Praag oorlede en dit het die weg gebaan vir die benoeming van 'n nuwe koning. Mátyás, wat tydens sy gevangenskap in Praag op vyftienjarige ouderdom verloof geraak het aan Katalin, die dogter van die goewerneur en toekomstige koning van Bohemië, Podjebrád, en op grond daarvan sy vryheid teruggekry het, is toe in 1458 as koning van Hongarye aangewys en sy oom, Mihály, is as goewerneur benoem (vgl Pamlényi 1973:100).

Mátyás Hunyadi of Mátyás Corvinus (na aanleiding van die kraai op sy wapen) was 'n geleerde en gekultiveerde man. Hongarye het gedurende sy regeringstyd groot welvaart beleef. Die ekonomie het floreer en Hongarye het in daardie tyd oor een van die sterkste leërs in Europa beskik. Dit het Mátyás in staat gestel om Morawië, Silesië en groot dele van Oostenryk, onder andere Wenen, te verower. Sy pragtige paleise in Buda en Visegrád het van die grootste kultuursentra in Europa geword. "The Italian historians and Hungarian men of letters under his patronage wrote in Latin; and the *Corvina* books produced for his library were among the finest specimens of Renaissance craftsmanship. Under the most national of Hungarian kings, Hungary became utterly cosmopolitan" (Ignotus 1972:30). As gevolg van sy ambisie om keiser van die Romeinse Ryk te word, was Mátyás egter minder geïnteresseerd in die beskerming van Europa teen die Turke as in die uitbreiding van sy mag na die weste. Interne weerstand teen sy outokratiese regeerstyl en sy inperking van die magte van die baronne en kleinadel, het geleidelik tot verset gelei en Mátyás is aan die einde van sy regeringstyd deur hierdie groepe as weinig minder as 'n tiran beskou. Verskeie interne en eksterne pogings is aangewend om van hom ontslae te raak, maar sonder sukses. Ten spyte van die feit dat hy sy koninklike setel na Wenen verskuif het, kon hy nie daarin slaag om keiser te word nie. In 1490 is hy onverwags in Wenen oorlede nadat hy sy seun János as opvolger aangewys het.

Aan die einde van die Middeleeuse het Hongarye, net soos die meeste ander lande in Europa, begin wegbeweeg van die feodale stelsel in die rigting van 'n kapitalistiese sisteem. Die opkoms van die Renaissance het hierin 'n enorme rol gespeel. Die kerk was nie meer die enigste instansie wat mense se beskouings bepalend beïnvloed het nie; filosowe, skrywers, kunstenaars, natuurwetenskaplikes en andere het hulle eie reëls begin maak.

2.1.1.6 Die Boere-opstand en Turkse besetting in die sestiende eeu

János, seun van koning Mátyás, het nooit die troon bestyg nie aangesien hy deur die Hongaarse Ryksdag, bestaande uit verteenwoordigers van die grondbaronne, as te jonk beskou is. Hulle het Ulászló II, koning van Bohemië, toe as koning aangewys. János het as troosprys koning van Bosnië geword en beheer oor die suidelike provinsies ontvang. Hy het in 1504 tydens 'n veldslag teen die Turke gesneuwel.

Mátyás Hunyadi se regeerstyl het veroorsaak dat Ulászló II se magte aansienlik ingeperk is. Hiernaas het sy voorganger se desentralisasie van veral administratiewe magte aan die grondbaronne en hoë kerklike ampsdraers, tot talle wanpraktyke aanleiding gegee. Tamás Bakócz, aartsbiskop van Esztergom, het homself byvoorbeeld só verryk met belastings wat vir die monargie bestem was, dat die prag en praal van sy paleis dié van die koning oortref het. Ulászló II het die koningshuis se uitgawes ter wille van oorlewing met belastings uit Bohemië befonds en gelate toegekyk hoedat die monargie by die dag verarm. Pogings van die adellikes en baronne om hom te onttroon het hom uiteindelik gedwing om by die Habsburgers hulp te gaan soek. In ruil hiervoor moes hy aansienlike minerale regte aan die Habsburgers toeken. Die baronne en adellikes het in hulle strewe na rykdom intussen ook begin om die boere só met hoë belastings te verarm dat dit gelei het tot die grootste boere-opstand in die geskiedenis van Hongarye (vgl Pamlényi 1973:116).

In 1514 a Crusade army was recruited among the serfs; subsequently, as the landowners resented their serfs' prolonged absence from the fields, it was ordered to demobilize. The soldiers resisted this order, first by robbing the

estates and then in open revolt under the leadership of a petty-nobleman, György Dózsa. The rising was defeated, and bloody retribution followed: 70,000 peasants were killed; Dózsa was burnt alive on a white-hot throne as *the king of the peasants*, and his followers were compelled to pick the flesh from his bones and eat it.

(Ignotus 1972:31)

Ulászló II se versoek om hulp het in 1515 gelei tot 'n dubbele huweliks-ooreenkoms met die Habsburgers, waarvolgens Ferdinand, Aartshertog van Oostenryk, met Anna, die dogter van Ulászló II, en Lajos, die seun van Ulászló II, met Ferdinand se suster, Maria, in die huwelik sou tree. Hierdie ooreenkoms is aangegaan op die vooraand van die Turkse inval en het 'n groot mate van permanensie verleen aan Hongarye se bande met die Habsburgers.

Lajos het kragtens die ooreenkoms van 1515 'n jaar later koning van Hongarye geword. Karel van Habsburg, wat in 1519 tot keiser van die Romeinse Ryk verkies is, kon vanweë verpligtinge in die weste egter nie 'n groot leër stuur om Hongarye by te staan toe die Turke met hulle aanslag teen Hongarye begin het nie, en Hongarye moes die stad Nándorfehérvár in 1521 aan die Turke afstaan. 'n Hulpkreet tot die Duitse Ryksdag het ook op dowe ore geval en Hongarye se weerbaarheid is verder verswak deur 'n groot mynwerkersopstand aan die begin van 1526 (vgl Pamlényi 1973:118).

Die bogenoemde gebeure het netjies ingepas by sultan Suleiman II se planne om met sy groot offensief teen Hongarye te begin en hy het Hongarye kort daarna vanuit die suide binnegeval. Die Hongaarse leërs het in Augustus 1526 te Mohács, 'n dorp aan die Donaurivier en toegangspoort tot die Transdonause provinsie en die Hongaarse Laagvlakte, 'n verpletterende neerlaag teen die Turke gely. Koning Lajos II het tydens hierdie slag sy lewe verloor. Hierdie neerlaag word vandag nog deur die Hongare as een van die grootste rampe in hulle geskiedenis beskou (vgl Bucsay 1985:19).

Suleiman het tot in Buda opgeruk maar sy troepe kort daarna uit

Hongarye onttrek omdat hy verneem het dat 'n groot Hongaarse leër onder leiding van baron János Szápolyai, een van die rykste en magtigste baronne van die land, op pad was om hulle aan te val. Die dood van koning Lajos het ruimte geskep vir Szápolyai om beheer van Hongarye oor te neem, maar die Habsburgers was net so gretig om hulle heerskappy in Sentraal-Europa te vestig. Szápolyai is toe deur sy volgelinge, wat hoofsaaklik uit die adelstand bestaan het, tot koning gekroon, terwyl die Habsburgers Ferdinand I, die jonger broer van keiser Karel V, tot koning verklaar het. Koning Ferdinand het Szápolyai kort daarna aangeval en gedwing om na Pole, waar sy swaer koning was, uit te wyk. Daar het 'n Poolse aristokraat, Jeromost Laski, hom aangeraai om homself vrywillig onder die beskerming van die sultan te laat plaas. Suleiman het hierdie aanbod aanvaar en Szápolyai het onder sy beskerming na Hongarye teruggekeer en sy heerskappy in Buda en Transsilvanië, in die ooste van die land, gevestig. Koning Ferdinand het egter die noordelike en westelike provinsies van Hongarye vir die Habsburgers behou, terwyl die Turke die suidelike provinsies onder hulle beheer gehad het.

Toe Szápolyai in 1540 oorlede is, het sy ondersteuners sy babaseun, János Zsigmond, tot koning verklaar. Suleiman het Buda egter 'n jaar later beset en János het slegs in beheer van die oostelike deel van Hongarye, ongeveer 50% van die land, gebly. Hierdie verdeling van Hongarye in drie afsonderlike dele, het vir 150 jaar voortgeduur. 'n Vertroueling van Szápolyai, biskop György Martinuzzi, wat hom oor János en sy ma, Izabella, ontferm het, het die oostelike koninkryk met die oog op die moontlike hereniging van Hongarye toe aan koning Ferdinand aangebied. Laasgenoemde het die aanbod aanvaar en Transsilvanië in 1551 onder Habsburgse beheer geplaas. Hy is egter in 1556 deur die Turke verdryf en Suleiman het Izabella en János weer aan bewind geplaas en die Szápolyai-dinastie in ere herstel.

Toe Izabella in 1559 oorlede is, was haar jong seun János nog nie in staat om die regering van Transsilvanië by haar oor te neem nie. Die bestuur van die koninkryk is toe oorgeneem deur István Báthory, 'n magtige aristokraat van die Tiszastreek. In die belang van vrede en met die oog op die inperking van Turkse en Habsburgse ekspansionisme het hy koning János en Ferdinand I oorreed om hulleself te versoen met die verdeling van die

land. In 1568 het hy na baie moeite daarin geslaag om Selim II, die opvolger van Suleiman, en Maximilian II, die opvolger van Ferdinand I, 'n ooreenkoms te laat sluit waarkragtens die verdeling amptelik aanvaar is. In 1570 is 'n tweede ooreenkoms aangegaan waarkragtens János van die troon van Transsilvanië afstand gedoen het en as prins oor die prinsdom van Transsilvanië, 'n vasalstaat van die Turke, aangebly het. Die noordwestelike deel van Hongarye het hierna as die Koninkryk van Hongarye deel van die Habsburgse ryk geword. Na die dood van prins János in 1571, het István Báthory prins van Transsilvanië geword (vgl Pamlényi 1973:129). Laasgenoemde het Transsilvanië met groot onderskeiding regeer en uitgebou tot 'n welvarende prinsdom. Toe hy die vakante Poolse troon in 1575 vir homself ingepalm het, het hy sy broer Kristóf as goewerneur oor Transsilvanië aangestel en na Krakau verhuis waar hy homself toegespits het op sy ideaal naamlik die vestiging van 'n Oos-Europese ryk. Hierdie ideaal het as gevolg van sy vroeë dood in 1586, nooit gerealiseer nie - ook nie sy hoop dat hy Hongarye met Poolse hulp weer sou kon verenig nie. Sy neef, Zsigmond, het hom opgevolg. Keiser Rudolf het intussen in 1576 by Maximilian II die beheer van die Habsburgse ryk oorgeneem.

Hernude aanvalle deur die Turke het daartoe gelei dat die Habsburgers hulleself in 1591 weer in 'n oorlog met die Turke begewe het. Transsilvanië en twee Roemeense prinsdomme het die Habsburgers bygestaan. Hierdie suksesvolle samewerking, maar ook die ongewilde onwilligheid van Zsigmond Báthory om teen die Turke te veg, het daartoe gelei dat Zsigmond Báthory Transsilvanië aan koning Rudolf van Habsburg oorhandig het. István Bocskai, voormalige raadgewer van Báthory, was egter nie bereid om Habsburgse oorheersing te aanvaar nie. Met die hulp van die Turke het hy die Habsburgers toe die stryd aangesê en uit talle stede verdryf. Onderhandelings wat op hierdie stryd gevolg het, het in 1606 uitgeloop op die Vredesverdrag van Wenen waarkragtens die onafhanklikheid van Transsilvanië weer deur die Habsburgers erken is. Bocskai is daarna deur die adelstand tot prins van Transsilvanië gekies met die instemming van die sultan (vgl Pamlényi 1973:147).

Die langdurige oorloë sedert die eerste Turkse invalle en besettings

het Hongarye nie net verdeel nie, maar ook veroorsaak dat die land aan die einde van die sestiende eeu ekonomies, kultureel en maatskaplik verwoes was. Groot getalle Hongare is deur Moslemse slawehandelaars weggevoer en duisende het uit die land gevlug om die Turkse onderdrukking en burgeroorloë vry te spring:

Under King Matthias, two hundred years before, the population of Hungary had been estimated at four million and a half: there were no more than two million and a half when the Turks left. The change in the ethnic, or linguistic, pattern of the population was no less remarkable ... Before the Turkish invasion, the majority of the people (85 per cent, according to some sources) had been Hungarian, Magyar, by mother-tongue; as other nationalities moved in, the proportion of Magyars sank to 45 per cent or less.

(Ignotus 1972:34)

2.1.1.7 Die stryd teen die Habsburgers in die sewentiende eeu

Ná Bocskai se dood in 1608 het Mátyás II hom opgevolg en in 1613 het Gábor Bethlen prins van Transsilvanië geword. Bethlen het by drie geleenthede, in 1621, 1624 en 1626, sy leërs teen die Habsburgers uitgestuur en elke keer as oorwinnaar uit die stryd getree. In die vredesluiting wat hierop gevolg het, is die Vredesverdrag van Wenen bekragtig (vgl Révész 1956:56). Na Bethlen se dood het prins György Rákóczi I, ná 'n oorwinning oor die Habsburgers in 1645, die Vredesverdrag van Linz onderteken. Hierdie verdrag het al die onduidelikhede van die Vredesverdrag van Wenen uitgeskakel en in 1647 het die Nasionale Vergadering van Hongarye al die klousules van die Vredesverdrag van Linz aanvaar. Die Habsburgers het egter talle klousules geïgnoreer en die arbeidersklas was nie veel beter daaraan toe as voorheen nie. Rákóczi I is deur sy seun György Rákóczi II opgevolg. Hy was nie van dieselfde statur as sy vader nie en die dinastie het sy prestige verloor (vgl Révész 1956:58).

Teen die middel van die sewentiende eeu het daar 'n sterk oplewing van nasionalisme onder die Hongaarse aristokrasie begin ontwikkel onder die leiding van Miklós Zrínyi, die onderkoning van Kroasië. Hy was 'n groot voorstander van politieke eenwording tussen die hoofsaaklik Roomse aristokrasie van die koninkryk van Hongarye en die oorwegend Protestantse adelstand van die prinsdom van Transsilvanië. Hy het hom in die besonder daarvoor beywer om György Rákóczi II van Transsilvanië as koning van Hongarye verkies te kry toe Ferdinand III van Habsburg oorlede is, maar die Hongaarse aristokrasie was nog nie gereed om bande met die Habsburgers te verbreek nie. Leopold I van Habsburg is toe as koning gekroon (vgl Pamlényi 1973:163-164). Rákóczi II het tydens 'n vrugtelose veldslag in Pole in 1660 sy lewe verloor. Met die bystand van die Turke het Mihály Apafy toe die verswakte troon bestyg (vgl Bucsay 1977:174).

Toenemende aggressie van die Turke in Transsilvanië het daartoe gelei dat Zrínyi vir Leopold I in 1661 om hulp genader het. Leopold het 'n leër onder leiding van generaal Montecuccoli na Transsilvanië gestuur, maar omdat hy nie op die omstandighede in Hongarye voorberei was nie, het sy soldate gou moed opgegee en die land begin plunder van dit wat deur die Turke agtergelaat is. Uit weerwraak het die Turke toe oorlog verklaar teen die Habsburgers, maar in 1664 is daar in Vasvár vrede gesluit. Zrínyi, wat die Habsburgers in hulle oorlog teen die Turke bygestaan het, is kort daarna tydens 'n jagekspedisie deur 'n bosvark gedood (vgl Pamlényi 1973:165).

Spanning tussen die Habsburgers en koning Louis XIV van Frankryk was intussen aan die oplaai en die Hongaarse leierskorps het hierdie spanning benut in hulle stryd teen die absolutisme van die Habsburgers. 'n Komplot teen die Habsburgers, onder leiding van Ferenc Wesselényi, en ná sy dood onder Péter Zrínyi, die broer van Miklós Zrínyi, het egter aan die lig gekom, en die samesweerders wat nie betyds kon vlug nie, is met die dood gestraf. Die keiserlike leërs het Hongarye binnegeval en die Hongaarse koninkryk het sy politieke outonomieit verloor. Hierdie gebeure het daartoe gelei dat die Hongaarse leierskorps die steun van die onderdrukte massa verkry het. Talle beperkings op die gewone burgers, wat op daardie tydstip niks meer as slawe van die adellikes was nie, is opgehef. Sommige boere is

tot die adelstand bevorder en dit het die weg gebaan vir 'n opstand van die ganse Hongaarse volk teen die Habsburgers (vgl Pamlényi 1973:166).

Die bogenoemde verwickelinge het gelei tot die totstandkoming van die *kuruc*-leër onder die leiding van 'n aantal adellikes wat tydens die inval van die Habsburgers na Transsilvanië gevlug het:

The origin of the word *kuruc* goes back to the crusades against the Turks, deriving from the Latin *cruciatus*. During Dózsa's peasant uprising (in 1514), the name became associated with the anti-feudal peasant wars, and was used in that sense throughout the second half of the seventeenth century.

(Pamlényi 1973:167)

Die *kuruc*-leërs is met die hulp van Louis XIV deeglik opgelei en het die Habsburgers toe die stryd aangesê. Onder leiding van Imre Thököly het hulle talle veldslae teen die Habsburgers gewen en daarin geslaag om die noord-oostelike deel van die land te beset. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Habsburgers in 1681 besluit het om die koninkryk van Hongarye weer te herstel.

Die Turkse opmars teen Wenen in 1683 het gelei tot die geleidelike beëindiging van die Turke se heerskappy van bykans 150 jaar in die suidelike en sentrale dele van Hongarye. 'n Internasionale leër van die Habsburgers het die Turke die stryd aangesê, in 1686 uit Buda verdryf en na talle suksesvolle veldslae, tot oorgawe gedwing. Die sultan het sy seggenskap oor Hongarye tydens die Vredesverdrag van Karlowitz in 1699 opgesê en Hongarye het 'n Habsburgse provinsie geword (vgl Pamlényi 1973:168-170).

2.1.1.8 Die vervolging van die Protestante in die agtiende eeu

Die voortslepende militêre stryd van die Hongare was nie hulle enigste stryd nie; hulle sou ook ly onder 'n geweldige geloofstryd. Roomse vervolgings teen die Protestante het kort na die herwinning van die Hongaarse grondgebied in

die suide van Hongarye hervat. Die ontevredenheid van die Protestante was so groot dat dit gelei het tot die *kuruc*-oorlog van Ferenc Rákóczi II van Transsilvanië. Toe Leopold I in 1705 sterf het sy opvolger, Joseph I, gepoog om die oorlog te beëindig deur godsdiensvryheid aan almal te belowe, maar sy beloftes is nie ernstig opgeneem nie en die oorlog het voortgegaan. Dit was eers in 1711, pas nadat die koning belowe het om die vroeëre ooreenkomste te eerbiedig, en kort voor sy dood, dat die oorlog gestaak is. Koning Karel III, wat Joseph I in 1712 opgevolg het, het onderneem om hierdie ooreenkoms te handhaaf, maar hy het nie aan sy woord getrou gebly nie en vanaf 1714 weer aggressiewe vervolgings toegelaat. Groot dele van die platteland, wat as gevolg van die *kuruc*-oorlog en die oorloë teen die Turke onbewoon geraak het, is ook gedurende hierdie tyd geteister deur siektes en plae, met gevolglike hongersnood en ellende vir diegene wat agtergebly het.

Maria Teresia, wat Karel III in 1740 opgevolg het, het voortgegaan met die onderdrukking, maar toe haar seun, Joseph II, die troon in 1780 bestyg, het daar verligting gekom:

He was endowed by nature with an unrivalled zeal for hard work, and with great openness of mind: he claimed in addition to belong wholly to his own age, and held an exalted view of the responsibilities of his office.

(Hubert E 1909:626)

In Oktober 1781 vaardig hy sy *Edictum Tolerantiae* uit, om daarmee die ergste onderdrukking van die Protestante tot 'n einde te bring.

2.1.1.9 Die Oostenryks-Hongaarse monargie in die negentiende eeu

Aan die begin van die negentiende eeu het die nasionalistiese strewes oral in Europa toegeneem. Dit was ook die geval in die Habsburgse ryk, veral in Hongarye. Om die opkoms van die Hongaarse nasionalisme te stuit, het die Roomse Kerk propaganda begin maak vir die ideaal van een nasie met een geloof, een grondwet en een amptelike taal. Omdat die Rooms-katolieke

geloof in die Habsburgse ryk die oorheersende was, is dit toe tot nasionale geloof van Hongarye verklaar. Die vurige Hongaarse nasionalisme en ontevredenheid oor die voorskriftelikheid van die Habsburgers, het in 1844 egter daartoe gelei dat 'n aantal toegewings gemaak is (vgl Révész 1956:112).

Die uitbreek van die Hongaarse Vryheidsoorlog teen die Habsburgers op 15 Maart 1848 het die godsdienstvraagstuk effens op die agtergrond gedwing aangesien die onafhanklikheid van Hongarye nou die oorheersende ideaal was. Istvan Deak gee 'n volledige weergawe van hierdie gebeure in sy *The Lawful Revolution: Louis Kossuth and the Hungarians, 1814-1849*.

Die leier van die vryheidstryd was Lajos Kossuth, Luthers van geboorte en afkomstig uit die anti-Habsburgse noord-ooste van Hongarye. Kossuth, 'n uitstekende spreker en briljante skrywer, was 'n groot voorstander van die herstel van Hongarye se historiese regte. Hy was egter daarvan oortuig dat die verwerping van vryheid voorafgegaan moes word deur innerlike hervormings, onder andere die opheffing van die boerestand. Behalwe dat dit 'n goeie doel opsigself sou wees, sou dit die militêre magte wat sy nasionale ideaal kon dien, twintigvoudig vergroot. Dit moet egter gemeld word dat hy aanvanklik nie teen bande met Oostenryk gekant was nie, maar eerder teen die beperkings wat die Oostenrykers hulle opgelê het (vgl Macartney 1978:60).

Kossuth's chance came to him in an odd way. The favour of a patroness had enabled him to attend the Diet as proxy for an absentee magnate. This position did not give him a vote in the Diet's proceedings, but a friend commissioned him to produce a record of them. He used this to produce what was less a record, than a series of brilliant propagandist pleas for the cause of reform. Copied out by hand ... the reports circulated throughout Hungary, and were read avidly. Soon Kossuth's disciples numbered their thousands, and his was the most popular name in the country.

(Macartney 1978:60)

Talle interne struwelinge in die Habsburgse ryk het aan Kossuth, wat intussen lid van die Ryksdag geword het, die geleentheid gebied om op 14 April 1849 in 'n vergadering van die Ryksdag in die Groot Kerk van Debrecen voor te stel dat Hongarye eensydig sy onafhanklikheid van Oostenryk verklaar. Die Ryksdag het sy voorstel aanvaar en hom as waarnemende staatshoof aangewys totdat daar op 'n toekomstige vorm van regering ooreengekom kon word. Hierdie besluit het egter op 'n verskerpte aanslag van die Habsburgers uitgeloop en laasgenoemde het die Hongaarse magte met die hulp van Rusland verslaan. Kossuth en vierduisend van sy volgelinge het toe na Turkye gevlug. In die vergeldingstappe wat op die oorlog gevolg het, is 13 Hongaarse generaals op 6 Oktober van dieselfde jaar in die openbaar tereggestel en nog 231 offisiere die doodstraf opgelê (vgl Macartney 1978:123-124). Kossuth het later na onder andere Amerika en London uitgewyk om steun vir die Hongaarse saak te werf, maar behalwe vir groot simpatie, het hy nie enige noemenswaardige ondersteuning of hulp ontvang nie. Hy is op 20 Maart 1894 in ballingskap in Turyn oorlede (vgl Hoensch 1996:60).

Die Hervormde én Lutherse kerke het sedert 1848 gretig gewag op die nakoming van die Habsburgers se beloftes van godsdiensvryheid, maar iets hiervan sou eers in 1867 realiseer nadat 'n ooreenkoms, bekend as die *Ausgleich*, met die Habsburgers gesluit is. Die agtergrond van hierdie ooreenkoms was die verswakking van die Habsburgse ryk nadat dit in 1859 nederlae teen Frankryk en in 1866 teen Pruise gely het. Die Habsburgers het hulle prestige begin verloor en keiser Frans Josef het besef dat hy dit slegs met die hulp van Hongarye sou kon herwin. Sy onderhandelings met Hongarye het uitgeloop op 'n ooreenkoms waarkragtens die Hongaarse grondwet herstel is en 'n ministersraad ingestel is wat verantwoording aan die Hongaarse parlement moes doen:

The Compromise was a unique constitutional creation. The two independent states were not fully sovereign, as would be the case in a confederation nor was there a state above them, as would be the case in a federation. But they did share a common ruler and were joined together by more than

a personal union. Each half of the Monarchy was completely independent of the other, except for the army, a common ministry of foreign affairs, and the financing of these two activities. Each half had its own prime minister, responsible to Franz Joseph, as King of Hungary and Emperor of Austria.

(Mason 1988:6)

Op 8 Junie 1867 is Frans Josef, Keiser van Oostenryk, in Budapest as *Ferenc József*, Koning van Hongarye, gekroon. Dit was uiteraard nie maklik vir Oostenryk om Hongarye as gelyke vennoot te aanvaar nie, maar het wel daartoe bygedra dat die mag van die Habsburgers aansienlik versterk is.

Die *Ausgleich* het saamgeval met die industriële rewolusie en is gevolg deur groot ekonomiese groei. Talle industrieë is rondom Budapest gevestig en die stad het 'n moderne infrastruktuur gekry. Die landboubedryf is gemoderniseer en Hongarye het een van die grootste uitvoerlande in Europa geword. Die *Ausgleich* het in wese die territoriale integriteit van die historiese koninkryk herstel. Die bevolking het uit ongeveer vyftien miljoen mense bestaan waarvan slegs ongeveer 40% Hongare was. 9,8% was Duitsers, 9,4% Slowake, 14% Roemene, 14% Suid-Slawe en 2,3% Rutheners. Een van die eerste take van die regering was om 'n oplossing te vind vir die toekomstige posisie van hierdie nie-Hongaarse burgers:

But after initial contacts were established with the spokesmen of the non-Magyar nationalities and during the so-called *mini-Compromise* negotiations with the Croats, the Hungarian view that 'in accordance with the fundamental principles of the constitution, all Hungarian citizens [constitute] a nation in the political sense, the one and indivisible Hungarian nation, in which every citizen of the fatherland is a member who enjoys equal rights, regardless of the national group to which he belongs' (Law XLIV of 1868) proved to be an insuperable obstacle to any agreement which would do justice to the

needs and expectations of both parties. Right up to the Habsburg monarchy's dissolution the uncompromisingly defended fiction of a Magyar nation state on the western European model led to a denial of the political existence of the non-Magyar nationalities.

(Hoensch 1996:28)

Die Hongare het dus gedroom van 'n onverdeelde Hongaarse *nasiestaat* binne die grense van die historiese koninkryk. Die vanselfsprekende voorwaarde was dat dit 'n *Hongaarse* staat sou wees ten spyte van die feit dat die Hongare in die minderheid was. Die oormatige beklemtoning van hierdie nasionalistiese strewe het egter daartoe gelei dat die behoeftes van die nie-Hongare op die agtergrond gedwing en soms selfs heeltemal geïgnoreer is. Dit het tot groot weerstand onder die nie-Hongare gelei, wat weer daartoe aanleiding gegee dat die regering met 'n aktiewe verhongaarsingsprogram begin het. Hongaars is byvoorbeeld in alle skole as verpligte voertaal ingestel "since the view prevailed that complete linguistic assimilation would also lead to total political integration, i.e. allegiance to the Hungarian nation" (Hoensch 1996:30). Hierdie beleid het tot gevolg gehad dat duisende nie-Hongare met die Hongare geassimileer het. Die indrukwekkende feesvieringe in 1896, waartydens die duisendjarige bestaan van Hongarye herdenk is, het hierdie proses ook bevorder. Aan die ander kant het die onderdrukkende maatreëls teen die minderhede ook daartoe gelei dat meer as twee miljoen burgers, waarvan die meeste nie-Hongare was, die land tussen 1880 en 1913 verlaat het (vgl Hoensch 1996:31).

2.1.1.10 Die tragiese eerste dekades van die twintigste eeu

Verskeie gebeure tydens die eerste dekades van die twintigste eeu het die geskiedenis van Hongarye bepalend beïnvloed. Die tragiese afloop van die Eerste Wêreldoorlog, Kommunistiese Rewolusie, twee jaar se kommunistiese regering, 'n teenrewolusie en die vorming van 'n anti-kommunistiese regering, het die lewe van die Hongaarse volk in al sy fasette radikaal verander.

Die Eerste Wêreldoorlog het soos volg ontstaan: Frans Josef se seun en opvolger, Frans Ferdinand, wat ook kroonprins van Hongarye was, was in die somer van 1914 vir militêre oefeninge in Bosnië-Herzegowina, wat ses jaar vantevore deur die monargie geannekseer is. Hy en sy vrou Sophia is tydens 'n besoek aan Sarajevo op 28 Junie deur 'n Serwiese student, Gavrilo Princip, vermoor. Hierdie moord was die direkte oorsaak van die Eerste Wêreldoorlog. Oostenryk-Hongarye het 'n maand later oorlog teen Serwië verklaar en Rusland het twee dae later sy magte gemobiliseer. Duitsland het toe onmiddellik oorlog teen Rusland verklaar en twee dae later ook teen Frankryk. Op 4 Augustus 1914 het Engeland ook tot die stryd toegetree en teen Duitsland oorlog verklaar. Binne die bestek van 'n week was die grootste deel van Europa in oorloë gedompel. Die toetrede van talle ander lande het veroorsaak dat hierdie oorloë uiteindelik in 'n wêreldoorlog ontaard het wat meer as tien miljoen lewens geëis het. Bulgarye en Turkye het hulle aan die kant van die sentrale moondhede, Oostenryk-Hongarye en Duitsland geskaar. Italië, België, Roemenië, Japan en Amerika, het by die geallieerdes, Rusland, Frankryk en Engeland aangesluit (vgl Williamson 1991: 164-216).

Die oorlog het in Augustus 1914 feitlik gelyktydig op alle fronte losgebars. Oostenryk-Hongarye het Serwië binnegeval en Duitsland het Frankryk aangeval nadat hulle eers met België afgereken het. Die Duitsers se plan was om Frankryk vinnig plat te loop en daarna al hulle magte teen Rusland te mobiliseer, maar die gevegte in Frankryk het stadiger verloop as wat verwag is. Dit het tot gevolg gehad dat Oostenryk-Hongarye alleen gelaat is op die Russiese front. Ten spyte hiervan het die sentrale magte in 1914 en 1915 die meeste oorwinnings behaal. In 1916 het beide kante oorwinnings behaal en nederlae gely, en het die geallieerdes daarin geslaag om Roemenië, met beloftes van gebiedsuitbreiding ten koste van Hongarye, om te koop om oorlog teen die sentrale magte te verklaar (vgl Pamlényi 1973:405-418).

Op 21 November 1916 sterf Frans Josef nadat hy vir 68 jaar keiser van Oostenryk en koning van Hongarye was. Hy word opgevolg deur sy kleinneef Karel. Die oorlog het dus reeds twee jaar gewoed toe hy as Karel I keiser van Oostenryk en as Károly IV koning van Hongarye geword het (vgl Ignotus 1972:138).

Die ganse Europa het intussen onder die gevolge van die uitgerekte oorlog begin ly en groot lewensverliese, skaarste aan lewensmiddele en min hoop op vrede, het tot toenemende ontevredenheid gelei. Dit was veral die geval in Rusland, wat nie op oorlog voorbereid was nie. Herhaalde neerlae en groot lewensverliese het die land in chaos gedompel. Die gebrek aan lewensmiddele het 'n swarthandel laat ontstaan wat die oorlogsituasie uitgebuit en ongelooflike winste gemaak het. Korrupsie was aan die orde van die dag. Tsaar Nikolaas II was nie opgewasse vir die taak om sy moederverlore generaals en soldate te inspireer om orde in die land te probeer handhaaf nie. Hy kon selfs nie meer die gesag in sy eie paleis handhaaf nie en het toegelaat dat sy liggelowige vrou, Alice van Hesse, wondergenesers in die paleis toegelaat het, in die besonder die losbandige Rasputin, wat groot invloed op die tsarina uitgeoefen en haar misbruik het om sy wil op die tsaar af te dwing. 'n Groep adellikes wat dit nie langer kon verdra nie, het Rasputin in 1916 vermoor.

Die genoemde gebeure het die gesag van die tsaar totaal ondergrawe en die land in wanorde gedompel. Toe daar in Februarie 1917 onluste uitbreek het as gevolg van 'n groot voedseltekort, het die soldate wat dit moes onderdruk, self in opstand gekom. Dit het uiteindelik ontaard in 'n Bolsjewistiese rewolusie onder leiding van Nikolai Lenin wat tot die tsaar se bedanking en 'n lang burgeroorlog gelei het wat die verdediging van die land teen die oprukkende Duitse leërs onmoontlik gemaak het. Gematigde demokratiese hervorming van die Russiese Duma het eenvoudig te stadig gevorder, en die land het uiteindelik in die hande van die radikale rewolusionêres geval - die kommuniste of Bolsjewiste. Die Bolsjewistiese regering was gevolglik genoodsaak om op 3 Maart 1918 te Brest-Litovsk met Duitsland vrede te sluit (vgl Ignotus 1972:139). Onder die slagoffers van die Russiese rewolusie tel ook tsaar Nikolaas II, sy vrou en vyf kinders, wat almal op 16 Julie 1918 koelbloedig deur die Bolsjewiste vermoor is.

Die opstandige en ontevrede gees van die rewolusie het baie vinnig na die buurstate oorgespoel. Dit het tot gevolg gehad dat daar in Wenen en Budapest groot stakings onder die arbeidersklas uitbreek het met eise vir groter vryheid, demokrasie, gelykheid, grondhervorming ensovoorts (vgl

Halász 1963:112). Die opkoms van die nasionalistiese bewegings van die minderheidsgroepe in die Oostenryks-Hongaarse monargie het 'n nog groter gevaar ingehou. Tsjegge, Slowake, Suid-Slawoniërs en Roemene het in London en Parys weerstandsgroepe gevorm wat hulle vir afskeiding van die Hongaarse monargie beywer het. Die geallieerde magte het hierdie strewes benut en nadat Rusland in duie gestort en Duitsland die meeste van sy magte aan die ooste onttrek en in die weste teen Frankryk ontplooi het, het dit hulle die geleentheid gebied om die Hongaarse monargie deur die Balkan aan te val, waar net die Bulgare die sentrale magte gesteun het. Die geallieerdes het op 15 September 1918 uit hulle basis in Salonika in Griekeland opgeruk, Bulgarye oorrompel en teen 1 November tot op die grens van Hongarye gevorder.

Die sukses van die rewolusie in Rusland het intussen in Hongarye bekend geword en die arbeidersklas aangespoor tot optrede. Stakings in myne en fabriekes het spoedig gevolg en daartoe gelei dat 'n aantal regeringsgeboue in die nag van 31 Oktober 1918 in Budapest beset is en dat die regering, wat duidelik nie meer in beheer was nie, bedank het. Károlyi het graaf Mihály Károlyi toe as eerste minister benoem en hom versoek om 'n nuwe regering saam te stel. Op 3 November kom Oostenryk-Hongarye en die geallieerdes te Padua ooreen op 'n wapenstilstand (vgl Romsics 1999:91).

Károlyi, 'n bekende teenstander van die oorlog, was 'n kampvegter vir demokratiese hervorming. Hy het hom veral beywer vir grondhervormings en self 'n voorbeeld gestel deur die vrywillige verdeling van sy eiendom. Sy idealistiese doelstellings het egter nooit gerealiseer nie want die wiel van die geskiedenis het daarvoor te vinnig gedraai. Op 12 November bedank keiser Karel I as keiser van Oostenryk en word die Republiek van Oostenryk uitgeroep. Die volgende dag verklaar Karel I dat hy ook afstand doen van die bestuur van Hongarye, maar nie van die troon nie. Die Hongaarse Ryksdag het homself toe ontbind en die regering aan 'n Nasionale Vergadering oorgedra, wat dadelik 'n onafhanklike en selfstandige republiek uitgeroep het met Mihály Károlyi as waarnemende president (vgl Ignotus 1972:146-147).

Kort daarna het 'n aantal kommunistiese leiers, onder andere die Jood, Béla Kun, uit Rusland teruggekeer. Kun, 'n voormalige joernalis, het in

1916 as krygsgevangene in Rusland beland en 'n leiersrol vervul onder die rewolusionêrgesinde krygsgevangenes. Nadat hy met Lenin kennis gemaak het, het hy voorsitter van die Internasionale Federasie van Kommunistiese Krygsgevangenes geword. Twee dae na sy aankoms in Budapest stig hy die Hongaarse Kommunistiese Party en kort daarna verskyn hulle mondstuk die *Rooi Nuus*, waarin Kun pleit vir 'n proletariaatsdiktatuur en die arbeiders oproep tot die klassestryd (vgl Hoensch 1996:88-89). Hierdie stap het groot spanning veroorsaak tussen Kun en Károlyi en sy Sosiaal-Demokratiese Party. Die kommuniste was nie tevrede met 'n geordende hervormingsprogram nie en hulle fel kritiek teen die regering het met verloop van tyd tot gewapende botsings gelei. Die regering van Károlyi het Kun en 'n aantal kommunistiese leiers uiteindelik op 21 Februarie 1919 gearresteer. Diegene wat die arrestasies vrygespring het, het die *Rooi Nuus* egter op 1 Maart weer laat verskyn en die arbeiders tot protesaksie opgeroep. Stakings en optogte was daarna aan die orde van die dag (vgl Hoensch 1996:91).

Op 20 Maart 1919 oorhandig die Franse offisier, Vix, 'n diplomatieke nota aan Károlyi waarvolgens 'n neutrale streek tussen die Hongaarse en Roemeense magte beveel word en 'n terugtrekking van die Hongaarse troepe geëis word. Hierdie nota word egter deur die regering verwerp. Die volgende dag besluit die Sosiaal-Demokratiese en Kommunistiese partye om saam te smelt, 'n proletariaatsdiktatuur uit te roep en 'n regering onder leiding van Kun saam te stel. Vier dae later word die *Rooi Leër* en die *Rooi Wag*, wat in plek van die voormalige polisie wet en orde moes handhaaf, gestig. Die *Rewolusionêre Volksgeregshof* word in die plek van die voormalige gereghowe ingestel en kort daarna word alle opvoedkundige inrigtings, openbare vervoerondernemings, myne en fabriek met meer as twintig arbeiders, banke, groot en middelslag eiendomme en woonstelle in privaatbesit, sonder enige kompensasie genasionaliseer. Hierdie tydperk staan bekend as dié van die *Rooi Terreur* (vgl Hoensch 1996:99).

Die Franse wou dat Hongarye geheel-en-al beset moes word, maar die Engelse het die geallieerdes oorreed om 'n kommissie onder leiding van generaal J C Smuts van die Unie van Suid-Afrika na Hongarye te stuur om die toestande in Hongarye en die nakoming van die wapenstilstand te onder-

soek en reëlings te tref vir die neutrale streek wat beveel was. Die kommissie het egter niks bereik nie. Smuts gee self die redes:

Bela Kun was a personal friend of Lenin's, and of course, completely subservient to him and Trotsky. He was anxious to come to terms, but he had to refer everything to Moscow, so we didn't come to terms, and the Hungarians and Roumanians went on fighting, and in the end Bela Kun had to fly to Moscow.

(Millin 1936:206)

In Kun se regeringstyd van slegs 133 dae het daar baie bloed en trane gevloei:

His conduct of the Terror in Budapest preceded even worse actions when, on fleeing to Moscow, he was put in charge of the newly conquered Crimea, and was censured and withdrawn by Lenin for his excessive cruelties. He then operated in the Comintern, and has been partly responsible for the Communist fiasco in Germany in 1921. He has been described as 'the incarnation of intellectual inadequacy, uncertainty of will, and authoritarian corruption'.

(Conquest 1970:431)

Na Smuts se besoek, het sake in Hongarye vinnig ontwikkel. In Mei is daar 'n anti-rewolusionêre regering onder Gyula Károlyi in die suide van die land, wat deur Franse troepe beset was, gestig. Dit het aanleiding gegee tot verskeie anti-rewolusionêre opstande wat Kun laat besef het dat hy vrede met die geallieerdes sal moet sluit. Die geallieerdes was egter nie daarvoor te vinde nie, omdat 'n kommunistiese staat 'n bedreiging vir hulle ingehou het. Hulle sou eerder Kun se ondergang wou sien. Op 1 Augustus 1919 het Kun dan

ook inderdaad bedank en na Rusland uitgewyk. Twee dae later het die Roemeense magte Budapest beset. Kun is later daarvan beskuldig dat hy Stalin beledig het en in die geheim kontakte met die Roemeense geheime polisie gehad het. Hy is uiteindelik op 30 November 1939 op Stalin se bevel tereggestel.

In die maande wat op die besetting van Budapest gevolg het, het daar verskeie politieke groepe ontstaan wat kortstondige regerings gevorm het, maar nie een het ooit werklik die mag in hande gehad nie. Die werklike mag was in die hande van die Roemeense leër, die verteenwoordigers van die geallieerdes en admiraal Miklós Horthy, wat in die suide en weste van die land besig was om 'n nasionale leër op te bou. Horthy was 'n admiraal in die voormalige Oostenryks-Hongaarse Vloot en lidmaat van die Hervormde Kerk. Tog het hierdie kortstondige regerings belangrike opruimingswerk verrig, byvoorbeeld die ontbinding van die *Rooi Wag* en sy rewolusionêre geregshowe, die vrylating van talle politieke gevangenes, die herstel van die polisie-mag en burgerlike geregshowe, en ook die teruggawe van genasionaliseerde eiendomme.

'n Nuwe fase in die geskiedenis van Hongarye het egter begin toe die Roemeense magte Budapest op 14 November 1919 ontruim het na aanleiding van 'n ooreenkoms met die geallieerdes. Admiraal Horthy het die hoofstad op 16 November met die Nasionale Leër oorgeneem. 'n Kort periode van wraak het hierop gevolg vanweë die onmenslike terreur van Béla Kun en sy proletariaatsdiktatuur. Rewolusionêre elemente wat nie betyds uit die land kon vlug nie is gearresteer en die Kommunistiese Party is verbied. Hierdie tydperk staan bekend as dié van die *Wit Terreur* (vgl Halász 1963:119).

Die oorlog het hiermee aan 'n einde gekom, maar daar was nog nie 'n regering in Hongarye wat deur die geallieerdes erken sou word met die oog op die ondertekening van 'n vredesverdrag nie. 'n Algemene verkiesing is toe tussen 25 Januarie en 13 Februarie 1920 gehou met die *Party van Kleinboere* wat as oorwinnaars uit die stryd getree het en admiraal Horthy wat op 1 Maart 1920 as staatshoof aangewys is sonder dat die land sy status as koninkryk prysgegee het. Indien Horthy uit die Roomse adelstand afkomstig

sou wees, sou die Hongare hom waarskynlik as koning van Hongarye gekroon het.

Die geallieerdes se vredesvoorwaardes het groot teleurstelling veroorsaak. Dit het bepaal dat tweederdes van die historiese Hongaarse koninkryk weggeneem en aan Tsjeggië, Roemenië en Serwië oorhandig moes word. Dit sou beteken dat 3,5 miljoen etniese Hongare onder die beheer van state met vreemde tale en kulture sou beland. Die geallieerdes se standpunt was dat die minderhede van die Hongaarse ryk die reg gehad het op selfbeskikking. Die voorgestelde verdeling het die situasie egter net mooi omgekeer. Hongare en Kroatse sou nou minderheidsgroepe in Joegoslawië word, Hongare en Duitsers minderheidsgroepe in Roemenië en Hongare en Slowake minderheidsgroepe in Tsjeggieslowakye. Hongarye se versoek vir 'n referendum oor hierdie voorwaardes is nie toegestaan nie en die regering moes in magtelose woede en met die uiterste teësin die Vredesverdrag van Trianon op 4 Junie 1920 in Versailles onderteken (vgl Hoensch 1996:103-105).

Dit spreek vanself dat die vredesluiting nie vrede in die harte van die Hongare gebring het nie. Inteendeel, daar was teleurstelling en selfs haat en ongekende wraakgevoelens teenoor die Volkebond, die Slawiese volke, die Kommuniste en die Jode. Die verguisde volk sou sy troos maar in sy verlede, in die helde van sy duisendjarige geskiedenis en in sy unieke taal en kultuur gaan soek. Sy grootste toekomsideaal sou die herstel van die ou Hongaarse Koninkryk en die bevryding van 3,5 miljoen Hongare van vreemde heerskappy word, want: "Rumpfungarn ist kein Reich, das ganze Ungarn ist das Himmelreich" (Bucsay 1979:138). Vir baie jare vorentoe sou kinders in die skole die *Hongaarse Credo* opsê en sing: "Ich glaube an einen Gott, ich glaube an ein Vaterland, ich glaube an eine ewige göttliche Gerechtigkeit, ich glaube an die Auferstehung Ungarns" (Bucsay 1979:138). Kerke het hierna parallelle tussen die Hongaarse geskiedenis en dié van die Godsvolk in die Ou Testament getrek, en predikers het die volk getroos met die boodskap: *Die Here het jou uitverkies*.

In hierdie omstandighede is Kálmán Papp II, vier jaar later, op 2 Mei 1924 gebore, en in hierdie geestesklimaat het hy grootgeword.

2.1.2 Die land van die Hongare

Hongarye was as gevolg van politieke redes gedurende die periode 1945 tot 1989 nie baie toeganklik vir Westerlinge nie, en gevolglik ook relatief onbekend by veral Suid-Afrikaners. Enkele opmerkings oor die land van die Hongare word vervolgens gemaak om die land waarin Kálmán II gebore is en grootgeword het, beter bekend te stel.

2.1.2.1 Geografie

Die Karpatedal in Sentraal-Europa, waar die stamme waaruit die Hongaarse volk oorspronklik ontstaan het, hulle meer as duisend jaar gelede gevestig het, is 'n gebied wat deur die omringende berge en 'n netwerk van riviere 'n natuurlike eenheid vorm. Die historiese Hongarye het gestrek vanaf die Karpateberge in die noorde en ooste, die Transsilvaniese berge in die suid-ooste, die *Duna-* (Donau) en *Szávarivier* (Sava) in die suide en die Adriatiese See in die weste. Deur die loop van eeue het Hongarye talle winste en verliese van grondgebied beleef, maar telkens teruggekeer tot sy historiese grense.

Hongarye se bondgenootskap met Oostenryk en Duitsland in die Eerste Wêreldoorlog het hom egter duur te staan gekom. Hongarye was verplig om 232,000 vk km van sy grondgebied aan omliggende lande af te staan. Sekere gebiede is tydens die aanloop tot die Tweede Wêreldoorlog met die hulp van Duitsland weer teruggewen, maar direk na afloop daarvan weer verloor.

Hongarye beslaan tans 93,030 vierkante kilometer en is ongeveer 10% groter as Kwazulu-Natal. Die afstand tussen die noordelike en suidelike grens is 268 kilometer en dié tussen die oostelike en westelike grens 528 kilometer. Hongarye grens vandag met sy grenslyn van 2,242 kilometer aan die Ukraïne in die noord-ooste, Roemenië in die ooste en suid-ooste, Serwië in die suide, Kroasië in die suid-weste, Oostenryk in die weste en Slowakye in die noorde (vgl Halász 1963:9).

Ongeveer tweederdes van Hongarye is minder as 200 meter bo seevlak geleë. Die sentrale gedeelte van die land, wat omsluit word deur die Donaurivier en die grens met Roemenië, bestaan grotendeels uit laaglande

en staan as die *Groot Hongaarse Vlakte* bekend. Wes van die Donau word die heuwelagtige gebied van Transdanubië aangetref en in die noord-weste 'n kleiner laagland wat as die *Klein Laagvlakte* bekend is. Die noord-oostelike gedeelte van Hongarye staan as die *Hoëveld* bekend en die hoogste bergpiek in die land, die *Kékestető* (1,015 meter), kom hier voor (vgl Halász 1963:9).

Die meeste van Hongarye se riviere is deel van die Donau-netwerk en die water van al die belangrike riviere in die land vloei in die Donau om uiteindelik die Swartsee te bereik. Die Donau- en die Tiszarivier vloei respektiewelik 410 en 600 kilometer oor Hongaarse grondgebied. Die grootste binnelandse meer in Sentraal-Europa, die alombekende Balatonmeer in die suid-ooste van Hongarye, beslaan 'n oppervlakte van 596 vierkante kilometer (vgl Halász 1963:10).

Hongarye het 'n gematigde kontinentale klimaat met Atlantiese én Mediterreense invloede. Die gemiddelde temperatuur in Januarie is tussen 0 en -4 grade Celsius en in Julie tussen 18 en 22 grade Celsius. Die hoogste en laagste temperature wat in Hongarye gemeet is, is onderskeidelik 41,3 grade Celsius in Pécs en -34 grade Celsius in Baja, beide in die suide van die land. Hongarye val in 'n somerreënvalstreek en die jaarlikse reënval is die hoogste in die suid-ooste (800-980 mm) en laagste in die ooste (minder as 600 mm). Droogtes kom gereeld in somer voor (vgl De Vries 1969).

2.1.2.2 Demografie

Die bevolking van Hongarye het met die Vredesverdrag van Trianon vanaf bykans 21,000,000 afgeneem tot net meer as 7,600,000 (vgl Magyarország 1929:39-40). Volgens die 1994-sensus het die bevolking 10,600,000 getel. Hiervan was 300,000 Sigeuners, 200,000 Duitsers, 110,000 Slowake, 80,000 Kroatse, 25,000 Roemene, 10,000 Pole, 5,000 Serwiërs, 5,000 Slowene en 2,500 Bulgare. Daar word geraam dat daar vandag ongeveer 3,000,000 Hongare buite die landsgrense van Hongarye woon (vgl Tóth 1995:44).

Die digbevolkste gebied in Hongarye is gebiede rondom Budapest, waar daar ongeveer 100 inwoners per vierkante kilometer woon, en die gebied rondom Debrecen is die ylste bevolk. Ongeveer 50% van die

bevolking woon in stede, waarvan meer as 2,000,000 in die hoofstad Budapest woon (vgl De Vries 1969). Volgens die 1994-sensus behoort bykans 93% van die bevolking aan een van die drie historiese kerke; die Rooms-katolieke Kerk (67,8%), Hervormde Kerk (21%) en Evangelies-Lutherse Kerk (4%) (vgl Tóth 1995:49).

2.1.2.3 Ekonomie

Die Hongare was, op grond van die feit dat hulle voorvaders nomadiese veeboere en stropers was, aanvanklik vir hulle bestaan hoofsaaklik aangewese op die opbrengs uit veeteelt en die buit wat uit strooptogte verdien is. Omstandighede het hulle egter in die tiende eeu gedwing om hulleself in die Karpatedal te vestig en met landbou te begin. Hiermee het hulle reeds in die negende eeu tydens hulle omswerwinge kennis gemaak en vir nege eeue daarna sou Hongarye grotendeels 'n landbouland bly.

Slegs ongeveer 10% van die grond in Hongarye kan nie vir landbou-doeleindes benut word nie. Die meeste landbougrond word vir akker- en bosbou benut en die grootste gedeelte van die landbougrond word vir die verbouing van mielies, koring en sonneblomme gebruik. Gars, rog, aartappels en suikerbeet word ook in groot maat verbou. Die mees gewilde groente-soorte is tamaties, ertjies, soet- en rooirissies, kool en uie. Die Hongaarse rooirissies uit Szeged en uie uit Makó is wêreldbekend. Rys en tabak word ook in die moderne Hongarye verbou (vgl Halász 1963:202-203).

Die besondere aard van sekere distrikte het veroorsaak dat hulle by uitstek in vrugte- en wynproduserende gebiede ontwikkel het. Die beste wingerde kom in die distrikte van Tokaj, Eger, Badacsony, Csopak, Mór, Villány, Szekszárd en Gyöngyös voor. Ongeveer 600,000 metrieke ton druiwe word jaarliks geoes en 3,5 miljoen hektoliter wyn word geproduseer. Die bekendste vrugtevariëteite is die Jonathan appels van Szabolcs, Beszterce pruime van Szatmár, appelkose van Kecskemét en perskes uit die omgewing van Budapest (vgl Halász 1963:205).

Veeteelt word in groot omvang beoefen en die Hongaarse beeste, varke, skape en pluimvee is as gevolg van die hoë gehalte daarvan in groot aanvraag in die buiteland. Hongarye se beeskuddes, wat grotendeels uit 'n

krusing tussen die Hongaarse langhoringbees en die Simmentaler bestaan, is meer as 2,000,000 en die land het meer as 6,000,000 varke, hoofsaaklik Mangalica spekvarke en die sogenaamde wit vleisvarke. Die teling van perde het oor die jare aansienlik afgeneem, maar die land beskik steeds oor meer as 350,000 perde, hoofsaaklik van die Nonius- en Arabierrasse. Hongarye se skaapkuddes, waarvan die Worsted Merino met sy uitstekende gehalte wol die mees gewilde is, tel meer as 3,000,000. Pluimveeteelt, veral hoenders en kalkoene, word veral deur die kleiner boere bedryf (vgl Halász 1963:205-206).

Hongarye beskik oor 'n ryk wildslewe en die Hongare was nog altyd kranige jagers. Takbokke, reebokke, wildevarke, hase, fisante, patryse, wilde ganse en eende kom vry algemeen voor en wildepoue en moefflonskape word ook nog in sekere streke aangetref. Die mees algemene vissoorte is die karp, baber, varswatersnoek en snoekbaars. Op die meeste Hongaarse spyskaarte kom vissop as 'n tipiese gereg voor (vgl Halász 1963:207).

Die industrialisering van Hongarye ná die tweede kommunistiese oorname in 1945, wat gepaard gegaan het met die vestiging van talle nywerhede rondom die groot stede en gevolglike ontvolking van die platteland, het tot gevolg gehad dat landbou-aktiwiteite sedertdien nie veel kon uitbrei nie.

Die belangrikste nywerheidssentrum is die hoofstad Budapest, waar meer as 50% van die land se nywerhede gevestig is. Hongarye spesialiseer in die vervaardiging van vervoer- en landboutoerusting en elektrotegniese artikels. Hierbenewens is daar ook groot aluminium smeltery, chemiese-, sement-, glas-, keramiek-, papier-, verwerkte voedsel- en tekstielafrieke.

Die hedendaagse Hongarye is nie baie ryk aan minerale nie en die meeste grondstowwe moet ingevoer word. Steenkool, uraan, aluminiumerts en mangaan word egter wel in sekere streke gemyn en olie en aardgas word ook in 'n beperkte mate ontgin. Elektrisiteit word hoofsaaklik deur termiese en hidro-elektriese kragentrales opgewek (vgl De Vries 1969).

2.1.3 Die taal van die Hongare

Die Hongaarse taal behoort tot die Oegriese tak van die Fins-Oegriese oertaal wat deel was van die Oeralse taalfamilie. In die prehistoriese tydperk is

daar reeds Turkse en Germaanse woorde in Hongaars opgeneem en ná die Hongaarse stamme se vestiging in die Karpatedal, ook Slawiese en Duitse woorde. Later is woorde ook aan Latyn ontleen, veral met die oog op die aanwending daarvan in die beoefening van godsdiens, wetenskap en publieke administrasie. Hongaarse woorde is ook in die tale van naburige volke opgeneem, waarvan sommige internasionaal geword het, byvoorbeeld die woord *koets* wat via Nederlands ook in Afrikaans beland het en van die Hongaarse woord *kocsi*, wat dieselfde betekenis het, afkomstig is (vgl Sivirsky 1969).

Slegs vyf moderne tale, dié van die Vogul- en Ostiakstamme van Siberië, Fins, Estonies en Turks, kan met Hongaars verbind word (vgl Berlitz 1983:20). Hongaars word vandag deur geen ander taalgroep verstaan nie (vgl Ignotus 1972:21).

Die klemtoon val in Hongaars meestal op die eerste lettergreep en die taal het 'n betreklik harde maar tog musikale klank. Die streektale vertoon nie groot onderlinge verskille nie. Daar is wel duidelike akoestiese afwykings, maar morfologiese en leksikografiese afwykings is gering (vgl Sivirsky 1969).

In die Hongaarse skrif word daar van 'n variasie van die Latynse alfabet gebruik gemaak. Hierdie variasie is geleë in die selfstandigheid van die vokale met klemtone en dubbelletters. Dit het tot gevolg dat die alfabet uit die volgende agt-en-dertig letters bestaan: *a á b c cs d e é f g gy h i í j k l l y m n ny o ó ö ő p r s sz t ty u ú ü ű v z zs*. In die gebruik van vreemde woorde kom die letters *q w x* en *y* egter ook voor. Klein en hoofletters word ten opsigte van alle letters gebruik. Gewone Arabiese syfers word in die Hongaarse skrif gebruik, maar Romeinse syfers word ook gebruik, veral in die aanduiding van jare, maande en in die name van konings (vgl Lotz 1939:17-28).

Konsonante word uitgespreek soos in Afrikaans, uitgesonderd die *c* wat as *ts* uitgespreek word soos in *tsaar*, *g* wat as palatale eksplisief uitgespreek word soos in *ghoeroe*, *s* wat as *sj* uitgespreek word soos in *sjarmant* en *v* wat as *w* uitgespreek word soos in *warm*. Die dubbelletter *cs* word uitgespreek as *tsch* soos in die Duitse *deutsch*, *gy* as *dj* soos in die Franse *adieu*, *ly* as *j* soos in *ja*, *ny* as *nj* soos in *sjampanje*, *sz* as *s* soos in *sout*, *ty* as *tj* soos in die Engelse *tune* en *zs* as *zj* soos in die Franse *jour* (vgl Bánhidi, Jókay & Szabó 1969:9-13). Die Afrikaanse *g*-klank is onbekend in Hongaars

en Hongare het groot moeite met die uitspreek daarvan.

Die vyf vokale van die Latynse alfabet verskyn selfstandig in hulle kort én lang vorme in die Hongaarse alfabet. Die orige vier is variasies van die *o* en *u* vokale naamlik *ő* wat soos die *ö* in die Duitse *östlich* uitgespreek word, *ó* wat soos *ö* in *Öl* uitgespreek word, *ú* wat soos *u* in *Uhr* uitgespreek word en *ű* wat soos die *ü* in *Bünde* uitgespreek word (vgl Lotz 1939:18).

Die naam Kálmán moet dus as *Kaalmaan* uitgespreek word en nie as *Kalman*, soos wat dit in Duits, Nederlands en Afrikaans die geval is nie. Kálmán II het egter nooit op die Hongaarse uitspraak van sy naam aangedring nie, aangesien dit in Afrikaans vreemd op die oor val. Kálmán III het die klemtekens juis om hierdie rede weggelaat by die naamgewing van sy oudste seun, Kalman Henri.

2.2 Kerklike agtergrond

2.2.1 Die geskiedenis van die Hervormde Kerk van Hongarye

Die geskiedenis van die Hervormde Kerk van Hongarye word redelik breedvoerig in my MA-verhandeling behandel (vgl Papp, K D 2002:4-84). Gevolglik word daar vervolgens slegs na enkele hoofmomente in die geskiedenis van dié kerk verwys - as noodsaaklike konteks.

2.2.1.1 Voorgeskiedenis

Volgens die resultate van die navorsing wat tot op hede gedoen is, was die oerreligie van die *Magyare* (Magjare) sjamanisties, totemisties en animisties (vgl Bucsay 1977:5). Dit was eers toe die *Magyare* tydens hulle verkennings-togte in die Romeinse provinsie Pannonië aangekom het dat hulle werklik in aanraking met die Christendom gekom het. "Als gegen 896 die *Ungarn* ins Karpaten-becken einrückten, fanden sie dort eine Bevölkerung vor, die bereits stark vom westlichen, teilweise aber auch vom östlichen Kirchentum geprägt war" (Bucsay 1977:17).

Vorbereidings vir die vestiging van die Christendom in Hongarye is hoofsaaklik te danke aan Bisantynse sendelinge wat reeds in die eerste helfte van die tiende eeu ywerig op Hongaarse bodem werksaam was.

Volgens Bucsay was hulle ook verantwoordelik vir die skepping van die eerste Hongaarse Christelike uitdrukkings uit Bulgaroslawiese woorde soos *pap* (priester), *barát* (monnik), *kereszt* (kruis), *Keresztyén* (Christelike) en *karácsony* (Kersfees) (vgl Bucsay 1977:19). Na die neerlaag van die Hongare teen keiser Otto I van Duitsland in 955, het Gyula, 'n agterkleinseun van Árpád, hulle selfs genooi om in die Karpatedal te kom werk. Daar dien gemeld te word dat Gyula reeds in 953 en Bulcsú, leier van 'n Hongaarse ekspedisie na die ooste, reeds in 947 in Bisantium gedoop is (Dienes 1972:73). Of dit uit oortuiging was, kan bevraagteken word. Aan die ander kant het prins Taksony, 'n kleinseun van Árpád, weer meer aanklank by die weste gevind en die pous versoek om 'n sendingaksie in Hongarye te begin. Hyself het hom egter nie tot die Christendom bekeer nie. Ook sy seun prins Géza het, alhoewel hy 'n mate van gewilligheid getoon het om 'n Christen te word, bly deelneem aan allerhande heidense rituele (vgl Lázár 1990:25-26).

Géza se seun prins Vajk, wat na sy bekering die naam István gekry het en die eerste koning van Hongarye was, was die eerste Hongaarse vors wat homself uit oortuiging tot die Christendom bekeer het. István het alles in sy vermoë gedoen om die Christelike godsdienst te bevorder. Sy onderdane is *en masse* onder dwang gedoop en gemeenskappe is verplig om ten minste 'n kerkgebou vir elke tien dorpe op te rig, vir die onderhoud van hulle priesters te sorg, gereeld die eredienste by te woon en gereeld hulle tiendes te gee (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1999:98-99). Hy het aan die begin van die elfde eeu in Esztergom en Kalocsa aartsbisdomme gevestig, oral in die land kloosters laat oprig en 'n pelgrimsweg na die Heilige Land geskep wat terselfdertyd as handelsroete tussen die Ooste en Weste benut is (vgl Bucsay 1977:24).

Gedurende die Middeleeue het die Hongaarse staat die kerk onder sy beskerming geneem en bevoordeel deur gunstige wetgewing en geskenke in ruil vir die dienste van kerklike ampsdraers in die regering van die land, veral ten opsigte van die regspleging. Dit het met verloop van tyd in talle wantoestande ontaard en die kerk geleidelik vervreem van sy eintlike opdrag. Die aartsbiskop van Kalocsa het byvoorbeeld die Hongaarse Leër in 1241 teen die Mongole aangevoer en heelwat later, in 1526, ook teen die Turke

(vgl Bucsay 1977:26).

Die koninkryk het ook gepoog om goeie bande met Rome te handhaaf, maar terselfdertyd alle pogings van Rome om die soewereiniteit van die staat of magte van die koning aan te tas, met al die mag tot sy beskikking, teengestaan. Veral Rome se inmenging by aanstellings in kerklike poste, wat ervaar is as bemoeienis met die huishoudelike sake van die kerk, is hewig teengestaan. Verskeie Hongaarse konings het hulle openlik hierteen uitgespreek, onder andere László die Heilige, Kálmán die Geleerde, Lajos die Grote en Zsigmond.

Die grootste krediet vir die verspreiding van die Middeleeuse godsdienstigheid onder die Hongare moet aan die monnike en nonne van verskeie ordes gegee word. "Die *Benediktiner* ließen sich in Ungarn noch im Zuge der Christianisierung in Pannonhalma, die *Zisterziener* 1142 in Cíkádor und später in Zirc nieder. Bereits im 12. Jhdt. folgten die *Prämonstratenser*. Im 13. Jhdt. siedelten sich in Ungarn die *Ritterorden*, die *Kartäuser*, die *Franziskaner* (1229) und die *Dominikaner* (1221) an" (Bucsay 1977:27).

Aanvanklik was dit nie so eenvoudig om die volk, waarvan die meeste onder dwang gedoop is, vanuit eie oortuiging vir die Christendom te wen nie. Dit was eers László die Heilige wat werklik daarin kon slaag om die breë bevolking vir die Christendom te wen.

Bucsay maak daarvan melding dat die Hongaarse Christendom deurgaans ook sy eenheid met die groter Christelike wêreldgemeenskap gehandhaaf het. Veral studente en dosente het gedurende die Middeleeue bygedra tot voortgesette kontak met die Christelike lewe in die buiteland. Die name van Hongaarse studente kom byvoorbeeld in die universiteitsregisters van Bologna voor in 1221, 1461, 1471 en 1472. Honderd en sestig Hongaarse professore het tussen 1385 en 1495 aan die Fakulteit Filosofie en dertien tussen 1407 en 1477 aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Wenen gedoseer (vgl Bucsay 1977:30-31).

Beperkte kontak met die Bisantynse Christendom het ook voortgeduur. Huwelike met Bisantynse Christene, politieke bemoeienis van die Bisantynse ryk in Hongarye se interne sake en die invloed van gelowiges vanuit dié ryk, het veroorsaak dat kontak met die oosterse Christendom nog

lank behou is. Nadat die Mongole die meeste oosterse kloosters tydens hulle inval in Hongarye in 1241 beset het en die Roomse Kerk hulle weer in Roomse kloosters omskep het nadat die Mongole onttrek het, het die invloed van die Bisantynse Christendom egter al hoe meer begin afneem.

2.2.1.2 Die Kerkhervorming in die sestiende eeu

Die Kerkhervorming het vroeg en vinnig op Hongaarse bodem grondgevat, ten spyte van die ongunstige omstandighede van die dag, naamlik Turkse (Moslemse) oorheersing in die sentrale en suidelike dele van die land, 'n byna afsonderlike koninkryk in die oostelike deel (Transsilvanië) en oorheersing van die noordelike en westelike dele deur die Habsburgers, asook die feit dat die Christelike konings in die ooste én die noordweste nie groot simpatie getoon het met die bewegings wat die Kerkhervorming voorafgegaan het nie.

Daar was egter ook enkele gunstige faktore. Hongarye het in dié tyd, in teenstelling met die meeste ander volke, sterk bande met sy buurvolke gehandhaaf. Talle Hongaarse studente het byvoorbeeld in Krakau, Parys, Bologna, Praag en Wenen studeer in die eeu voor die Kerkhervorming (vgl Révész 1956:4). Hier het hulle in aanraking gekom met al die nuwe ontwikkelings in die teologie en dit met hulle terugkeer na Hongarye saamgebring. Die herlewing van die humanistiese bewegings aan die begin van die sestiende eeu het die saak van die Hervorming in Hongarye ook gedien in dié sin dat dit onder andere die gesag van die Roomse Kerk bevraagteken het. Daar dien hier wel gemeld te word dat die vroeë Humanisme Hongarye reeds in die veertiende eeu uit Italië en Bohemië binnegekom het (vgl Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1967: 128 en 129).

In Hongarye self het daar aan die einde van die vyftiende- en begin van die sestiende eeu intussen ook 'n aantal persone na vore getree wat begin het om die Skrif uit te lê en die evangelie te verkondig, in teenstelling met die algemene praktyk van daardie tyd. Die preke van ene Pelbárt van Temesvár, is tussen die jare 1498 en 1521 byvoorbeeld 52 keer herdruk (vgl Bucsay 1977:37). Hierdie preke, wat onder andere die gelykheid van alle mense beklemtoon het, is gretig deur die arbeidersklas gelees, veral tydens

die boere-opstand van 1514.

Die leerstellings van Martin Luther (1483-1546) het redelik gou in Hongarye bekend geword. Omdat Duits in daardie stadium die *lingua franca* was, is Luther se leerstellings nie net vanaf die kansels verkondig nie maar ook wyd en syd gelees, veral in die Duitssprekende handelsstede van Hongarye. Die Roomse Kerk is reeds in 1522 vanaf kansels in Sopron veroordeel. Dít het ook vir die staat 'n bedreiging ingehou, in so 'n mate dat die Hongaarse Ryksdag in 1523 Protestante met swaar strawwe, onder andere die brandstapel, gedreig het. "Omnes lutheranos et illorum fautores, ac factioni ipsi adhaerentes, tamquam publicos haereticos hostesque sacratissimae virginis Mariae poene capitis et ablatione minium bonorum suorum Majestas Regia, veluti catholicus princeps, punire dignetur" (Zsilinszky 1881:14). Twee jaar later het die Ryksdag die volgende besluit: "Lutherani mones de regno extirpentur et ubicumque reperti fuerint, non solum per ecclesiasticos, verum etiam per seculares personas libere capiantur et comburantur" (Zsilinszky 1881:20). Verskeie prominente hervormingsgesindes het as gevolg hiervan na die buiteland uitgewyk terwyl ander in die tronk beland het (vgl Révész 1956:7). Die Turkse invalle het egter veroorsaak dat daar min van die toepassing van hierdie besluite tereggekome het.

In 1522 skryf die eerste studente vanuit Hongarye reeds aan die Universiteit van Wittenberg in om onder Luther en Melancton (1497-1560) te studeer. Aanvanklik was dit slegs Duitssprekendes, maar sedert 1529 het talle Hongaarssprekendes ook in Duitsland verder gaan studeer (vgl Szabó 1927:7). Die meeste het na afloop van hulle studies na hulle vaderland teruggekeer en die Protestantse leer met groot ywer oral in die land verkondig.

Hierbenewens is die neerlaag van die Hongaarse magte te Mohács in 1526, deur die meerderheid van die bevolking geïnterpreteer as God se straf vir die korrupsie van die Roomse Kerk. "Thus the religious and ethical condition of the nation was fertile soil in which the seeds of the Gospel could be sown through the comforting message of the Reformers' preaching" (Hervormde Kerk van Hongarye 1997:7 = HKH 1997:7). Tydens die Turkse opmars na Buda het die hele bevolking in opstand gekom teen die Moslemindringers. Beide die adelstand én arbeidersklas het eweveel onder die

aanslag van die Turke gely. Die gevolg was dat beide groepe die Christelike geloof met die nasionale belang van Hongarye geïdentifiseer het en in die boodskappe van die Hervormers dié vorm van die Christelike geloof gevind het wat hulle nodig gehad het om hulle van krag te voorsien om die indringers te weerstaan (vgl Révész 1956:8).

Die Hervorming het in al drie dele van Hongarye grondgevat - eerstens in Transsilvanië waar Johannes Honterus (1498-1549) die eerste Lutherse hervormer was (vgl Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1967: 128) en waar koning János Zsigmond na die Protestantisme oorgeloop het; daarna in die gebied onder Turkse beheer, waar die Protestantisme verdra is omdat dit teen Rome gerig was, en laastens in die westerse koninkryk waar Ferdinand I en sy seun, Maximilian I, die Hervorming op grond van politieke redes tot 'n sekere mate wel sy gang laat gaan het (vgl Szabó 1927:11).

Die meeste bronne oor die Kerkhervorming vermeld die name van vyf prominente Hongaarse Kerkhervormers: Mátyás Biró van Déva (1500-1545), Mihály Sztárai (oorl. 1575), István Kis van Szeged (1505-1572), Gál Huszár (oorl. 1575) en Péter Juhász Méliusz (1515-1572). Meer besonderhede oor die lewe en werk van hierdie Hervormers verskyn in my artikel in die *HTS Teologiese Studies* met die titel *Die Kerkhervorming in Hongarye* (vgl Papp, K D 2003:1169-1186).

Die grootste invloed op die Kerkhervorming in Hongarye is deur die Switserse hervormer, Heinrich Bullinger (1504-1575), uitgeoefen, nie net vanweë die feit dat sy persoonlike belydenis, die *Confessio Helvetica Posterior* later deur die Hervormde Kerk van Hongarye as belydenisskrif aanvaar is nie, maar veral as gevolg van sy jarelange verbintenis met die Hongaarse volk en kerk. Sy belangstelling in Hongarye het waarskynlik ontstaan na aanleiding van die tragiese gebeure te Mohács in 1526, waarna daar vroeër in hierdie studie verwys word. Bullinger het toonaangewende mense van baie lande gereeld met sy omvangryke korrespondensie op hoogte gehou van die haggelike toestande in Hongarye. Sy literêre nalatenskap bevat meer as 12,000 briewe - meer as wat Luther, Zwingli en Calvyn gesamentlik geskryf het (vgl Zsindely 1967:57).

Met verloop van tyd het die Protestante in Hongarye hulle al hoe

meer aan die kant van die Switserse Hervormers geskaar. Die Sinode van Gönc aanvaar in 1566 'n belydenis van Béza asook Bullinger se *Confessio Helvetica Posterior* (vgl Papp, K 1999:9) wat 'n jaar vantevore geskryf is. Op 22 Augustus 1567 aanvaar die Sinode van Debrecen ook die *Confessio Helvetica Posterior* tesame met die Heidelbergse Kategismus as belydenisskrifte van dié kerk (vgl Tóth 1995:48). Hierdie datum word vandag beskou as die geboortedag van die Hervormde Kerk van Hongarye (vgl Révész 1956:33).

Naas die liedereskat wat die Hongaarse Hervormers nagelaat het, was hulle vertaling van die Bybel in die spreektaal van die volk, seker die grootste vrug van hulle werk. In 1541 verskyn die eerste volledige Hongaarse Nuwe Testament en elf jaar later 'n nuwe vertaling daarvan asook 'n gedeelte van die Ou Testament. Die eerste volledige Hongaarse Bybel verskyn in 1590. Die vertaling is deur 'n aantal teoloë onder leiding van Gáspár Károlyi, predikant van Gönc, gedoen en in Vizsolyi gedruk met die hulp van 'n aantal ryk en magtige grondmagnate (vgl Papp, K 1999:9 en Bitskey 1999:249).

Die Kerkhervorming het in Hongarye soveel sukses gehad dat 90% van die land aan die einde van die sestiende eeu Protestants was en dit het voorgekom asof die dae van die pous getel was (vgl Révész 1956:10). As daar in gedagte gehou word dat hierdie vooruitgang in van die moeilikste tye in die geskiedenis van Hongarye behaal is, is dit des te meer merkwaardig.

2.2.1.3 Die Kontrareformasie in die sewentiende eeu

Reeds aan die einde van die sestiende, maar veral gedurende die sewentiende eeu, het weerstand teen die Protestantisme egter groot terugslae gebring. Net soos in die res van Europa, was dit die Jesuïete wat die Rooms-katolieke Kerk in Hongarye van ondergang gered het. Hulle het die beproefde metodes van die Protestante naamlik populêre prediking, die individuele versorging van gelowiges, die vestiging van kerkskole en die benutting van die drukpers, aangewend om hulle sieninge te propageer. Die Roomse Kerk het die Jesuïete met alle middele tot hulle beskikking bygestaan omdat hulle in wese die saak van Rome gedien het (vgl Révész 1956:46).

In 1597 het biskop Szuhai, wat deur die Turke uit Eger verdryf is, sy

bisdom in die Protestantse stad Kassa gaan vestig. Met die hulp van Aarts-hertog Mátyás het hy in 1604 die katedraal in Kassa en later elke ander kerkgebou in die stad oorgeneem. Hy het enige vorm van Protestantse aanbidding, selfs in privaatwonings, verbied (vgl Bucsay 1977:145).

In dieselfde jaar het István Bocskai van Transsilvanië met aktiewe weerstand teen hierdie soort optrede begin. Dit het onder andere daartoe gelei dat die Vredesverdrag van Wenen godsdienstvryheid aan almal verleen het. Die vredesverdrag het egter nie spesifiek verwys na die Protestantse geloof nie, maar slegs 'n algemene vryheid van godsdienstbeoefening belowe. Die parlement van Transsilvanië het om hierdie redes aanvanklik geweier om die vredesverdrag op die wetboek te plaas. Dit is eers ná Bocskai se dood in 1608 gedoen nadat Mátyás II as koning gekroon is (vgl Révész 1956:50-52).

Koning Mátyás II het egter gou laat blyk dat hy nie van voorneme was om die Vredesverdrag van Wenen te eerbiedig nie. So het hy byvoorbeeld die fanatieke Jesuïet, aartsbiskop Péter Pázmány van Forgách, toegelaat om ongehinderd met sy teenhervormingsaksies te begin. Laasgenoemde het egter eers in Mátyás II se opvolger, Ferdinand II van Habsburg, sy eintlike bondgenoot gevind. Pázmány het met die hulp van die koning daarin geslaag om dertig hoogadellike families weer tot die Rooms-katolisisme te bekeer en die beginsel van *cuius regio, eius religio* van toepassing te laat maak op alle Protestante sonder beskermhere. In dié proses moes die Protestante menige grondbaronne, wat voorheen groot steunpilare van die Hervormde Kerk van Hongarye was, aan die Rooms-katolieke Kerk afstaan. "When he [Pázmány] died in 1637 there was scarcely a Protestant noble family left in the whole of the vast Habsburg domains" (Révész 1956:54). Beide die hoogadellikes én magnate het die Kontrareformasie met hart en siel ondersteun. So het die magnaat Ádám Batthyány byvoorbeeld in 1633 die Hervormde biskop János Kanizsai Pálfi uit sy grondgebied verdryf (vgl Bucsay 1977:166).

In Transsilvanië en in die Turkse gebied het baie adellikes egter aan hulle Protestantse oortuigings getrou gebly en Transsilvanië het 'n bolwerk geword vir die Hervormde geloof. Toe Gábor Bethlen die troon van Transsilvanië in 1613 bestyg, het hy godsdienstvryheid binne sy prinsdom gehand-

haaf. Hy het selfs by drie geleenthede sy leërs tydens die Dertigjarige Oorlog (1618-1648) teen die Habsburgers uitgestuur (vgl Révész 1956:56).

Die stryd om godsdienstvryheid in Hongarye het hoofsaaklik in die Habsburgse Koninkryk en Transsilvanië bestaan. In die sentrale en suidelike dele van Hongarye, waar die Turkse sultan steeds in beheer was, het daar 'n groot mate van verdraagsaamheid teenoor Protestante bestaan. Die Turkse ryk was egter besig om geleidelik sy invloed as wêreldmag te verloor, maar nietemin het die deel van Hongarye wat deur die Turke beset was, die bolwerk van die Protestantisme in Hongarye geword (vgl Révész 1956:58-59).

As gevolg van die toename in vervolgings en wrede strawwe op die Protestante gedurende die jare 1671 tot 1681, het hierdie tydperk bekend geword as die *dekade van rou*. Predikante en onderwysers is voor 'n spesiale hof in Pozsony aangekla van hoogverraad en laster teen die Rooms-katolieke Kerk. Die keuse waarvoor hulle gestel is, was om Rooms-katoliek te word, óf om hulle ampte neer te lê, óf dan die land te verlaat. Van die eerste 33 wat in die hof verskyn het, het slegs een Rooms-katoliek geword. Die res het hulle ampte neergelê of die land verlaat. Daarna is elke Protestantse predikant en onderwyser in die land voor die hof gedaag, selfs dié in die Turkse gebied - in totaal meer as 700. Slegs ongeveer 250 Lutherse en 80 Hervormde predikante en onderwysers uit die dele onder Habsburgse beheer het opgedaag. Hulle is almal ter dood veroordeel en daarna vir sewe weke lank in die tronk aangehou. Alhoewel die doodsvonnis slegs 'n dreigement was, het dit tot gevolg gehad dat sommige 'n verklaring onderteken het dat hulle hulle aktiwiteite sal staak. Diegene wat geweier het, is met gevangenskap en dwangarbeid gestraf. 'n Aantal het in gevangenskap gesterf, 'n aantal het Rooms-katoliek geword, een het ingewillig om sy amp neer te lê en een het ontsnap. Die res was vir 'n verdere jaar in gevangenskap waarna 42 van hulle onder dwang deur Oostenryk na Triëst moes stap vanwaar hulle per skip na Napels geneem en as galeislawe aan Spanje verkoop is (vgl Bucsay 1977:184-185).

Die *dekade van rou* was nie slegs 'n aanduiding van die intensiteit van die beleid van herkatolisering nie, maar ook 'n getuigskrif van die oortuigings en solidariteit van die Protestante, waarvan hulle petisie in 1691 aan

Leopold I 'n sprekende voorbeeld is. Hulle het hom naamlik versoek om hom in die openbaar uit te spreek oor hulle regte. In sy *Explanatio Leopoldina* het hy verklaar dat die Protestante hulle geloof binne die Hervormde óf Lutherse kring mag uitleef en toegelaat word om hulle geloof in die openbaar te bely in al die plekke wat in die verklaring genoem word. Hulle mag hulle predikante versorg, eredienste hou, die doop bedien, huwelike bevestig en begrafnisse hou sonder die toestemming van die priester. Hulle is egter belet om buite die genoemde plekke op te tree. Dáár moes die priester hierdie funksies vervul. Verder is hulle toegelaat om in gesinsverband die Bybel en ander kerklike lektuur te lees, op voorwaarde dat daar slegs gesinslede teenwoordig mag wees. Ná die Vryheidsoorlog teen die Turke het Leopold I verklaar dat al hierdie voorregte slegs vir die ou koninklike gebiede wat voor 1681 bestaan het, geld en nie in die gebiede wat herwin is nie. In 1702 het hy verder bekend gemaak dat sy verklaring nie bedoel was om ad infinitum van krag te wees nie (vgl Révész 1956:70).

Toe Leopold I in 1705 sterf het sy opvolger, Joseph I, gepoog om die *kuruc*-oorlog van Ferenc Rákóczi II van Transsilvanië, wat as gevolg van hernude vervolgings teen die Protestante in die suide van Hongarye ontstaan het, te beëindig deur godsdienstvryheid aan almal te belowe, maar sy beloftes is nie ernstig opgeneem nie en die oorlog het voortgegaan. Koning Karel III, wat Joseph I in 1712 opgevolg het, het onderneem om godsdienstvryheid te herstel maar hy het ook nie aan sy woord getrou gebly nie. In 1715 het hy 'n wet op die wetboek laat plaas wat die verhouding tussen kerk en staat gereël het. Daarvolgens kon sinodesittings byvoorbeeld slegs met die toestemming van die koning byeengeroep word (vgl Révész 1956:73). Dit was uiteraard vir die Protestantisme in Hongarye 'n groot terugslag.

2.2.1.4 Die stryd om bestaansreg in die agtiende eeu

Met die aanname van die wet van 1715 was die Protestantisme in Hongarye byna terug waar dit aan die begin van die vorige eeu was. Die Kontra-reformasie is ten volle deur die staat ondersteun en die Protestante het slegs ongeveer 50% van die bevolking uitgemaak. Tog kan hierdie eeu bestempel word as 'n helde-eeu in die geskiedenis van die Hervormde Kerk van

Hongarye in dié sin dat dié kerk, sonder om met die swaard of die gesproke woord te veg vir sy regte, in stilte gely en in volkome afhanklikheid van die genade van God geleef het.

Die onderdrukking van die Protestantisme het in 1721 en 1722 weer opgevlam toe Karel III verteenwoordigers van die Rooms-katolieke en Protestantse amptenary van Budapest byeengeroep het en hulle meegedeel het dat hy dit van alle persone wat 'n openbare amp beklee vereis om 'n eed in die naam van die Heilige Maria af te lê. Protestantse lede van die komitee het heftig beswaar gemaak en geen konsensus kon bereik word nie. Die koning het die komitee toe summier ontbind en weer met die beslaglegging op kerklike eiendom en onderdrukking van die vryheid van spraak begin. In 1725 is die Protestante selfs verbied om enige verdere besware teen hulle onderdrukking in te dien "in that they 'offended the noble ears of the king and caused him great disquiet' " (Révész 1956:92).

In 1730 gee die keiser aan 'n komitee van sy ministers opdrag om reëls vir die regulering van die kerklike situasie in Hongarye op te stel. Hierdie komitee, wat net uit Oostenrykers bestaan het, het nie die vroeëre verklarings oor godsdienstvryheid in aanmerking geneem nie en hulle reëls het weer gruwelike diskriminasie tot gevolg gehad. Die leiers van die Protestantse kerke het onmiddellik beswaar aangeteken en twee verteenwoordigers na Wenen gestuur met 'n petisie. Hierdie petisie was vol selfvernedering en vleitaaal, en 'n bewys daarvan dat die Kontrareformasie suksesvol was in die fisiese én geestelike aftakeling van die Protestante (vgl Révész 1956:94).

In 1731 het Karel III sy *Carolina Resolutio* gepromulgeer waarin alle vorige verklarings oor die posisie van die Protestante opnuut uitgelê is. Die gevolg was dat die Protestante nou voor 'n keuse te staan gekom het: hulle kon óf voortgaan met die vrugtelose klagtes oor hulle ellendige posisie, óf hulle kon begin met die verdieping van hulle eie godsdienstige lewe binne die grense van die resoluasie. Alhoewel hulle stryd met die staat nie opgehou het nie, het hulle wyslik besluit om die tweede opsie te kies.

'n Geleentheid om weer 'n petisie voor te lê het in 1740 ontstaan met die troonbestyging van Maria Teresia. Sy het die Protestante egter in kennis gestel dat sy by haar vader se vroeëre resoluasie staan. Gedurende haar

regeringstyd is 353 nuwe Rooms-katolieke gemeentes, hoofsaaklik in geboue van voormalige Hervormde gemeentes gestig. "Mit Recht nannten die Protestanten die Zeit zwischen 1711 und 1781 'die Babylonische Gefangenschaft des Ungarischen Protestantismus', wogegen die Katholiken diese Zeit als die Blütezeit des *Regnum Marianum* feierten" (Bucsay 1979:21).

Van Maria Teresia se seun en opvolger, Joseph II, wat in 1781 sy bekende *Edictum Tolerantiae* uitgevaardig het, word die volgende vertel:

Hij was een typisch vertegenwoordiger van het verlicht despotisme. In Oostenrijk en België eigende hij zich als absolutistisch vorst macht toe over de Kerk om haar te reformeren: de orden maakte hij los van haar oversten in het buitenland en stelde ze onder de bisschoppen; hij verving de kerkelijke opleidingscholen van de geestelijken door staats-seminaries, hief alle kloosters op die niet voor opvoeding, wetenschap en ziekenverpleging dienden, beperkte het aantal kerkelijke feestdagen aanzienlijk en stelde het kanonieke huwelijksrecht buiten werking.

(Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1968:20)

Die situasie van die Protestante het hierna heelwat verbeter. Gemeentes is toegelaat in nedersettings met meer as 100 gesinne. Hulle was geregtig op 'n eie predikant en is toegelaat om kerkgeboue op te rig op voorwaarde dat dit nie 'n ingang na die straat en 'n toring gehad het nie. Die meeste van hierdie beperkings is teen 1785 opgehef. Met die *Edictum Tolerantiae* het die ergste onderdrukking van die Protestante dus tot 'n einde gekom.

Uit die aard van die saak was Rome nie gediend met die optrede van Joseph II nie. "Vergeblich suchte Pius VI. durch den außergewöhnlichen Schritt einer Reise nach Wien (1782) Joseph II. von seinen Reformplänen abzubringen" (Heussi 1971:423).

Die Protestante het in die agtiende eeu groot verliese gely. "Infolge all dieser Verfügungen hat sich bis Ende des XVIII. Jahrhunderts die Zahl der

Katholiken derart vermehrt, dass sie den Protestanten fast dreifach überlegen war. (Gegen 1,983.366 Protestanten gab es 5,105.385 Katholiken)" (Szabó 1927:36).

2.2.1.5 Die opkoms van 'n volkskerk in die negentiende eeu

Aan die begin van die negentiende eeu het die nasionalistiese strewes oral in Europa skielik begin toeneem. Dit was ook die geval in Hongarye waar die Hervormde Kerk die grootste voorstander van hierdie strewes geword het. Om die opkoms van die Hongaarse nasionalisme te stuit, het die Roomse Kerk propaganda begin maak vir die ideaal van een nasie met een geloof, een grondwet en een amptelike taal. Omdat die Rooms-katolieke geloof in die Habsburgse ryk die oorheersende was, is dit toe tot nasionale geloof van Hongarye verklaar en die Protestantse geloof is beskou as 'n struikelblok in die strewes na eenheid. Hierop het talle beperkings op die Protestante gevolg (vgl Révész 1956:110).

Gedurende die derde dekade van die negentiende eeu het die Hervormde Kerk van Hongarye begin om heftig beswaar te maak teen alle vorms van diskriminasie, en op sy regte as volkskerk begin aandring. Dit het, met die morele ondersteuning van liberale Rooms-katolieke wat in die eise van hulle eie kerk die miskennings van die vryheid van die individu gesien het, daartoe aanleiding gegee dat 'n aantal toegewings in 1844 gemaak is (vgl Révész 1956:112). Dit was eers tydens die Nasionale Vergadering van 1848 dat godsdienstgelykheid tot sy volle reg sou kom:

Artikel 20 des Jahres 1848 legte den Schlußstein zur *Gleichberechtigung*, indem er die völlige Gleichheit und *Reziprozität* der rezipierten Konfessionen aussprach. Alle kirchlichen Ausgaben sollten in Zukunft aus der Staatskasse bestritten werden. Die Reformgesetze wurden vom König im April 1848 sanktioniert.

(Bucsay 1979:65)

Die uitbreek van die Vryheidsoorlog teen die Habsburgers op 15 Maart 1848 het egter voorkom dat die Protestante hulle nuutverworwe vryheid ten volle kon benut.

Die Protestantse kerke het hulle heelhartig met die vryheidstrewe van die volk vereenselwig:

Unter den Staatsmännern, Heerführern und Dichtern des Freiheitskampfes ragten die Söhne der evangelischen und der reformierten Kirche hervor, wie Lajos [Ludwig] Kossuth, Sándor [Alexander] Petöfi, Mór [Maurus] Jókai u.a. Die Protestantischen Kirchen gingen in den Entscheidungen für die nationale Freiheit voran.

(Bucsay 1979:65)

Toe die Ryksdag Hongarye se onafhanklikheid van die Habsburgers verklaar het, het dit die Protestante met groot vreugde vervul. Duisende Protestante het Kossuth buite die kerkgebou begeesterd toegejuig en talle kerklike distrikte en gemeentes het boodskappe van gelukwense aan die regering gestuur. Die Hervormde biskop van die kerkdistrik van Transtisza, Stefan Szoboszlai Pap, het die gevoel van die Hongare soos volg in 'n omsendbrief weergegee:

... daß die Unabhängigkeitserklärung für die ungarische Nation eine Frucht der Leiden, der Kämpfe von drei Jahrhunderten, für die dethronisierte Dynastie aber die verdiente bittere Frucht so vieler unentwegter Wortbrüche, Intrigen und Verrätereien sei.

(Bucsay 1979:67)

In dieselfde skrywe roep hy gemeentes ook op om dankdienste te hou. Die tragiese was dat hy skaars vyf maande later verplig is om opdrag te gee dat

huldigingsdienste ter ere van keiser Frans Josef I gehou moes word, na die neerlaag van die Hongare in hulle vryheidstryd.

Die Protestantse kerke se vereenselwiging met die strewes van die Hongaarse volk het inderdaad daartoe gelei dat die Hervormde Kerk, as die grootste Protestantse denominasie in Hongarye, met verloop van tyd *kerk vir die volk én kerk van die volk* geword het. Geen kerk in Hongarye was ooit so intiem verbonde aan die belange van die Hongaarse volk nie. In die inleiding tot die artikels van sy Kerkorde wat oor die missionêre verantwoordelikheid handel, praat die Kerk dan ook uitdruklik van homself as ‘n volkskerk:

Die Hervormde Kerk van Hongarye is tegelykertyd ‘n volkskerk én ‘n belydende kerk. Lidmate word van geslag tot geslag in die volkskerk gebore en opgeneem deur die doop en die aanneming, en in die belydende kerk ingelyf deur die bekering en wedergeboorte.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1994:464,
soos vertaal deur Papp, K)

Daar dien gemeld te word dat die Hongaarse volkslied tans nog in die meeste Hervormde gemeentes aan die einde van elke erediens gesing word en dat die landsvlag in talle kerkgeboue óf teen ‘n muur gedrapeer is óf aan ‘n vlagpaal hang. Die hegte band wat daar steeds tussen kerk en volk bestaan, word hierdeur bevestig. Die Hervormde Kerk van Hongarye het dus nie net volkskerk geword nie, maar dit ook gebly.

Die Hongare se neerlaag in die Vryheidsoorlog het die volk nie net in sy eer gekrenk nie, maar ook verreikende gevolge vir die Protestantse kerke, wat as die aanstigters van die vryheidstryd beskou is, ingehou:

All ministers and teachers who had actively sided with the Revolution were charged with sedition. Some were shot while many others were imprisoned. The result was that in many parishes there were no leaders left. Then on September 18,

1849, an order was issued forbidding all church courts to sit; then not long after another order came out forbidding Reformed ministers to wear the traditional Hungarian moustache, beard and cap. Next, there was an order that all church records made during the Revolution were to be destroyed. Next year, again, another order wiped out all lay offices in the Church, and decreed that the church courts might henceforth meet only on receipt of a permit and with a government representative present at its sittings.

(Révész 1956:121)

Die kerke is ook hulle reg ontnem om hulle eie onderwysers aan te stel en die voertaal van kerkskole te bepaal. Dit was ook bykans onmoontlik om enige vertoë tot die owerheid te rig. Die biskoppe van die vier kerkdistrikte kon nie eers bymekaar kom om oor 'n plan van aksie te besin nie aangesien so 'n byeenkoms as 'n onwettige vergadering geag sou word. As gevolg van al hierdie beperkings het die Protestantisme met verloop van tyd byna al die veld wat dit in die vorige eeu gewen het, weer verloor. Tog het dit die Protestantse kerke nie daarvan weerhou om die stryd om godsdiensvryheid voort te sit nie (vgl HKH 1997:21).

Die Hervormde Kerk van Hongarye se vasberadenheid was daarvoor verantwoordelik dat dit geleidelik weer begin groei het. Teen 1858 het die vier kerkdistrikte gesamentlik meer as 1 miljoen lidmate, 1427 gemeentes, 1433 voltydse predikante, 207 hulppredikers en 2074 onderwysers gehad. Hierbenewens was daar ook meer as 300 000 lidmate in Transsilvanië wat deur 556 voltydse predikante bedien is (vgl Révész 1956:137-138).

Aartshertog Albrecht, die goewerneur van Hongarye, het in 1854 sekere regte van die kerke herstel, maar toe Emeric Révész, Hervormde predikant van Debrecen in 1856/7 twee boeke oor die Kerkorde van die Hervormde Kerk van Hongarye gepubliseer het waarin hy lidmate weer eens op hulle regte attent gemaak het, het die stryd weer nuwe momentum gekry. Die gevolg was dat die Habsburgers in 1859 al die voorregte wat in 1854

herstel is, weer opgeskort het. Op 1 September 1859 is die sogenaamde *Patent* gepromulgeer waarin die owerheid alle kerklike gesagstrukture opgehef en 'n eensydige grondwet op die kerk afgedwing het.

The promulgation of the Patent, in a word, wiped out all that the Church had gained in a 300-year long struggle. What it did was to put the Church under the strict supervision of government officials. No church meetings could be held in public, ... [M]inisters and teachers could be appointed only if the State official in question agreed. Similarly, the King had to approve the appointment of a bishop. Church schools were put under the strict and complete control of the government. Only those textbooks could be used which were the government's choice. The Patent even cut up the four Church Districts into six new ones, thus tampering with loyalties that had grown up over the space of three centuries.

(Révész 1956:124)

Tydens 'n vergadering van die kerkdistrik van Transtisza te Debrecen op 27 September 1859 verklaar die kerk dat die *Patent* as van nul en gener waarde geag moet word aangesien die staat geen jurisdiksie oor die wette van die kerk het nie. Die prominente politikus en 'n latere Eerste Minister, Kálmán Tisza, het die verklaring van Debrecen aan die kerkleiers van Budapest voorgelê en hulle het, ten spyte van 'n regeringsverbod op sulke byeenkomste, 'n vergadering van die kerkdistrik van Transdonau byeengeroep waarin die *Patent* ook verwerp is. Op grond hiervan het die regering 'n bevel uitgevaardig wat die hou van alle kerklike distriksvergaderings belet het. Regeringsverteenwoordigers het opdrag ontvang om sulke vergaderings te verbied en indien nodig moes die hulp van die weermag ingeroep word om die vergaderings uiteen te jaag. Emeric Révész het hierdie bevel egter opgevolg met die *Sárospatak Opdragte* waarin opdrag gegee is dat kerklike distriksvergaderings wel gehou moet word maar uiteen moet gaan indien die weer-

mag op die toneel verskyn (vgl Révész 1956: 124-125).

'n Vergadering van die kerkdistrik van Transtisza is weer vir 11 Januarie 1860 te Debrecen byeengeroep. Alhoewel die regering die vergadering verbied het, het 'n enorme skare en meer as 500 ampsdraers vir die vergadering opgedaag. Direk na die openingsgebed het die verteenwoordiger van die Oostenrykse regering opgestaan en die vergadering versoek om uiteen te gaan. Op 'n vraag van die voorsitter of die teenwoordiges uiteen wil gaan of nie, het die skare geantwoord dat hulle die vergadering wil bywoon en nie uiteen sal gaan nie. Hulle vasberadenheid en die dreigende houding wat hulle ingeneem het, het die regeringsverteenwoordiger geen ander keuse gelaat as om maar te vertrek nie. Kort ná hulle vertrek het die vergadering 'n resoluëie aanvaar waarin verklaar is dat Christene die Koning van konings eerder sal gehoorsaam as die koning van Wenen, en besluit om 'n petisie aan die keiser te stuur. Hierdie resoluëie het soos 'n veldbrand versprei:

Soon everyone in Hungary was repeating the sentence with which Peter Balogh, the deputy-bishop who was in the chair, was reputed to have made in reply to the Imperial representative. The Imperial representative: 'In the name of the Emperor I do now prohibit this meeting.' Peter Balogh: 'In the name of God I do now constitute this meeting.'

(Révész 1956:129-130)

'n Afvaardiging van die kerk het die petisie van Debrecen 11 dae later na Wenen geneem, maar kon nie daarin slaag om dit persoonlik aan die keiser te oorhandig nie. Hy het geweier om hulle te woord te staan en hulle reis na Wenen was vrugteloos. Trouens, kort ná hulle terugkeer het die keiser 'n bevel uitgevaardig waarin hy beveel het dat daar aan al die voorskrifte van die *Patent* gehoor gegee moes word. Plaaslike owerhede het die predikante onder hulle jurisdiëksie terselfdertyd opdrag gegee om die *Patent* op die eerste Sondag nadat die bevel uitgevaardig is vanaf elke kansel af te lees. Biskop Emeric Révész het egter daarin geslaag om betyds 'n boodskap aan alle

gemeentes te laat besorg waarin opdrag gegee is dat die *Patent* onder geen omstandighede afgelees moet word nie. Predikante wat hierdie opdragte sou ignoreer, sou uit die amp onthef word. Slegs een predikant het nie die boodskap ontvang nie. Die res, ongeveer 1500, het geweier om die *Patent* af te lees. Révész het die geweldadige reaksie van die regering op hierdie optrede, wat onder andere die arrestasie van talle predikante ingesluit het, onder die aandag van die buiteland laat bring. Groot simpatie het uit alle oorde begin instroom. Die gevolg hiervan was egter 'n verskerpte aanslag van die owerheid teen die kerk. Kerklike vergaderings is in baie gevalle deur die polisie opgebreek, maar sommiges het ten spyte van die teenwoordigheid van regeringsverteenvoerders met hulle werk voortgegaan (vgl Révész 1956:132).

Teen hierdie tyd het die ganse volk homself agter die Hervormde Kerk begin skaar, ongeag hulle godsdienstige oortuigings en kerkverband. Die weerstand van die Hervormde Kerk het geleidelik oorgegaan in 'n nasionale weerstand teen Oostenryk. Om verdere spanning en 'n moontlike opstand te vermy, het die keiser goewerneur Albrecht met die Hongaar Louis Benedek vervang. Benedek het dadelik 'n konferensie belê waartydens hy die leiers van die Protestantse kerke oor hulle standpunte geraadpleeg het. Hulle kommentaar is aan die keiser deurgegee en het tot gevolg gehad dat die keiser op 15 Mei 1860 'n dokument aan Benedek oorhandig het wat in wese niks anders was as 'n opheffing van die *Patent* nie. Dit het onder andere bepaal dat predikante wat as gevolg van hulle weerstand in die tronk beland het, vrygelaat moes word. Hiermee het die kerk die vryheid wat hy voor die uitreiking van die *Patent* geniet het, grotendeels teruggekry. Verdere toegewings het in 1867 gevolg toe die *Ausgleich* tussen Hongarye en die Habsburgers gesluit is:

The constitutional liberty of Hungary was restored by the Ausgleich (Compromise) of 1867, and the Reformed Church gradually regained her internal freedom. The religio-political basis of the age of dualism was Act LIII of 1868, which regulated the reciprocity of the established churches, and

decreed that anybody who had completed his or her 18th year was free to move from one denomination to another.

(HKH 1997:21)

Verskeie artikels wat teen die Protestante gediskrimineer het, is egter kort daarna eensydig deur die Habsburgers tot die *Ausgleich* toegevoeg. Uiters onbillike vereistes is byvoorbeeld gestel ten opsigte van die toerusting van skole, met die gevolg dat die Protestantse kerke, wat reeds erg verarm was, nie oor genoeg middele beskik het om daaraan te kon voldoen nie. Roomse priesters het ook op allerhande slinkse maniere toegesien dat egpare waarvan een van die partye Rooms was, beide ná die huwelik Rooms sou wees. Hulle het ook daarop aangedring dat kinders uit sulke huwelike in die Roomse Kerk gedoop moes word. Hierdie wanpraktyke is eers in 1894 geregstel met 'n wet wat sulke optredes belet het (vgl Révész 1956:136-137).

Ten spyte van die opheffing van talle beperkende maatreëls teen die Protestantse kerke tydens die *Ausgleich* van 1867, het daar gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu 'n enorme insinking in die lewe van die Hervormde Kerk van Hongarye gekom. 'n Mens sou verwag dat die kerk sy nuutgevonde vryhede ten volle sou benut, maar as gevolg van die relatiewe suksesse van hulle weerstand teen die Habsburgers en die Roomse Kerk en die gevolglike selfgenoegsaamheid van veral die predikante, het min hiervan tereggekome. Hierbewens het daar in hierdie tyd ook spanning ontstaan tydens pogings om die vier kerkdistrikte organisatories hegteer aan mekaar te verbind. Die Transtisza-distrik, met Debrecen as setel, was ten gunste van 'n eenvormige kerkorde maar nie ten gunste van sentrale bestuur nie. Die feit dat die ortodoksie in die Transtisza-distrik oorheersend was, terwyl die teologiese liberalisme in die ander distrikte die botoon begin voer het, het onderhandelings verder bemoeilik. Die Transtisza-distrik het egter ingewillig om in 1877 deel te neem aan 'n Algemene Konvent wat slegs by magte sou wees om bindende besluite te neem ten opsigte van die voorbereidings vir die totstandkoming van 'n Nasionale Sinode. Hierdie voorbereidings het vier jaar geduur en die Nasionale Sinode het uiteindelik vanaf

31 Oktober tot 24 November 1881 in Debrecen plaasgevind. "Diese Synode legte die Grundlagen jener Kirchenverfassung, die dann von den späteren Landes-synoden (1891-1893, 1904-1907 usw.) weiter ausgearbeitet wurde und auch noch heute gilt" (Bucsay 1979:106).

Gedurende die dekade wat die sitting van die Nasionale Sinode voorafgegaan het, het 'n golf van die filosofiese rasionalisme egter oor die kerk begin spoel. Dít, sowel as 'n traagheid en algemene belangeloosheid van sommige lidmate, het daaroe gelei dat talle lidmate geleidelik hulle waardering vir die prediking en respek vir die predikante begin verloor het. Erediensbywoning is in so 'n mate afgeskeep dat daar in sommige gemeentes selfs by geleentheid niemand vir 'n erediens opgedaag nie. Die tragiese was dat die kerk aanvanklik min aan hierdie toedrag van sake gedoen het. In baie gemeentes het kerkrade nie eers meer vergader om die probleme te bespreek nie, en het administratiewe aangeleenthede byna geen aandag geniet nie. Dit het tot gevolg gehad dat gemeentes, kerkskole en predikante finansiëel verarm en in die moeilikheid beland het en die kerk verplig was om honderde laerskole aan die staat oor te dra. Die materiële agteruitgang het noodwendig by sommige gelei tot geestelike neerslagtigheid en pessimisme. Dit het begin voorkom asof die eeue se stryd 'n tamheid veroorsaak het en sy tol begin eis het. 'n Bydraende faktor tot die agteruitgang van die kerk in die laaste jare van die negentiende en eerste jare van die twintigste eeu, was die emigrasie van duisende lidmate na veral Amerika. "This was due to the backward feudal system and the oppressive poverty" (Tóth 1995:48).

Die besef dat die kerk besig was om te kwyn, het die Hervormde Kerk van Hongarye uiteindelik genoop om op te tree. Tydens die Sinodesitting van 1881, wat deur al vier kerkdistrikte én die kerk van Transsilvanië bygewoon is, is die probleme van die dag ernstig onder oë geneem. Daar is indringend gehandel oor die roeping en taak van die kerk en omvangryke besluite is geneem oor 'n wye verskeidenheid van sake. Die Kerkorde is in sy geheel hersien en aansienlik uitgebrei. Talle nuwe voorskrifte is opgeneem, veral met betrekking tot die werk van die vergaderings van die ampte met die oog op 'n meer effektiewe struktuur vir die administrasie en regering van die kerk. Daar is ook breedvoerig aandag gegee aan die kerk se verantwoordelikheid

ten opsigte van die sending en onderwys. 'n Sentrale hulpfonds is geskep vir die ondersteuning van bestaande gemeentes en ook die vestiging van nuwe gemeentes en skole, hulp aan lidmate in verafgeleë gebiede, en die aanvulling van predikante se traktements- en pensioenvoordele. Elke gesinshoof moes jaarliks by wyse van 'n heffing tot hierdie fonds bydra (vgl Révész 1956:141-144).

Alhoewel daar reeds in 1848 besluit is dat alle erkende kerke ten volle deur die staat gesubsidieer sou word, is hierdie besluit nooit uitgevoer nie. Ná 1848 is daar slegs op 'n ad hoc-basis aan kerke finansiële hulp verleen. Die Hongaarse parlement het egter in 1898 'n wet op die wetboek laat plaas waarvolgens die staat jaarliks 'n bedrag sou begroot om die traktemente en pensioene van predikante aan te vul en waarkragtens alle lidmate kerkbelasting moes betaal. Hierdie vorm van belasting het tot in 1947 bestaan (vgl Révész 1956:145).

Die aksentsverskuiwing in die Hervormde Kerk se bedieningstrategie en modernisering van sy Kerkorde was 'n positiewe wending, maar nie naastenby genoeg om 'n beduidende herlewing teweeg te bring nie. Die evangelisering en toerusting van die gewone lidmaat was ook nodig sodat die dienswerk van die gelowige weer sy regmatige plek in die kerk kon inneem. Om dit te bewerkstellig is daar nou met 'n interne evangelisasie-aksie en meer doelgerigte kategese begin. Daar is teruggekeer na die grondbeginsels van die reformatoriese teologie, die Heidelbergse Kategismus is met nuwe ywer uitgelê en groot klem is geplaas op die plek van Bybelstudie en gebed in die lewe van die gelowige. Erediensbywoning het drasties verbeter as gevolg van die meer begeesterde prediking, die opskerpings van dissipline en meer gereelde huisbesoek deur die predikante.

Onder die leiding van Skotse en Duitse sendingwerkers het die evangelisasiewerk en studentebearbeiding van die kerk groot vooruitgang getoon gedurende die laaste dekades van die negentiende eeu. Dit het bygedra tot die stigting van evangelisasiegerigte verenigings soos die Interne Sendingvereniging van Hongarye en die Hervormde Jeugvereniging van Budapest in 1892 en die Christen Studentebeweging in 1904.

Thus it came about that over the space of some 30 years the Home Missionary work of the Church completely transformed the Church's life, so that it would be true to say that by the end of the first decade of the present century the Reformed Church of Hungary had taken her rightful place amongst the living Churches of Christendom.

(Révész 1956:149)

Die kerk het gedurende die laaste drie dekades van die negentiende eeu en eerste dekade van die twintigste eeu aansienlik toegeneem in lidmaattal: "According to the statistical data of 1910, the number of Reformed Hungarians was 2,620,000 (an increase of more than half a million since 1870) ... cared for by 2062 ministers, 454 professors and teachers, as well as 2965 primary schoolmasters" (HKH 1997:23).

Ten spyte van sterk teenkanting deur die ortodoksie, het die teologiese liberalisme homself teen die einde van die negentiende eeu nietemin openlik in die kerklike lewe in Hongarye begin manifesteer. Daarvolgens is dit as 'n deug beskou om nie aan óf die Skrif óf die belydenisskrifte gebonde te wees nie. Een van die leidinggewende figure van die liberale teologie, Ödön Kovács, het onder andere die volgende verklaar: "Der Protestantismus war seinem Grundsatz untreu, als er die Bibel zur Richtsnur des christlichen Glaubens erhob, anstatt sie nur als Ausdruck desselben zu betrachten. Diese Inkonsequenz hat er dan ad absurdum getrieben, als er auch gewissen Bekenntnisschriften regulierendes Ansehen zuzuschreiben begann" (Bucsay 1979:123). Die Heidelbergse Kategismus is vanweë hierdie invloed gevolglik in die teologiese opleiding op die agtergrond gedwing en dit het mode geword om smalend daarna te verwys as 'n relikwie. Lajos Imre, wat later 'n hoog aangeslane Barthiaan in Klausenburg geword het, het selfs sover gegaan om te verklaar "... daß nicht einmal das Apostolische Bekenntnis in der Religionspädagogik eine Rolle spielen dürfe" (Bucsay 1979:124). In sy *Religion des Kindes* stel hy dat Jesus die beste verstaan kan word sonder enige bonatuurlike en dogmatiese openbaringsleer en dat daar

in die mengelmoes van dogma's slegs staatgemaak kan word op die eie selfbewussyn (vgl Bucsay 1979:124).

Die aanslag van die teologiese liberalisme het daartoe gelei dat daar tussen 1870 en 1918 nie 'n enkele verklaring van die Heidelbergse Kategismus uit die pen van óf die liberale teoloë óf hulle teenstanders verskyn het nie. Die ortodokses het hulle in hierdie periode verlaat op 'n verkorte Hongaarse vertaling van H F Kohlbrügge se *Erläuternden und befestigenden Fragen und Antworten zu dem Heidelberger Katechismus*. József Erdős, die bekende Nuwe Testamentikus van Debrecen en die vader van Károly Erdős, Kálmán II se latere leermeester in Nuwe Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Debrecen, het in hierdie tyd 'n onverkorte vertaling van die Heidelbergse gepubliseer, en Géza Antal se vertaling van J J Van Oosterzee van Utrecht se kommentaar in die vorm van twee-en-vyftig preke oor die Heidelbergse Kategismus, het ook 'n gewisse invloed in Hongarye uitgeoefen (vgl Bucsay 1979:124).

2.2.1.6 Die eerste dekades van die twintigste eeu

Die meeste kerke in Hongarye het tydens die Eerste Wêreldoorlog 'n versigtige houding ingeneem deur nie direk by die oorlog betrokke te raak soos wat dit in die verlede dikwels die geval was nie. Die Hervormde Kerk van Hongarye het hom toegespits op die geestelike en fisiese versorging van die slagoffers van die oorlog, veral van die soldate (vgl HKH 1997:23). Die Kommunistiese Rewolusie van 1918/9 het die kerk egter direk geraak:

In the programme of the leading party ... there were a great many anti-clerical phrases, which labelled the churches as relics of feudalism. Under the sway of the Soviet Republic ... ecclesiastical schools and lands were nationalised, religious instruction was prohibited in schools, and there were many churchmen amongst the victims of the Red Terror.

(HKH 1997:24)

Die grootste ontwrigting vir die kerk is veroorsaak deur die Vredesverdrag van Trianon. Hongarye se verlies van tweederdes van sy grondgebied het vir die kerk 'n verlies van meer as die helfte van sy lidmate beteken. Meer as 600 gemeentes van die Hervormde Kerk in Transsilvanië het ná die vredesverdrag binne Roemeense grondgebied geval. Die kerk was glad nie voorbereid op die skok van Trianon nie en die situasie is vererger deur 'n vlaag van vlugteling vanuit die buurlande en die ekonomiese en maatskaplike gevolge van die oorlog. Die volk en die kerk is in die grootste armoede gedompel. Hierbenewens is die Protestantse kerke ook daarvan beskuldig dat hulle 'n aandeel in hierdie toedrag van sake gehad het: "Die wieder tonangebend gewordene römisch-katholische Kirche setzte auch die Protestanten gerne auf die Anklagebank: Ihre sektiererische Irrlehre habe den Freiheitsideen der Neuzeit und den Revolutionen den Weg bereitet" (Bucsay 1979:133).

2.2.2 Kerkbegrip

Die Hervormde Kerk van Hongarye se beskouing oor die kerk word in die woorde van die *Confessio Helvetica Posterior*, een van die twee reformatoriese belydenisskrifte van dié kerk, soos volg uitgedruk in artikel XVII:

(Semper fuit ecclesia et erit semper.) Quando autem Deus ab initio salvos voluit fieri homines, et ad agnitionem veritatis venire, oportet omnino semper fuisse, nunc esse, et ad finem usque seculi futuram esse Ecclesiam, (*Ecclesia quid?*) id est, e mundo evocatum vel collectum coetum fidelium, sanctorum inquam omnium communionem, eorum videlicet, qui Deum verum, in Christo servatore, per verbum et spiritum sanctum, vere cognoscunt, et rite colunt, denique omnibus bonis per Christum gratuito oblatis fide participant.

(Müller 1903:195)

Die onsigbare eenheid en ewigheid van die kerk word in dieselfde artikel bely in die volgende woorde:

(*Una duntaxat omnium temporum ecclesia.*) Et cum semper unus modo sit Deus, unus mediator Dei et hominum Iesus Messias, unus item gregis universi pastor, unum huius corporis caput, unus denique spiritus, una salus, una fides, unum testamentum vel foedus, necessario consequitur unam duntaxat esse Ecclesiam: (*Catholica ecclesia*) quam propterea catholicam nuncupamus, quod sit universalis, et diffundatur per omnes mundi partes, et ad omnia se tempora extendat, nullis vel locis inclusa vel temporibus.

(Müller 1903:195-196)

Die openbaring van hierdie een kerk in 'n verskeidenheid organisatoriese entiteite word ook in dieselfde artikel erken: "Et militans in terris ecclesia semper plurimas habuit particulares ecclesia, quae tamen omnes ad unitatem catholicae ecclesiae referuntur" (Müller 1903:196).

In ooreenstemming met hierdie uiteensetting van die *Confessio Helvetica Posterior*, sê die kerk van homself die volgende in sy Kerkorde:

1. § Die Hervormde Kerk van Hongarye is deel van die Heilige Algemene Kerk van Jesus Christus - gevorm deur die Hervormde gemeentes van Hongarye. Hy vorm 'n geestelike gemeenskap met die lewende Hongaarse en ander Hervormde gemeentes in ander lande.

2. § (1) Die Hervormde Kerk van Hongarye erken op grond van die Heilige Skrif en sy belydenisse die Here Jesus Christus as sy enigste Hoof en bestuur homself volgens die presbiteriaal-sinodale beginsels.

(2) In gehoorsaamheid aan die sendingopdrag van die Here Jesus ... beskou die Hervormde Kerk van Hongarye die verkondiging van die Evangelie, die opvoeding van die jeug en die diens van barmhartigheid as sy primêre taak.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1994:358,
soos vertaal deur Papp, K)

2.2.3 Organisasie van die Kerk

Die publikasie *Egyházunk: a Magyarországi Református Egyház* (Ons Kerk: die Hervormde Kerk van Hongarye), sit die organisasie van die Hervormde Kerk van Hongarye soos volg uiteen: "Local churches are organised into dioceses on a regional basis. Several dioceses make up a Church District" (Hervormde Kerk van Hongarye 1997:59). In die plek van die woord *dioceses* sou die woord *circuit* hier beter gepas het aangesien daar nie na bisdomme nie, maar na ringe verwys word. Die struktuur van die kerk sien dus netso daar uit as dié van die meeste ander reformatoriese kerke: die *egyház-községek* (plaaslike gemeentes, letterlik vertaal *kerkgemeenskappe*) word georganiseer in *egyházmegyének* (ringe, letterlik vertaal *kerkprovinsies*), die verskillende ringe vorm saam 'n *egyházkerület* (distrik, letterlik vertaal *kerk-streek*) en die distrikte vorm saam die *Zsinat* (sinode).

Volgens die Kerkorde van die Hervormde Kerk van Hongarye word 'n gemeente (*egyházközség*) saamgestel uit al die lidmate wat binne 'n bepaalde gebied leef. Hierdie gebied is gewoonlik identies met 'n woongebied, maar dit kan ook oor meer as een woongebied strek. Desgelyks kan daar binne dieselfde woongebied ook meer as een gemeente bestaan. 'n Lidmaat van die Hervormde Kerk van Hongarye behoort aan die gemeente binne wie se gebied hy 'n geregistreerde permanente inwoner is (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:359).

Die Kerkorde onderskei in artikels 14 tot 17 tussen vier tipes gemeentes naamlik moeder-, kombinasie-, dogter- en missionêre gemeentes. 'n Moedergemeente word gedefinieer as 'n gemeente wat 'n predikantstandplaas selfstandig kan dra en dus finansiëel onafhanklik is. So 'n gemeente het sy eie *presbiterium*, gemeentelike registers en word as 'n regspersoon beskou. Die minimum en maksimum aantal siele van die moedergemeentes binne 'n bepaalde ring word deur die ringsvergadering bepaal. 'n Kombinasiegemeente bestaan uit twee of meer nabygeleë gemeentes wat elk oor 'n eie *presbiterium* beskik maar saam 'n predikantstandplaas onderhou. Die af-

sonderlike gemeentes van 'n kombinasie word as afsonderlike regspersone beskou. Kombinasie-ooreenkomste moet deur die ringsvergadering goed-gekeur word. 'n Dogtergemeente is 'n gemeente wat oor 'n eie kerkgebou beskik maar met die oog op bearbeiding deur 'n predikant, aan 'n moedergemeente gekoppel is. So 'n gemeente word nie as 'n afsonderlike regspersoon beskou nie. 'n Missionêre gemeente is 'n gemeente wat uit die distriks- of sinodale kas befonds word en waarvan die predikant deur die biskop (voorsitter van die betrokke distriksvergadering of Sinode) benoem word. So 'n gemeente het wel die status van 'n regspersoon (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:359-360).

Wat lidmaatskap van die Hervormde Kerk van Hongarye betref, word daar onderskei tussen twee kategorieë lidmate naamlik lidmate *sonder* en lidmate *met* volle lidmaatskapsvoorregte. Eersgenoemde bestaan uit Hongaarse en nie-Hongaarse burgers wat in Hongarye woon en volgens voorskrif gedoop is, asook volwasse christene wat hulleself as Hervormd beskou. Lidmate met volle lidmaatskapsvoorregte is diegene wat gedoop is, belydenis van geloof afgelê het en deelneem aan die eredienste, nagmaal en instandhouding van die gemeente. Vanaf so 'n lidmaat se mondigwording ontvang hy stemreg, word sy naam in die lys van stemgeregtigdes opgeneem en is hy verkiesbaar tot die amp.

Die Kerkorde van die Hervormde Kerk van Hongarye beskryf die verantwoordelikhede van 'n lidmaat van die kerk soos volg:

23. § Die pligte van 'n lidmaat van 'n Hervormde gemeente is:
- (1) Om in ooreenstemming met die Evangelie 'n rein, gematigde en nugter lewe te lei.
 - (2) Om deel te neem aan die erediens en nagmaal en om in sake wat die huwelik, doop van sy kinders en begrafnisse van sy afgestorwenes betref, volgens die voorskrifte van die Kerkorde te handel.
 - (3) Om sy kinders in die Hervormde geloof op te teel.

voed en te sorg vir hulle aanneming.

- (4) Om die algemene laste van die gemeente op die voorgeskrewe wyse en mate te dra.
- (5) Om die kerklike amp of posisie wat hy aanvaar het getrou uit te voer.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1994:361,
soos vertaal deur Papp, K)

Volgens artikel 26 van die Kerkorde bestaan die gemeentevergadering uit alle lidmate wat oor volle lidmaatskapsvoorregte beskik. Die bevoegdheid van hierdie vergadering behels die beroep van predikante, verkiesing van ampsdraers en funksionarisse en die behandeling van sake wat deur die *presbiterium* aan die vergadering voorgelê word (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:361).

Benewens die predikant het die meeste gemeentes minstens 'n *kántor* (orrelis) en *harangozó* (koster) in diens. Groter gemeentes het dikwels ook 'n *egyházfi* (letterlik vertaal *kerkseun*) in hulle diens. Hy is as algemene werker vir die instandhouding van die geboue en terrein verantwoordelik. Indien 'n gemeente oor die dienste van so 'n algemene werker beskik, is hy in die reël terselfdertyd ook koster van die gemeente. In gemeentes wat oor hulle eie begraafplase beskik, is daar gewoonlik ook 'n *temetőőr* (begraafplaasopsigter) in diens van die gemeente. Indien 'n gemeente oor sy eie kleuter-, laer- of hoërskole beskik, is die onderwysers en kantoorpersoneel ook werknemers van die gemeente ten spyte van die feit dat hulle salarisse deur die Staat gesubsidieer word. Sommige groter gemeentes het ook hulle eie administratiewe personeel (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:368-369).

Volgens die Kerkorde bestaan die ring (*egyházmegye*) uit 'n aantal gemeentes wat saamgevoeg word terwille van die ordelike regering en bestuur van die kerk en besit dit die status van 'n regspersoon. Die distriksvergadering besluit oor die stigting van nuwe ringe of die opheffing van bestaande ringe en bepaal ook die grense van ringe. Versoeke in hierdie

verband kan deur die betrokke gemeentes of ringe ingedien word, maar kan ook deur die distrik geïnisieer word (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:370).

Die onderskeie kerklike distrikte (*egyházkerület*) bestaan uit 'n aantal ringe wat saamgevoeg word en besit ook die status van 'n regs persoon. Die Sinode besluit oor die stigting, opheffing en grense van die distrikte. Versoeke in hierdie verband kan deur die betrokke distrikte ingedien word, maar kan ook deur die Sinode geïnisieer word (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:376).

2.2.4 Belydenis

Uit die samevatting van die geskiedenis, soos uiteengesit in 1.2.1, blyk dit dat die Hervormde Kerk van Hongarye se belydenisskrifte, soos dit ook elders meestal die geval was, nie ontstaan het tydens die normale gang van teologiese debatvoering nie, maar veral hulle oorsprong gehad het in die stryd teen die Rooms-katolieke Kerk. Verskeie Hongaarse Kerkhervormers het tydens hierdie stryd persoonlike of gesamentlike belydenisse met die klem op een of ander aktuele kwessie opgestel.

Die eerste suiwer Hongaarse belydenisskrif van noemenswaardige omvang het in 1559 in Debrecen die lig gesien tydens 'n vergadering van verteenwoordigers van verskeie kerklike distrikte. Die doel van hierdie vergadering was om tot 'n vergelyk te kom oor die leer van die Heilige Nagmaal:

In it [die belydenisskrif] the Zwinglian equation, 'to eat - to believe', is included, but at the same time their statement affirms that the only means of obtaining the gift offered through the Lord's Supper is by faith, and that to a supernatural faith. It is the Holy Spirit that is the instrument by which God communicates with the believer. Faith and the work of the Holy Spirit are parallel concepts. Thus it is that faith loses something of its subjective nature and develops a dual, subjective-objective character. 'He in whom the Spirit of

Christ is not found, cannot partake of Christ's body.'

(Révész 1956:32)

In 1561 het 'n tweede suiwer Hongaarse belydenisskrif, wat ook teologies Calvinisties van aard was, in dieselfde stad die lig gesien. "It taught that Christ is present at the Sacrament, not in flesh and blood, but in person, that is, the whole Christ is present; and then follows a long discussion of the *personal union* of the Logos-Christ with the human Jesus of Nazareth" (Révész 1956:32).

Na aanleiding van 'n klag van rebellie en brandstigting wat die Roomse biskop Verancsics in 1562 teen die Protestantse gelowiges van die stad Eger by Keiser Ferdinand en Koning Maximilian aanhangig gemaak het, omdat die stad geweier het om sy Protestantse predikante aan hom uit te lewer, het Méliusz en 'n aantal teoloë die *Confessio Catholica* opgestel. Doekes sê die volgende hieroor:

Dit uitvoerige geschrift is merkwaardig, omdat daarin nog bestanddelen uit de Roomse scholastieke theologie zijn overgenomen. Ook in andere opzichten bevat deze belijdenis interessante bijzonderheden. Zo wordt de verklaring van elk der tien geboden ingeleid door de in transcriptie weergegeven Hebreeuwse tekst van elk gebod. Afzonderlijk worden kwesties behandeld zoals deze: of het geoorloofd is een militair bondgenootschap te verbreken; of het geoorloofd is de Turken te bestrijden; of onwettige kinderen zalig worden, enz. Het slotartikel handelt over de vraag, of een nachtmerrie het werk van duivelen of heksen is.

(Doekes 1975:94)

As gevolg van die onvolledigheid van hierdie geskrif het die Hervormde Kerk van Hongarye nog in dieselfde jaar die grootste deel van 'n belydenisskrif van

buitelandse oorsprong tydens 'n sinodesitting te Tarczal as belydenisskrif aanvaar, nl die *Confessio christianae fidei, et eiusdem collatio cum papisticis haeresibus*. Hierdie geskrif is in 1560 deur Theodorus Beza opgestel om sy geloof te regverdig teenoor sy bejaarde pa, by wie hy deur sy teenstanders as 'n goddelose en ketter verdag gemaak is. Hierdie belydenisskrif, wat in verskeie tale verskyn het en verskeie kere herdruk is, het in Hongarye bekend gestaan as die *Confessio Genevensis*. In 1563 is dit ook deur 'n sinodesitting te Torda aanvaar. Naas hierdie *Confessio tarzialiensi-tordensis*, soos wat die *Confessio Genevensis* daarna by sommiges bekend gestaan het, het die genoemde sinode ook die Kategismus van Calvyn uit die jaar 1545 aanvaar (vgl Doekes 1975:95).

Soos reeds daarop gewys is, het die Switserse Kerkhervormer Bullinger die grootste invloed op die Kerkhervorming in Hongarye uitgeoefen. Dit het onder andere daartoe gelei dat sy persoonlike geloofsbelydenis, die *Confessio Helvetica Posterior*, in 1567 deur 'n sinodesitting te Debrecen as amptelike belydenisskrif van die Hervormde Kerk van Hongarye aanvaar is naas twee belydenisskrifte van Méliusz, wat veral gerig was teen die Unitariërs (vgl Doekes 1975:95). Bullinger het sy geloofsbelydenis reeds in 1565 aan Frederik III, keurvors van Palts, gestuur na aanleiding van laasgenoemde se versoek aan verskeie kerkhervormers om vir hom 'n uitvoerige geloofsbelydenis saam te stel " ... welches er dem Reichstage zur Rechtfertigung seines reformierten Glaubens vorlegen könnte" (Hildebrandt 1967:143). Die *Confessio Helvetica Posterior* het groot byval gevind by verskeie kerke, veral in Oos-Europa, waarvan die Hervormde Kerk van Hongarye die grootste was en vandag steeds is (vgl Hildebrandt 1967:146 en 162).

Die Heidelbergse Kategismus, wat in opdrag van Frederik III deur Zacharias Ursinus (1534-1583) en andere opgestel is, en in 1563 deur 'n sinode te Heidelberg aanvaar is, is reeds in dieselfde jaar in Latyn en Nederlands vertaal. Caspar Olevianus (1536-1587), wat 'n aandeel in die finale teks van die Kategismus gehad het (vgl Haitjema 1962:12), het die Duitse sowel as die Latynse vertalings kort daarna aan Calvyn en Bullinger gestuur (vgl Oberholzer 1986:2-5). Omdat Bullinger teen daardie tyd reeds kontak met die Hervormde Kerk van Hongarye gehad het, kan daar met

redelike sekerheid aanvaar word dat die Latynse teks van die Kategismus Hongarye vroeg daarna bereik het. Dit is in sy Latynse vorm in 1566 in Hongarye gedruk en kort daarna in die kerkskole as kategesehandleiding ingespan. Die eerste Hongaarse vertaling daarvan is deur Dávid Huszár versorg en verskyn in 1577 in Pápa (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1965:13). Die gewildheid van hierdie publikasie word bevestig deur die feit dat liedere en gebede sedert 1607 daaraan toegevoeg is. Tussen 1619 en 1646 is dit deur verskeie distriksvergaderings aanvaar as kategesehandleiding en belydenisskrif (vgl Nagy 1965:28-29), en saam met die *Confessio Helvetica Posterior* is dit vandag steeds een van die twee reformatoriese belydenisskrifte van die Hervormde Kerk van Hongarye. Die *Apostolicum* is sy enigste ekumeniese credo (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:35).

Die Hervormde Kerk van Hongarye se beskouing van sy belydenisskrifte word deur die kerk soos volg uitgedruk:

Their [die Hervormde Kerk van Hongarye se] adherence to the Confession was made clear in the Preface to the Second Helvetic Confession in the following manner: '... we are ready ... to consent to them with thanks who, from the Word of God, convince us of anything better'.

It can be said that, in general, such tolerant behaviour cannot be found in other confessions, which state that he who teaches anything else is a heretic and should be cursed, or can in no way be saved.

The main characteristic of the Reformed confessionism is, therefore, contrary to that of other confessions - internal, inner openness.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:33)

2.2.5 Ampsbeskouing en ampte

Die Hervormde Kerk van Hongarye onderskei tussen twee tipes ampsdraers:

diegene wat in die betaalde diens van 'n gemeente of bykomende vergadering is en diegene wat as *presbiter* (ouderling) in die gemeente onbetaalde dienswerk verrig. In die kleiner gemeentes is die *lelkész* (predikant) gewoonlik die enigste betaalde ampsdraer. In gemeentes wat oor 'n godsdiensonderwyser in sy eie kerkskool beskik, is die godsdiensonderwyser ook 'n betaalde ampsdraer en indien 'n gemeente oor die dienste van 'n predikant met 'n besondere opdrag of 'n hulpprediker beskik, is hulle ook ampsdraers van die gemeente. Dieselfde geld indien 'n gemeente oor die dienste van 'n betaalde *diakónus* (diaken), meestal 'n maatskaplike werker, beskik. In die lig hiervan kategoriseer die Kerkorde die ampsdraers van die gemeente in artikel 27 § (1) van die Kerkorde soos volg:

Die gemeente se ampsdraers bestaan uit:

- a) die predikant, godsdiensonderwyser, inrigtings predikant, predikant met 'n besondere opdrag, hulpprediker en betaalde diaken of diakones
- b) hoofkurator, kurator en ouderlinge

(Hervormde Kerk van Hongarye 1994:361-362,
soos vertaal deur Papp, K)

Slegs lidmate wat oor volle lidmaatskapsvoorregte beskik en deur hulle lewe en ywer vir die kerk 'n voorbeeld vir ander is, is tot die ampte verkiesbaar. Ampsdraers word met die aflegging van 'n ampseed tydens 'n erediens in die amp bevestig en diegene wat vir dieselfde amp herkies word, lê nie weer 'n ampseed af nie (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:362). Oor die kurators word daar onder die afdeling wat oor die vergaderings van die ampte handel, meer gesê.

2.2.5.1 Die predikant (*lelkész*)

(a) Opleiding

Die opleiding van predikante vir die Hervormde Kerk van Hongarye het sedert

die vroegste tye aan die Hervormde Teologiese Akademies van die kerk se kolleges en universiteite plaasgevind. Die Hervormde Teologiese Akademies van die Hervormde Kolleges te Sárospatak en Pápa het reeds in 1531 ontstaan, dié van die Hervormde Teologiese Universiteit van Debrecen in 1538 en dié van die Ráday Teologiese Kollege aan die Gáspár Károli Hervormde Universiteit van Budapest in 1855. Tydens die vier dekades van kommunistiese bewind na afloop van die Tweede Wêreldoorlog, is predikante slegs te Debrecen en Budapest opgelei. In 1991 het die kolleges te Sárospatak en Pápa weer met die opleiding van predikante begin (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:49-58).

Voornemende predikante van die kerk word vir ses jaar opgelei, waarvan vyf jaar (tien semesters) aan 'n Teologiese Akademie deurgebring moet word. Die dissiplines waarin die studente onderrig word, kom ooreen met dié van die meeste reformatoriese kerke. Na afloop van die akademiese opleiding van vyf jaar, word 'n hulppredikerseksamen afgelê. Daarna moet die student vir minstens 'n jaar as hulpprediker in 'n gemeente praktiese opleiding onder die plaaslike predikant deurloop en bykomende studiewerk doen, waarna daar vir die predikerseksamen aangemeld kan word met die oog op beroepbaarstelling in die kerk. Beide eksamens word deur 'n eksamenkommissie van die distriksvergadering afgeneem en na afloop van die suksesvolle aflegging van hierdie eksamens ontvang die student 'n diploma wat deur die biskop van die distriksvergadering en die hoof van die Teologiese Akademie onderteken word (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:362).

(b) Toelating en toetrede tot die amp

Nadat 'n student die predikerseksamen afgelê het, kan hy of sy deur 'n gemeente as predikant of godsdiensonderwyser beroep word of deur die biskop van die distriksvergadering of die Sinode as predikant in besondere diens, byvoorbeeld as sending-, inrigtings- of hospitaalpredikant, of gevangenis- of weermagkapelaan benoem word. Hy of sy kan op dieselfde wyse gestuur word om tydelik in 'n gemeente waar te neem indien omstandighede in die gemeente dit vereis en selfs in 'n gemeente geplaas word met 'n besondere

opdrag.

Die Kerkorde van die Hervormde Kerk van Hongarye onderskei gevolglik tussen selfstandige- en nie-selfstandige predikante. Eersgenoemdes is voltydse gemeentepredikante, godsdiensonderwysers, teologiese dosente aan kolleges en universiteite, sending- en inrigtingspredikante asook predikante in algemene kerklike diens. Die nie-selfstandige predikante is die waarnemende en geplaasde predikante en hulppredikers (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:364).

Dit is al vir eeue die gebruik in die Hervormde Kerk van Hongarye dat vakante predikantstandplase in die publikasies van die kerk geadverteer word met bekendmaking van die omvang van die werk en versorgingsvoordele. Enige persoon wat die predikerseksamen afgelê het, kan dan aansoek doen om vir 'n beroep oorweeg te word. Dit is die verantwoordelikheid van die voorsitter van die ringsvergadering om hierdie proses te bestuur (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:392). Alle predikante word deur die gebruikmaking van 'n voorgeskrewe formulier tydens 'n erediens in die amp bevestig.

(c) Ampspilgite

Voordat die Kerkorde van die Hervormde Kerk van Hongarye die ampspilgite van die predikant in meer detail omskryf, sê dit in artikel 38 § (1) onder andere met welke gesindheid die predikant sy roeping moet uitleef:

It is the obligation of the minister to perform his or her service in the spirit of the Scripture and our confessions, in compliance with the provisions of our canons. He is liable to perform his duty with all his might and to confirm it with his conduct ... a) to refrain from any activity that might keep him from fulfilling his ministry, or that might be conducive to the division of the congregation.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:67)

Dieselfde artikel bepaal dat die predikant homself voortdurend verder sal

bekwaam in die teologie, die suiwer ewangeliese waardes met woord en daad sal bevorder, alle konflikte en persoonlike botsings sal vermy, gehoorsaam sal wees aan die wette van die Republiek van Hongarye, met sy kollegas in broederlike eensgesindheid sal lewe en met sy gesinslewe 'n voorbeeld sal stel sodat dit duidelik sal wees dat hy en sy gesin die Here dien. Die laaste bepaling lui dat sy vrou slegs 'n lidmaat van die Hervormde of Lutherse Kerk mag wees (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:364-365).

Artikel 39 § (1) van die Kerkorde omskryf die predikant se opdrag en werk soos volg:

Die gemeentepredikant is verantwoordelik vir al die kerklike werk in die gemeente, in die besonder:

- a) die Woordverkondiging en sakramentsbediening,
- b) die missie, ewangelisasiewerk en bewaring van die eenheid van die gemeente en kerk,
- c) die pastoraat in die gemeente en bestuur van die barmhartigheidsdiens,
- d) die uitvoering van sy onderrigtaak met betrekking tot godsdiensonderrig, die afneem van openbare belydenis van geloof en hulpverlening aan die hulpprediker of geplaaasde predikant,
- e) die noukeurige uitvoering van sy bestuurspligte soos bepaal word deur die kerklike en wêreldse regsreëls.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1994:365,
soos vertaal deur Papp, K)

Volgens 'n tweede bepaling mag 'n predikant vir 'n bepaalde tydperk naas sy gemeentelike verantwoordelikhede ook 'n tweede beroep beklee mits dit nie inbreuk maak op sy gemeentewerk nie. Toestemming van die *presbiterium* en goedkeuring van die ringsvergadering is hiervoor nodig (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:365).

Artikel 40 § (1) bepaal dat predikante wat vir 'n bepaalde tydperk 'n

openbare amp wil beklee, soos byvoorbeeld dié van burgemeester, lid van 'n plaaslike of provinsiale owerheid of die parlement, verplig is om vir tydelike ontheffing van sy predikantspligte aansoek te doen. Die aanvaarding van so 'n amp raak egter nie sy status as predikant nie.

Die Kerkorde bevat ook voorskrifte oor die kleredrag van predikante. Artikel 41 bepaal dat die predikant, wanneer hy amptelik as liturg optree, verplig is om 'n swart pak, swart toga en by sekere geleenthede ook die voorgeskrewe swart mus te dra. "Die predikant moet met sy voorkoms, houding en gedrag aan die waardigheid van sy status as predikant beantwoord" (Hervormde Kerk van Hongarye 1994:365, soos vertaal deur Papp, K).

(d) Ampsvoorregte en emolumente

In die Hervormde Kerk van Hongarye was die gemeente sedert die vroegste tye verantwoordelik vir die versorging van die predikantsgesin. Dit het hoofsaaklik bestaan uit die verskaffing van huisvesting en 'n kontantbedrag. Die omvang van hierdie bedrag is bepaal deur die vermoë van die gemeente en behoeftes van die predikant en sy gesin. In die platteland was dit ook vir baie jare die gebruik dat die predikant die opbrengs van een of meer plase wat aan die gemeente behoort het, as deel van sy versorgingsvoordele ontvang het. Plattelandse gemeentes het gewoonlik 'n aantal plase besit wat by wyse van erflatings deur veral kinderlose egpare, maar ook by wyse van skenkings deur die staat en welgestelde lidmate, in besit van die gemeente gekom het. In sulke gevalle was die kontantdeel wat die predikant ontvang het uit die aard van die saak minder.

Ná die Vryheidsoorlog van 1848/9 is daar besluit dat alle erkende kerke ten volle deur die Staat gesubsidieer sou word. Hierdie besluit is egter slegs op 'n ad hoc basis uitgevoer. Die Hongaarse Parlement het eers in 1898 'n wet op die wetboek laat plaas waarvolgens die Staat elke jaar 'n bedrag sou begroot om die traktemente van predikante aan te vul. Kragtens die bepalings van hierdie wet sou alle lidmate voortaan ook kerkbelasting moes betaal. Alhoewel die betaling van kerkbelasting in 1947 afgeskaf is, het die Kommunistiese regime die erkende kerke om politieke redes tot in 1968 bly subsidieer. Sedert 1991 ontvang die erkende kerke weer finansiële onder-

steuning van die Staat veral met die oog op die lewering van maatskaplike dienste.

2.2.5.2 Die ouderling (*presbiter*)

(a) Verkiesing en bevestiging

Ouderlinge behoort tot die tweede kategorie van ampsdraers in die gemeente en word deur die gemeentevergadering verkies vir 'n termyn van ses jaar, waarna hulle herkiesbaar is vir 'n verdere termyn (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:388). Slegs lidmate wat oor volle lidmaatskapsvoorregte beskik en wie se name gevolglik in die kieserslys verskyn, is verkiesbaar. Ouderlinge word tydens 'n erediens in die amp bevestig en lê 'n voorgeskrewe ampseed af.

(b) Ampspligte

Artikel 33 van die Kerkorde sê in wese wat die ampspligte van die ouderling behels: "The elders are the stewards of the spiritual and material goods of the parish. They are elected from the members of the congregation listed in the electoral register, conforming to the provisions of the law that governs parish life" (Hervormde Kerk van Hongarye 1997:67).

In ooreenstemming met die presbiteriale tradisie beklee die ouderling dus 'n leierskapsposisie in die gemeente. In die Hervormde Kerk van Hongarye is die ouderling egter nie slegs leier en opsigthouer nie, maar ook, net soos die predikant, pastor. Die geestelike versorging van die lidmate en die lewering van die diens van barmhartigheid, waarvan laasgenoemde in ander reformatoriese kerke hoofsaaklik die taak van die diaken is, is dus ook 'n integrale deel van sy opdrag en verantwoordelikhede.

2.2.6 Vergaderings van die ampte

Voordat daar iets oor die vergaderings van die ampte gesê word, moet daar eers 'n verduideliking gegee word van die unieke kerkregeringstelsel van die Hervormde Kerk van Hongarye, wat reeds sedert die sewentiende eeu op die presbiteriaal-sinodale lees geskoei is.

Volgens die Kerkorde word die predikant en ouderlinge van 'n gemeente deur die gemeentevergadering verkies. Hulle vorm saam die *presbiterium* wat as bestuursliggaam van die gemeente dien. Die predikant is voorsitter van hierdie vergadering en in gevalle waar daar meer as een predikant in 'n gemeente is, word een van hulle deur die gemeentevergadering tot voorsitter verkies vir 'n termyn van drie jaar. Omdat die kerk oorheersing deur die predikante in die regering van die kerk wou voorkom, word daar sedert die sewentiende eeu deur die gemeentevergadering ook 'n medevoorsitter vir die *presbiterium* uit die geledere van die gewone lidmate verkies, wat bekend staan as die *gondnok* (kurator). Hierdie persoon was in die reël uit die adelstand of elite afkomstig. Vir elke predikant in 'n gemeente is daar 'n kurator en wanneer daar meer as een kurator is, word die medevoorsitter van die *presbiterium* deur die gemeentevergadering uit hulle geledere aangewys en die *fõgondnok* (hoofkurator) genoem. Hierdie stelsel geld vir alle vergaderings van die ampte, van plaaslike tot op sinodale vlak (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:59).

2.2.6.1 Die presbiterium

Soos reeds gemeld, word die *presbiterium* saamgestel uit die predikant(e), kurator(s) en ouderlinge van die gemeente, almal met volle stemreg. Die ringsvergadering bepaal die aantal ouderlinge van elke gemeente op grond van 'n aanbeveling van die *presbiterium*. Vir elke vier ouderlinge word daar een bystandsouderling verkies en indien daar 'n vakature ontstaan, word dit uit die geledere van hierdie ouderlinge aangevul volgens die volgorde van hulle verkiesing (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:366). Die bystandsouderlinge, godsdiensonderwysers, predikante met besondere opdrag, hulp-prediker en amptenare van die gemeente het reg van sitting in die *presbiterium*, maar dan slegs met adviserende stem. Vergaderings van die *presbiterium* is oop vir alle lidmate van die gemeente, maar indien 'n kwart van die stemgeregtigde lede óf die voorsitter dit versoek, moet daar *in camera* vergader word.

Die *presbiterium* moet minstens kwartaalliks vergader en 'n kworum van die helfte plus een word vereis. Die voorsitter het 'n beslissende stem en

sake wat lede persoonlik raak, word deur geheime stemming beslis. Alle vergaderings word met Skriflesing en gebed geopen (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1994:367).

Volgens artikel 50 § (1) van die Kerkorde is die *presbiterium* as bestuursliggaam oorhoofs verantwoordelik vir die volgende:

- a) die erediens, missionaat en geestelike versorging,
- b) die gemeentelike en institusionele diakonaat,
- c) die uitoefening van die kerklike tug in soverre dit binne die bepalings van die Kerkorde sy bevoegdheid is,
- d) besluite oor die amptenare van die gemeente en hulle diensvoorwaardes,
- e) beheer en toesig oor die vaste en ander eiendomme van die gemeente, die aankoop, verkoop en beswaring daarvan en die aangaan van lenings,
- f) die jaarlikse behandeling en goedkeuring van die gemeente se finansiële state,
- g) die opstel van huishoudelike ordereëls,
- h) die verkiesing van verteenwoordigers vir die ringsvergadering en om te stem in die verkiesing van lede en amptenare van meerdere liggame,
- i) die opstel van 'n alfabetiese kieserslys en
- j) die nakoming van alle ander verantwoordelikhede wat volgens die Kerkorde sy verantwoordelikheid is.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1994:366,
soos vertaal deur Papp, K)

Uit 50 § (1) (h) van die Kerkorde van die Hervormde Kerk van Hongarye is dit duidelik dat 'n gemeentelike verteenwoordiger na die ringsvergadering nie slegs 'n verteenwoordiger van die amp is wat saam met die afgevaardigdes van ander gemeentes in die ring die ringsvergadering vorm nie, maar inderdaad 'n verteenwoordiger van die *presbiterium* van die gemeente is wat hom

of haar afgevaardig het. Dit beteken dat 'n *presbiterium* se afgevaardigde na 'n ringsvergadering verbind is tot die besluite van die *presbiterium* wat hom of haar afgevaardig het. In hierdie opsig verskil die praktyk in die Hervormde Kerk van Hongarye dus van ander Hervormde Kerke, byvoorbeeld die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, waar 'n afgevaardigde slegs 'n verteenwoordiger van die amp is.

2.2.6.2 Bykomende vergaderings

Artikels 50 - 168 van die Kerkorde van die Hervormde Kerk van Hongarye sit die struktuur van die bykomende vergaderings volledig uiteen. Dit sien min of meer net so daar uit soos in die meeste ander reformatoriese kerke. Soos reeds gemeld, word die bykomende vergaderings egter saamgestel uit verteenwoordigers en nie afgevaardigdes nie. Die ringsvergadering word saamgestel uit verteenwoordigers van die presbiteriums, die distriksvergadering uit verteenwoordigers van die ringsvergaderings en die Sinode uit verteenwoordigers van die distriksvergaderings. Elke vergadering bepaal volgens 'n kwotastelsel die aantal verteenwoordigers wat deur die betrokke vergaderings na sy vergadering gestuur moet word. In al hierdie vergaderings is daar 'n gelyke getal klerikale lede (uit die kategorie: predikante, godsdiensonderwysers en betaalde diakens) en nie-klerikale lede (uit die kurators en ouderlinge) teenwoordig, sodat een amp nie oor die ander kan regeer nie.

Ook wat die verskillende posisies van leiers en funksionariese binne die betrokke vergaderings betref, word die bogenoemde beginsel tot op die letter toegepas. Die klerikale voorsitter van die ringsvergadering, wat die *esperes* (hoofpredikant) genoem word, het dus 'n medevoorsitter in die persoon van die *egyházmegyei gondnok* (ringskurator). Die klerikale voorsitter van die distriksvergadering, wat die titel *püspök* (biskop) dra, het 'n medevoorsitter in die persoon van die *egyházkerületi főgondnok* (hoofkurator van die kerkdistrik) en die klerikale voorsitter van die *Zsinat* (Sinode), wat vanuit die biskoppe van die distrikte verkies word, het 'n medevoorsitter in die persoon van 'n hoofkurator wat vanuit die hoofkurators van die distrikte verkies word. Hierdie beginsel geld ook ten opsigte van die funksionariese van die onderskeie vergaderings. Vir al hierdie lede word daar sekundi verkies.

2.2.7 Die erediens

Die erediens staan in die Hervormde Kerk van Hongarye in die middelpunt van die gemeentelike lewe. Benewens die oggend- en middagdienste, wat sedert die vroegste tye op Sondag gehou is, was eredienste gedurende die week ook 'n algemene verskynsel. Die politieke omstandighede van die dag het egter deur die loop van die geskiedenis telkens 'n invloed op die frekwensie sowel as die bywoning van eredienste gehad, veral in die tyd van die Kontrareformasie en die periode ná die Tweede Wêreldoorlog:

The frequency of services has considerably decreased since 1945. In many places morning services on weekdays were dispensed with. What has generally remained is one weekday service and a Bible class in the afternoon. But Sunday services, one in the morning and one in the afternoon, can still be regarded as the average; however, in those places where there is no local minister, only one service is usually held on a Sunday.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:35)

As gevolg van die staat se periodieke oornam van die kerkskole en veral die onderdrukking van godsdiensonderrig in die openbare skole in die kommunistiese tydperk, het kinderdienste later 'n algemene verskynsel geword.

Die eredienste op Sondag is in die periode vóór die Tweede Wêreldoorlog baie goed bygewoon, veral in die plattelandse gemeentes. Nagmaal- en doopdienste het veral groot aftrek gekry, asook eredienste op kerklike en burgerlike fees- en gedenkdae. Daar was egter 'n aansienlike afname in die bywoning van eredienste gedurende die kommunistiese era as gevolg van die anti-godsdienslike beleid van die owerheid. Hierdie beleid het ook tot gevolg gehad dat daar 'n hele geslag ontstaan het wat totaal kerklos grootgeword het. Middelarige persone is vandag steeds opvallend afwesig in die erediens. Ten spyte hiervan was die dienste wat die kerk gelewer het, veral die kerklike begrafnis, nog altyd in groot aanvraag. Die bevestiging van

huwelike, wat vroeër deurgaans in die kerk plaasgevind het, vind in die hedendaagse Hongarye egter selde by wyse van 'n kerklike seremonie plaas (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:37).

Sedert die val van die Kommunisme in 1989 is daar 'n nuwe oplewing in die Hervormde Kerk van Hongarye te bespeur. Die frekwensie en bywoning van eredienste het aansienlik toegeneem en die kerk kon die Woord ook weer sonder belemmering en met vrymoedigheid buite die mure van die kerkgebou bedien, veral by jeugkampe, tydens kerklike konferensies en in die openbare media (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:38).

Die prediking staan nog altyd sentraal in die erediens in die Hervormde Kerk van Hongarye en die liturgie verskil nie veel van die tradisie in ander reformatoriese kerke nie. Daar bestaan verskillende liturgiese ordes vir die volgende tipes eredienste: gewone oggenderedienste op Sondag, middageredienste op Sondag, eredienste op gewone weksdae, eredienste waartydens belydenis van geloof afgelê word, en doop- en nagmaaldienste.

Die gewone oggenderediens op 'n Sondag word voorafgegaan deur samesang wat gewoonlik deur die *kántor* of hulpprediker gelei word. Die predikant en ouderlinge kom in dié tyd in die konsistorie, of in gemeentes wat nie daarvoor beskik nie, in die pastorie bymekaar vir die behandeling van interne sake en die konsistoriegebed. Wanneer die aanvangstyd van die erediens aanbreek, kom die predikant en ouderlinge die kerkgebou binne onder die sing van 'n introïtuslied. Daarna word die gemeente met een van die Pauliniese groetformules begroet en word die lofsang gesing. Hierop volg Skriflesing, epiklesegebed (aanroeping van die Heilige Gees om sy seën en leiding te vra) en sang. Die teks word vervolgens aangekondig en die prediking volg direk daarna. Die hoofgebed volg op die prediking en daarna word die *Pater Noster* hardop deur die gemeente gebid. Dit word gevolg deur 'n oproep vir offergawes vir die algemene instandhouding van die gemeente en die versorging van die behoeftiges. Daarna word die seën uitgespreek en afkondigings gedoen. Die eerste twee strofes van die slotlied, wat tegelyker tyd ook uitgangslied is, word daarna gesing en die res van die strofes terwyl die gemeente die kerkgebou verlaat. In die postkommunistiese era word die Hongaarse volkslied, die *Himnusz*, direk ná die slotlied gesing. Daar dien

gemeld te word dat die hele gemeente tydens Skriflesing, wanneer God dus aan die woord is, staan. Die bediening van die nagmaal en doop en afneem van geloofsbelydenis vind tydens gewone oggenddienste plaas.

Die middagerediens verskil slegs in dié opsig van die oggend-erediens naamlik dat daar geen Skriflesing is nie. Die teks en prediking, of gedeelte van die Heidelbergse Kategismus en uitleg daarvan, volg direk op die epiklesegebed.

Die kort oggendedienste op gewone weksdae bestaan uit dieselfde eredienstelemente as gewone oggendedienste op Sondae, behalwe vir die feit dat daar geen prediking op die Skriflesing volg nie.

Dit is interessant dat die geloofsbelydenis nie in een van die bogenoemde eredienste voorgelees of opgesê word nie. Dit word slegs in doop- en nagmaalredienste en eredienste waartydens openbare belydenis van geloof afgelê word, gedoen. Die voorlesing van die Wet of samevatting daarvan is in geen erediens van die Hongaarse Hervormde Kerk 'n voorgeskrewe liturgiese element nie.

Daar is vandag opvallende verskille ten opsigte van die erediens tussen plattelandse- en stadsgemeentes. Op die platteland is die kerkgeboue op Sondae vol en lidmate gaan baie welvoeglik gekleed. Die meeste stap ook kerk toe, soos wat dit vir eeue lank reeds die gebruik is. Die kerkgeboue is fisies só ingerig dat lidmate in homogene groepe in die kerk sit. In die meeste kerkgeboue, veral dié wat vroeër Roomse kerkgeboue was, staan die kansel in die reël in die middel teen een van die symure, en mans en vroue sit apart in twee teenoorgestelde afdelings aan weerskante van die kansel, met die ampsdraers in die voorste gestoeltes. Binne hierdie afdelings sit getroudes en ongetroudes en kinders ook apart van mekaar. Die pastoriegesin en besoekers sit reg oorkant die liturgiese ruimte voor die kansel en die *kántor* (orrelis) en *kántus* (koor) sit gewoonlik op die galery.

In die stadsgemeentes word eredienste minder goed bygewoon en lidmate gaan minder deftig gekleed, veral die jonger geslag. Lidmate sit waar hulle wil en die kansel staan, veral in die meer moderne kerkgeboue, in die reël voor in die middel van die kerkgebou. Die ouderlinge sit in afsonderlike banke aan weerskante van die kansel, voor in die kerkgebou.

2.2.8 Sakramente

In lyn met die reformatoriese tradisie, het die Hervormde Kerk van Hongarye slegs twee sakramente naamlik die heilige nagmaal en die heilige doop. Beide word slegs in die erediens bedien, alhoewel die nagmaal in uitsonderlike gevalle ook buite die erediens bedien mag word.

2.2.8.1 Nagmaal

Soos ook elders in reformatoriese kringe, gedenk die heilige nagmaal primêr die dood van Jesus Christus aan die kruis, maar, soos die kerk dit self stel: "Communion is the sacrament of hope, because it not only reminds us of the Lord's death, but also provides us with a future promise, as an image of the Lamb's wedding (Rev 19:7)" (HKH 1997:44). Die eskatologiese dimensie van die nagmaal het dus 'n belangrike plek in die nagmaalsbeskouing van die Hervormde Kerk van Hongarye.

Daar is reeds gewys op die debatte in die Hervormde Kerk van Hongarye oor die interpretasie van die teenwoordigheid van Christus in die nagmaal en die feit dat dié kerk vroeg reeds die Roomse *transubstantiatio* beskouing sowel as die Lutherse *consubstantia* beskouing verwerp en die *real presentia* beskouing van Calvyn aanvaar het. Saam met die Heidelbergse Kategismus bely die Hervormde Kerk van Hongarye dat gelowiges deur die werking van die Heilige Gees tydens die nagmaal net so werklik deel kry aan Christus as wat hulle die tekens van die sakrament tot sy gedagtenis met die hand ontvang en met die mond inneem (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:45). Daar bestaan geen amptelike voorskrifte vir die frekwensie van die nagmaalviering nie. Tog is dit die algemene gebruik dat daar op die belangrikste kerklike feesdae nagmaal gevier word. In die reël gaan dit gepaard met Woordverkondiging.

Die viering van nagmaal word vooraf in die gemeente afgekondig. Vrywilligers bied gewoonlik aan om die brood en wyn te skenk en beskou dit as 'n besondere voorreg. Slegs een brood word gebak en die grootte daarvan word bepaal deur die aantal nagmaalgangers. Daar bestaan gedetailleerde voorskrifte oor die wyse waarop die brood opgesny moet word, onder andere dat dit deur die predikant self, met 'n spesiale mes wat net vir hierdie doel

gebruik word, in lang reepe gesny moet word. Die wyn is gewoonlik die beste tuisvervaardigde wyn waarop die skenker sy of haar hande kan lê.

Volgens voorskrif word die nagmaal direk ná die prediking bedien. Terwyl die predikant na die tafel beweeg om dit te *onthul* (die doeke van die bord(e) en beker(s) af te haal), word daar gesing. Daarna word die Skrifgedeelte oor die instelling van nagmaal deur die predikant uit die kop opgesê en die breek van die brood en neem van die beker fisies deur hom uitgebeeld wanneer hy die betrokke verse opsê. Die gemeente word hierna opgeroep tot individuele skuldbelydenis met 'n voorgeskrewe gebed, waarvan gedeeltes gesamentlik hardop gebid word. Dit word opgevolg met die geloofsbelydenis in die woorde van die *Apostolicum* deur die hele gemeente. Daarna word die volgende vrae aan die gemeente gestel, wat gesamentlik en hardop deur die predikant en gemeente beantwoord word:

- 1) Glo julle dat Jesus Christus in hierdie sakrament deur die Heilige Gees sy liggaam en bloed vir ons gee vir die vergifnis van ons sondes en die heil van ons siele met die oog op die ewige lewe?
(Antwoord: 'Ons glo en bely dit').
- 2) Glo julle dat hierdie heilige nagmaal die teken en seël is van die gemeenskap van Christus met sy Heilige Kerk en van 'n geseënde lewe?
(Antwoord: 'Ons glo dit').
- 3) Belowe julle om julleself uit dankbaarheid as lewende en heilige en welgevallige offers aan God toe te wy?
(Antwoord: 'Ons belowe dit').

(Hervormde Kerk van Hongarye 1985:99,
soos vertaal deur Papp, K)

Nadat die vrae beantwoord is, word die genadeverkondiging deur die predikant uitgespreek en die gemeente uitgenooi om in die nagmaal te kom deel. Lidmate kom sit nie aan by die nagmaaltafel nie, maar kom staan in

groepe in 'n halfmaan voor die tafel. Een van die ouderlinge het die verantwoordelijkheid om toe te sien dat daar nie te veel lidmate na vore kom nie. Die predikant bedien die groep dan individueel, eers met die brood en daarna met die wyn. 'n Stukkie brood word telkens deur die predikant afgebreek en aan die lidmaat in die hand gegee en die beker word nie in die ry aangegee nie, maar telkens deur die predikant aan elke lidmaat oorhandig. Die beker word met tussenposes deur die predikant of 'n ouderling skoongemaak. Wanneer die laaste lidmaat van die groep klaar nagmaal gebruik het, beweeg die groep terug na hulle sitplekke en kom die volgende groep na vore.

In gemeentes met meer as een predikant word die wandelende wyse van nagmaalviering gewoonlik gebruik. Lidmate beweeg in 'n ry voor die tafel verby waar een predikant die brood vanaf een punt van die tafel bedien en 'n ander die wyn vanaf die ander punt. In hierdie geval is die tafel gewoonlik langer en staan die predikante sover as moontlik van mekaar sodat lidmate die geleentheid kry om die brood af te sluk voordat hulle die wyn ontvang.

Na die bediening van die nagmaal volg die gebruikelike lofprysing, afkondigings, oproep tot offergawes en seën.

2.2.8.2 Doop

Vir die Hervormde Kerk van Hongarye is die doop " ... a seal, the visible acceptance of a person into the covenant of God" (Hervormde Kerk van Hongarye 1997:44). Ouers word voor die doop van hulle kinders pertinent gevra of hulle wil hê dat hulle kinders in die kerk, in die gemeenskap met die Vader, Seun en Heilige Gees opgeneem moet word. Saam met die Heidelbergse belydië kerk dan ook dat die dopeling net so seker deur die bloed van Christus en deur die werking van die Gees van sy sondes skoongewas is as wat hy uitwendig met water gewas word.

Die Hervormde Kerk van Hongarye erken dat daar in die Nuwe Testament geen spesifieke verwysing na die doop van kinders of na die weerhouding van die doop aan kinders gemaak word nie. Die kerk se siening oor die verband tussen geloof en doop word soos volg verwoord:

There can be no doubt of the connection between faith and

baptism. But we also know that it is not faith that creates sacraments. God did not give Christianity as an answer to man's faith. Sacraments including baptism are God's act, work and gift. Baptised children and adults make contact with the congregation, the members of the body of Christ living by faith. That is why the Apostolic Creed, whose roots go back to the sacrament of baptism, is said by the congregation.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:44)

Die Hervormde Kerk van Hongarye sien die doop as inlywing in die kerk, en die kinders sou kwalik buite die kerk verstaan wil word. Daarby moet die kinders gedoop word, want hulle is saam met hulle ouers in die verbond van God en sy gemeente ingesluit (Heidelberge Kategismus vraag en antwoord 74).

Die bediening van die doop volg in die reël ná die prediking en daar bestaan geen voorgeskrewe doopformulier nie. Daar word van die ouers én peetouers verwag om die doopbelofte af te lê. Die peetmoeder bring die kind na vore en oorhandig hom of haar aan die moeder wanneer die doop bedien word. Voordat die doopvrae gestel word, vra die predikant die doopouers om hulle geloof saam met die gemeente hardop in die woorde van die *Apostolicum* te bely. Daarna word die volgende vrae aan die ouers én peetouers gevra:

- 1) Is dit julle begeerte dat hierdie kind van julle deur die doop in die gemeenskap van die Vader en die Seun en die Heilige Gees in die Christelike kerk opgeneem word? (Die doopouers antwoord dan: 'Dit is', en die predikant vra dan dat die Here hulle voorneme sal seën).
- 2) Belowe julle en onderneem julle om hierdie kind van julle so op te voed en te laat opvoed dat hy, wanneer hy opgegroe het, by geleentheid van die geloofsbelydenis

self en vrywillig voor die gemeente sal kan getuig van sy geloof in die Drie-enige God? (Die doopouers antwoord dan: 'Ons belowe en onderneem dit').

(Hervormde Kerk van Hongarye 1985:121,
soos vertaal deur Papp, K)

Die derde vraag wat tydens die doopplegtigheid gevra word, word aan die hele gemeente gerig en lui soos volg:

- 3) Belowe julle dat julle hierdie kind met liefde en gebed sal dra en vir die ouers en peetouers alle hulp sal verleen sodat hulle hom in die geloof sal kan opvoed? (Die gemeente antwoord dan: 'Ons belowe').

(Hervormde Kerk van Hongarye 1985:121,
soos vertaal deur Papp, K)

Nadat die ouers, peetouers en gemeente op die bogenoemde vrae geantwoord het, volg daar 'n voorgeskrewe gebed en dan word die kind(ers) by wyse van begieting gedoop in die woorde van die klassieke doopformule. Hierna volg die seënspreuk: "Mag die genadige God gee dat hierdie kind mag groei in liggaam en gees, in geloof en liefde, sodat hy welgevallig vir God en die mense sal wees", en daarna word die volgende woorde aan die doopouers en gemeente gerig: "En julle geliefdes, wees sterk in die hoop dat God se beloftes bestem is vir julle en vir julle kinders wat God, ons Here, vir homself geroep het. Amen" (Hervormde Kerk van Hongarye 1985:123, soos vertaal deur Papp, K). Daarna keer die doopouers terug na hulle sitplekke en word die gewone liturgie gevolg totdat die erediens afgesluit is.

2.2.9 Kategese

Formele kategetiese onderrig in die Hervormde Kerk van Hongarye word deur die godsdiensonderwysers in die kerkskole aan die kinders van die kerk

bedien vanaf skoolgaande ouderdom. Die Bybel, Heidelbergse Kategismus, *Confessio Helvetica Posterior* en Liedboek van die Kerk word as handleidings gebruik. Die behandeling van die geskiedenis van die kerk kry ook sy regmatige plek en verskeie uitgawes van 'n verkorte handleiding oor die geloofsleer is met verloop van jare ook as bykomende materiaal ingespan.

Toelating tot geloofsbelydenis geskied op ongeveer veertienjarige ouderdom en word direk voor die betrokke erediens deur die *presbiterium* hanteer. Belydenisaflegging geskied in die reël op Pinkstersondag sonder die gebruikmaking van 'n voorgeskrewe formulier. Die katekisasië word ná die prediking na vore geroep en die volgende vrae word dan aan hulle gestel:

- 1) Julle het op grond van die wens van julle ouers deur die doop deel geword van die christelike gemeenskap. Verklaar julle nou dat julle in hierdie gemeenskap wil bly, Christus wil volg en oor Hom wil getuig? (Die katekisasië antwoord dan hierop: 'Ons verklaar').
- 2) Bely dan nou julle geloof in die Drie-enige God in die woorde van die Apostolicum. (Die katekisasië bely dan hulle geloof hardop in die woorde die *Apostolicum*).
- 3) Belof en onderneem julle om as volgelinge van Jesus Christus vir die res van julle lewe getroue nagmaalgebruikers en dienswillige en offervaardige lidmate van die Hervormde Kerk te wees? (Hierop antwoord die katekisasië: 'Ons belowe en onderneem dit').
- 4) Gee nou getuienis van julle geloof in die woorde van die antwoord op die eerste vraag van die Heidelbergse Kategismus naamlik: 'Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?'. (Die katekisasië spreek die antwoord dan gesamentlik uit).

(Hervormde Kerk van Hongarye 1985:141-142,
soos vertaal deur Papp, K)

Hierna kniel die katkisanter individueel voor die predikant en elkeen word dan met handoplegging geseën en ontvang 'n Bybelteks waarna hulle tot belydende lidmate verklaar word. Die hoofkurator verwelkom die nuwe lidmate daarna namens die *presbiterium* en roep hulle op tot 'n lewe van diensbaarheid en gereelde gebruik van die nagmaal, waarna hy aan elkeen 'n handdruk gee en 'n sertifikaat oorhandig. Hierop volg 'n voorgeskrewe gesamentlike gebed deur die nuwe lidmate of deur een van hulle namens die groep, die *Pater Noster* deur die hele gemeente, die gebruiklike oproep tot offergawes, die viering van die nagmaal, afkondigings, slotlied en seën.

2.2.10 Kerklied

Sang was, in lyn met die Bybelse tradisie, nog altyd 'n integrale deel van die erediens van die Hervormde Kerk van Hongarye, en naas die Bybel is die Liedboek van die Kerk seker sy kosbaarste besitting. Dit was veral die Hongaarse Kerkhervormers wat die kerklied en -musiek gepropageer het en talle predikante uit die tydperk van die Kerkhervorming was ywerige digters en komponiste. Die Hervormers Sztárai, Szegedi en Huszár het besondere klem gelê op gemeentesang as verkondigingselement in die erediens en Méliusz, die bekende biskop van Debrecen, het die volgende daarvoor gesê: "Teach and warn each other through all kinds of singing ... Only spiritual songs are good which encourage you in spiritual things" (Hervormde Kerk van Hongarye 1997:45).

In die sestiende eeu het daar twee sangbundels in die Hervormde Kerk van Hongarye bestaan. Die eerste het bestaan uit eenvoudige handgeskrewe Hongaarse weergawes van Latynse liedere uit die Middeleeue, bekend as *graduales*. Hierdie liedere is hoofsaaklik deur die predikante in die liturgie gebruik. Die tweede bundel, wat slegs liedere bevat het wat deur die gemeente gesing is, was bekend as die *kancionálé*. "From a musical point of view, the melodies of these songs developed from storytelling songs (*históriás ének*)" (Hervormde Kerk van Hongarye 1997:46).

Alhoewel baie psalms reeds kort ná die aanvang van die Kerkhervorming in Hongaars verskyn het, het werklike belangstelling daarin eers begin ontstaan met die koms van die Calvinistiese rigting van die Hervorming

in Hongarye. Die Geneefse psalms van Béza en Marot is gevolglik eers in 1607 deur Albert Szenczi Molnár volledig in Hongaars vertaal. Hulle was meesterlike digwerke en word vandag steeds in die erediens gesing.

Dit was veral die Hervormde skole en kolleges van die agtiende eeu wat die Hervormde Kerk van Hongarye se sang aansienlik bevorder het:

The colleges were centres of Hungarian Reformed song. An outstanding figure in 18th century Hungarian church music was György Maróthi, who was a professor of history and mathematics in Debrecen between 1738 and 1744. Following the Swiss example, he introduced part-song in schools, and tried to have harmonised rhythmical psalms sung during church services. At the time of the 1739 epidemic in Debrecen he established a quartet of singers to perform at funeral services. This *Kántus* was, within a short time, enlarged and ever since then it has been the choir of the Debrecen college and the oldest permanent choir in Hungary.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:46)

Met verloop van tyd het die gemeentesang in die Hervormde Kerk van Hongarye egter agteruit begin gaan. Die ingebruikneming van orrels het 'n aandeel hierin gehad. "The less-educated organists made the congregation sing more slowly, and as the majority of church members could not read music, the organists had to dictate the songs line by line" (Hervormde Kerk van Hongarye 1997:46). Aan die begin van die twintigste eeu het Béla Árokháty, 'n opgeleide predikant en orrelis, met goeie resultate 'n herlewing in die sing van die psalms geïnisieer.

Die huidige Liedboek van die Hervormde Kerk van Hongarye, wat die geliefde Liedboek van 1948 in 1996 vervang het, is feestelik in gebruik geneem tydens die derde konferensie van die Hongaarse Wêreldfederasie van Hervormde Kerke wat in 1996 in Transsilvanië (Roemenië) gehou is en dit bevat 504 *zoltárok* (psalms) en *dicséreték* (gesange). Die laaste lied in

die Liedboek is die Hongaarse volkslied, die *Himnusz* (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:47).

2.2.11 Fees- en gedenkdae

Die kerklike jaar van die Hervormde Kerk van Hongarye begin by die vier adventsweke wat as voorbereiding dien vir die viering van *Karácsony* (Kersfees) wat, soos elders in die wêreld, een van die belangrikste kerklike feeste is. Die belangrikheid van hierdie fees word onder andere bevestig deur die voorkoms van 'n afbeelding van die Bethlehemster op talle kerktorings in Hongarye. Die geboorte van Christus word sedert die vroegste tye op Oukersaand of een van die voorafgaande aande deur die kinders van die gemeente by wyse van 'n toneelstuk, wat met kersliedere en sang gepaard gaan, opgevoer, en hierdie gebruik word vandag nog steeds gehandhaaf. Die kinders trek soos herders aan en beweeg na afloop van die toneelopvoering met 'n model van die stal van Bethlehem van huis tot huis om, in ruil vir 'n lekkerny, goeie wense oor te dra en die inwoners 'n geseënde Kersfees toe te wens (vgl Hervormde Kerk van Hongarye:1997:39). Op Kersdag word daar in alle gemeentes eredienste gehou en ook nagmaal bedien.

Die viering van *Húsvét* (Paasfees) word voorafgegaan deur die herdenking van die sewe lydensweke en Goeie Vrydag en Paassondag is die Hervormde Kerk van Hongarye se belangrikste feesdae. Op die kerk se kerkwapen word daar onder andere 'n lam met 'n vlag uitgebeeld wat van regs na links beweeg om te dien as simbool van die terugkeer vanuit die dood na die lewe. Sekere gebruike met 'n heidense oorsprong het ook by die Hongare se viering van Paasfees ingesluit, byvoorbeeld die *locsolkudas* (begieting)-seremonie en die gee van paaseiers. Tydens hierdie seremonie gooi die seuns water oor die meisies se koppe, waarop die meisies reageer deur paaseiers, wat hulle meestal self met die hand gemaak het, aan die seuns te gee (vgl Hervormde Kerk van Hongarye:1997:40). Hierdie gebruike het baie duidelik hulle oorsprong in die vrugbaarheidskultus. Die viering van Paasfees bereik sy hoogtepunt op Opstandingsdag. Op beide Goeie Vrydag, wanneer nagmaal in die reël aan die gemeente bedien word, én Paassondag, word daar eredienste gehou.

Pünkösöd (Pinksterfees) word op Pinkstersondag gevier by wyse van 'n erediens waartydens nagmaal bedien word. Bykomende luister word aan hierdie fees verleen deurdat dit tradisioneel die dag is waarop daar openbare belydenis van geloof afgelê word.

Benewens die bogenoemde, word daar in Augustus en Oktober onderskeidelik dankdae vir die graan- en druiwe-oeste gehou wat gewoonlik gepaard gaan met die bediening van die nagmaal. Die Kerkhervorming word op 31 Oktober gevier, met besondere herinnering aan die slagoffers van die Kontrareformasie, veral die predikante wat as galeislawe verkoop is. Dit is verder die gebruik onder die Hervormde gelowiges om aan die begin van November op *die dag van die heiliges* van die Rooms-katolieke Kerk, die begraafplase te besoek en blomme op die grafte te plaas.

'n Aantal burgerlike gedenkdae word ook in die kerk se kalender aangedui. Dit bevestig die intieme verhouding wat daar tussen kerk en volk bestaan. *St István*-dag word op 20 Augustus gevier ter herinnering aan koning István, die grondlêer van die Hongaarse Staat, wat die eerste Hongaarse vors was wat homself uit oortuiging tot die Christendom bekeer het. Op 15 Maart word die Vryheidsoorlog van 1848/9 herdenk waartydens die Hongare in opstand gekom het teen die Habsburgers en op 23 Oktober word die Hongaarse Rewolusie van 1956 herdenk. Hierdie dae is vandag almal openbare vakansiedae. Selfs 'n aantal roudae, wat nie openbare vakansiedae is nie, word aangedui. Hulle is 4 Junie, die dag waarop die Vredesverdrag van Trianon (Versailles), wat 'n einde aan die Eerste Wêreldoorlog gebring het, in werking getree het en na aanleiding waarvan Hongarye twee-derdes van sy grondgebied moes afstaan; 29 Augustus, die dag waarop die Hongare in 1526 te Mohács deur die Turke verslaan is, en 6 Oktober, die dag waarop 13 Hongaarse generaals tydens die Vryheidsoorlog van 1848/9 te Arad tereggestel is (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:41).

2.2.12 Barmhartigheidsdiens

Die Hervormde Kerk van Hongarye het die diakonaat nog altyd as een van sy primêre opdragte beskou. Tog is die diens van barmhartigheid nie, soos dit by baie ander reformatoriese kerke die geval is, gekoppel aan 'n spesifieke

amp nie. Die diakensamp, soos ons dit in Suid-Afrika ken, bestaan hoe- genaamd nie in die Hervormde Kerk van Hongarye nie. Dit was sedert die vroegste tye eerder die verantwoordelikheid van elke gelowige om barm- hartigheid aan minderbevoorregtes te betoon. Die gevolgtrekking kan egter nie op grond hiervan gemaak word dat die diakonale arbeid van die Hervormde Kerk van Hongarye ongestruktureerd is en slegs op 'n *impromptu* wyse uitgevoer word nie. Die kerk het 'n definitiewe struktuur waarbinne sy diakonale verantwoordelikheid nagekom word.

Op gemeentevlak word die barmhartigheidsdiens hoofsaaklik deur die ouderlinge en vrywillige lidmate verrig. In groter gemeentes is daar egter dikwels 'n opgeleide maatskaplike werker wat voltyds in diens van die gemeente staan en as *diakónus* (diaken) bekend staan. Sulke werkers word as ampsdraers bevestig en val in dieselfde ampskategorie as die predikant en godsdiensonderwyser.

Op sinodale vlak is die diens van barmhartigheid die verantwoorde- likheid van die Departement Diakonaat. Hierdie liggaam bestuur die breë barmhartigheidswerk van die kerk en verrig sy taak onder toesig van die Sinode met die hulp van gemeentes en finansiële ondersteuning van die staat. Dienste word onder andere gelewer aan bejaardes, gestremde en sorgafhanklike kinders, siekes, chemies-afhanklikes, blindes, dowses, melaatses, vlugteling, gevangenes, die jeug ens. Pastorale en sielkundige dienste word ook op 'n persoonlike vlak en oor die telefoon gelewer (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:68-73).

Met die onteining van kerklike eiendomme gedurende die kom- munistiese periode het die kerk se diakonale inrigtings baie afgeneem in getal en het die kerk as gevolg van 'n gebrek aan middele moeite gehad om die paar oorblywende inrigtings in stand te hou. Na 1989 is talle inrigtings egter weer aan die kerk terugbesorg en daar is 'n nuwe determinasie om die gestruktureerde diens van barmhartigheid weer op standaard te kry. Die Departement Diakonaat versorg tans met 'n personeel van 700 meer as 1500 lidmate in vyf kindershuise, ses ouetehuse en een tehuis vir afgetredenes. Dit bedryf ook 'n kindershospitaal in Budapest met sy eie verpleegsterstehuis. Hierbenewens word elf inrigtings, hoofsaaklik tehuse vir bejaardes, kinders,

gestremdes en haweloses deur gemeentes bedryf (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:69).

Die barmhartigheidsdiens onder toesig van die Departement Diakonaat word hoofsaaklik deur *diakónusok* (diakonesse) verrig. Hulle is meestal ongetroude vroue wat deur die kerk opgelei word en in diakonessehuise van die kerk gehuisves word. Hulle verrig hoofsaaklik diens in ouetehuse, kindertehuse en hospitale en dra uniforms soortgelyk aan dié van die nonne in die Rooms-katolieke Kerk (vgl Bucsay 1979:114).

2.2.13 Ekumeniese betrekkinge

Die Hervormde Kerk van Hongarye handhaaf sedert die vroegste tye omvangryke ekumeniese betrekkinge met die reformatoriese kerke in Switserland, Nederland, Duitsland, Skotland en die Verenigde State van Amerika. In die jongste tyd is daar ook bande gesluit met die Christelike Kerk van Taiwan en 'n sendingooreenkoms aangegaan met die Presbiteriaanse Kerk van die Republiek van Korea. Kontak en samewerking bestaan ook tussen verskeie kerkskole en barmhartigheidsinstellings met ekwivalente in ander lande, asook bilaterale kontak met gemeentes in die buiteland.

Die Hervormde Kerk van Hongarye het reeds in 1909 aangesluit by die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (=WARC), is sedert 1948 lid van die Wêreldraad van Kerke en sedert 1990 lid van die Internasionale Raad van Christene en Jode. Die kerk is 'n aktiewe lid van die Ekumeniese Raad van Kerke van Hongarye en werk onder andere met die Rooms-katolieke Kerk saam aan 'n nuwe Hongaarse Bybelvertaling onder toesig van die Bybelgenootskap van Hongarye (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:78).

Teologiestudente van die teologiese akademies van die Hervormde Kerk van Hongarye het die geleentheid om deur middel van beurse aan vyftien teologiese fakulteite van universiteite in Europa en Amerika te studeer. Studente word ook gereeld op 'n bilaterale basis uitgeruil met Amerikaanse, Duitse en Nederlandse akademies. Talle studente uit die omliggende lande in die Karpatedal studeer ook teologie aan die akademies van die Hervormde Kerk van Hongarye (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:79).

'n Uitvloeisel van die intieme kontak met buitelandse reformatoriese kerke het daartoe aanleiding gegee dat daar 'n Nederlandse sendingsentrum, wat veral behulpsaam is met onderrig in die Hervormde kerkskole, en 'n Skotse sendingaksie, wat veral onder die Hongaarse Jode werksaam is, met verloop van tyd tot stand gekom het. Die Skotse sendingaksie het op sy beurt in 1839 uitgeloop op die stigting van 'n Skotse skool in Budapest. 'n Duitssprekende gemeente is ook twintig jaar later gestig om 'n geestelike tuiste vir die talle Duitssprekende immigrante uit Duitsland en Switserland te bied, en Engelse en Duitse eredienste word op 'n gereelde basis in Budapest gehou (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:79-83).

Die Hervormde Kerk van Hongarye handhaaf ook noue bande met die Hongaarse Hervormers wat met verloop van dekades 'n veiliger heenkome elders in die wêreld gaan soek het. 'n Oorkoepelende konsulerende sinode is vir hierdie doel in die lewe geroep en verteenwoordigers van Hongaarse gemeentes in Hongarye en sy buurlande, asook Swede, Amerika, Kanada, Argentinië en Australië is in hierdie liggaam verteenwoordig:

The Consultative Synod is the consultative, representative body, and the face of Hungarian Reformism. Its goal and task is to discuss the common tasks affecting the synods, Church bodies, Districts, and to co-ordinate members' activities. On general issues, and those of universal implication, the body presents a united Hungarian Reformed position, represents a Reformed identity, and fosters the Reformed heritage. It thus aims to renew and to act for the benefit of the Church and communities in different countries.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:83)

Hiernaas is die Hongaarse Wêreldfederasie van Hervormde Kerke in 1991 gestig. "The main task of the Federation is the organisation of meetings, and its area of activities is thus different from that of the Consultative Synod" (HKH 1997:84). Hierdie federasie kom vyfjaarliks in 'n algemene vergadering

byeen en stel hom dit spesifiek ten doel om die Hervormde spiritualiteit wêreldwyd te bevorder. In 1995 het verteenwoordigers uit twee-en-twintig lande hierdie vergadering bygewoon (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:85).

2.2.14 Kerklike finansies

Die Hervormde Kerk van Hongarye se werk is oor die eeue heen op verskillende maniere befonds. Aanvanklik was bydraes en erflatings van lidmate en skenkings deur die welgesteldes die kerk se enigste bronne van inkomste. Later het die staat bydraes tot die kerkkas begin maak en nog later het kerkbelasting, wat deur die staat gehef en aan die kerke oorbetaal is, bygekom.

Die grootste bron van inkomste van die Hervormde Kerk van Hongarye is steeds die offergawes van lidmate:

In the life of the congregations a secularised and modern version of biblical tithes is still used. This is called a contribution of Church members to the maintenance of the Church, and on average it amounts to less than one-tenth of the income of a congregation member.

(Hervormde Kerk van Hongarye 1997:75)

Daar word van lidmate met volle lidmaatskapsvoorregte verwag om hulle offergawe self te bring - dit word nie gekollekteer nie. 'n Norm, gebaseer op die begroting van die gemeente, word wel aanbeveel maar nie voorgeskryf nie. Origens word daar gereeld donasies gevra wat by wyse van kollektes by die erediens opgeneem word. Geld wat op hierdie wyse ingevorder word, kan vir die instandhouding van die plaaslike gemeente óf vir die werk van die kerk in breër verband, soos byvoorbeeld Bybelproduksie, barmhartigheidswerk, die opleiding van predikante, ensovoorts aangewend word. Wanneer groot projekte soos die oprigting of restourasie van geboue ter sprake kom, reël die *presbiterium* gewoonlik spesiale kollektes (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:75-76). Dit is opvallend dat fondsinsamelingsaksies soos basare en

verkoopings 'n onbekende verskynsel in die Hervormde Kerk van Hongarye is.

Gemeentes dra by tot die sinodale kas van die kerk by wyse van heffings wat op die begroting van elke gemeente gebaseer word. Hierdie fonds word deur die Sinode geadministreer en word aangewend vir die befondsing van die nasionale aktiwiteite van die kerk en die instandhouding van die sinodale-, distriks- en ringsadministrasies. Die staat se bydrae tot die kerk se kas is met verloop van tyd geleidelik afgeskaal en in 1998 gestaak. Vandag is dit slegs die kerk se skole, hospitale en inrigtings wat barmhartigheidswerk verrig, wat nog in 'n mate deur die staat gesubsidieer word.

2.2.15 Kerklike publikasies

Die Hervormde Kerk van Hongarye beskik oor sy eie selfstandige uitgewery in Budapest naamlik die *Kálvin János Kiadó* (Johannes Calvyn Uitgewery). Hierdie uitgewery, wat aanvanklik slegs sangbundels en die gewilde jaarboek van die kerk, die *Képes Kálvin Kalendárium* (Geïllustreerde Calvyn Kalender) uitgegee het, is finansieel onafhanklik en vir sy voortbestaan afhanklik van die verkope van publikasies en donasies, veral uit die buiteland. Met verloop van tyd het die uitgewery ook teologiese en geestelike tydskrifte en boeke en selfs populêre publikasies begin publiseer. Ná die verandering van regime in 1989 en die gepaardgaande herinstelling van godsdiensoonderrig in die skole, het die vraag na godsdienstige handboeke geweldig toegeneem. Die *Kálvin János Kiadó* vervul sedertdien 'n onontbeerlike rol in die voorsiening van handboeke vir godsdiensoonderrig in die primêre en sekondêre kerkskole. Videobande, klankbande en laserskywe kan ook by die boekwinkels van die uitgewery gekoop word (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:85).

Daar dien gemeld te word dat die Hongare nog altyd 'n besondere liefde vir boeke gehad het en dat daar vandag steeds 'n aktiewe en gesonde leeskultuur in Hongarye bestaan. Gemeentes en lidmate beskou dit as hulle plig om kerklike lektuur aan te koop, te lees en te versprei en gemeentes is gevolglik die grootste verspreiders van kerklike publikasies. Die belangstelling van lesers word bevestig deur die onlangse stigting van 'n vriendekring van die *Kálvin János Kiadó*.

Die *Kálvin János Kiadó* gee vandag talle publikasies van ekume-

niese liggame en al die boeke en tydskrifte van die Hervormde Kerk van Hongarye uit, onder andere die *Theologiai Szemle* (Teologiese Oorsig), die maandelikse tydskrif van die Ekumeniese Raad van Kerke in Hongarye, die *Confessio*, die kwartaallikse kerkblad van die Hervormde Kerk van Hongarye en die *Reformátusok Lapja*, 'n weeklikse koerant van die Hervormde Kerk van Hongarye. Laasgenoemde het die grootste oplaag van al die kerk se publikasies en hou lidmate van gemeentes op die hoogte van die kerklike lewe in Hongarye en in die buiteland. Dit bevat weeklikse kommentaar op teologiese kwessies, oordenkings en antwoorde op die kontemporêre vrae van lidmate (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:87). Die *Kálvin János Kiadó* is ook die amptelike uitgawe van die Bybelgenootskap van Hongarye en het tussen 1990 en 1996 650,000 Bybels gedruk, waaronder 100,000 Kinderbybels en 200,000 Bybels wat aan Hongaarse gemeentes in die buiteland gestuur is. Van die 650,000 Bybels wat gedruk is, was 450,000 weergawes van die 1590 Vizsolyi vertaling van Gáspár Károlyi (vgl Hervormde Kerk van Hongarye 1997:89).

Wat die prinsipiële betref, blyk dit uit die voorafgenoemde uiteensetting van die standpunte en oortuigings van die Hervormde Kerk van Hongarye dat daar nie wesentliche verskille tussen dié kerk en sy reformatoriese eweknië in die res van die wêreld bestaan nie. Ook wat die praktiese sy van sake betref, kom daar talle opvallende ooreenkomste met ander kerke voor. Die verskille wat wel bestaan, kan eerder as aksentsverskille getipeer word. Dit was gevolglik vir Kálmán II nie baie moeilik om homself kerklik tuis te maak in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie.

2.3 Genealogiese agtergrond

2.3.1 Familiegeskiedenis

Zoltán Papp, jonger broer van Kálmán II, het homself die taak opgelê om die geslagsregister van sy ouers, dit wil sê van die families Papp en Bogdányi na te vors. In 1994 het hy die resultate van sy uitgebreide navorsing op skrif gestel in 'n geskrif met die titel *Családtörténet: amennyi az ősökrol egyáltalán fennmaradt* (Familiegeskiedenis: soveel as wat van die voorgeslag bewaar

gebly het). Vir sy kinders het hy egter reeds sy voorlopige resultate in 1989 op skrif gestel in 'n geskrif met die titel *Egy Reformatus lelkész-család története* (Geskiedenis van 'n Hervormde predikantefamilie). Afskrifte van die oorspronklike Hongaarse weergawes en Afrikaanse vertalings van beide hierdie geskrifte is in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika opgeneem. Die stambome van die families Papp en Bogdányi, wat uit die voorafgenoemde geskrifte van Zoltán Papp saamgestel is, is volledig in my MA-verhandeling opgeneem (vgl Papp, K D 2002:88 en 94).

2.3.2 Die voorgeslag aan vaderskant

Kálmán II se voorouers aan vaderskant kan tot by drie voorouers in die sewende geslagslyn teruggevoer word nl Gábor Körtvélyfái (1706-1772) (vgl Papp, Z 1994:8), Péter Oláh (1714-1788) en sy vrou Katalin Nagy (oorl. 1758) (vgl Papp, Z 1994:10). 'n Moontlike voorouer in die agtste geslagslyn, András Pap (datums onbekend), kom in die 1691-sensus van Gönc voor (vgl Papp, Z 1994:9).

In die sesde geslagslyn is die familie- en eiename van dertien voorouers én hulle geboorte- en sterftedatums, op enkele uitsonderings na, bekend (vgl Papp, Z 1994:8-11).

János Varga Papp I (1759-1831) uit die vyfde geslagslyn, waarvan al die name volledig is, is die oudste bekende naamdraer van die Papp voorgeslagte (vgl Papp, Z 1994:6). Die familienaam *Papp* kom egter reeds in die 1557-belastingbetalersregisters van Gönc voor. Hulle was meestal ambagsmanne (leerwerkers) en boere. János Varga Papp I en die ganse bekende deel van die voorgeslag van Kálmán I aan vaderskant, op een uitsondering ná, is uit die dorp Gönc in die distrik Abaúj in die noorde van Hongarye afkomstig (vgl Papp, Z 1989:3).

Uit die stamboom val dit op dat die oor-grootvader, oor-oor-grootvader en oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II almal die dubbele familie-naam *Varga Papp* dra (vgl Papp, Z 1994:6). Hierdie kombinasie van kom eers vanaf die 18de eeu in die registers van Gönc voor. Die woord *varga* beteken in sy oorspronklike vorm leerwerker, en skoenmakers is met hierdie woord beskryf. Skoenmakers was in daardie dae gesiene mense en het in die

gemeenskap as beroepspecialiste groot aansien geniet. Die Varga's het reeds vanaf die 16de eeu onder Koning János Szapolyai (1487-1540) gilde-status en -voorregte geniet (vgl Papp, Z 1989:3). Die vermoede is dat die *Varga* voorvoegsel tot die familienaam Papp bygevoeg is om hulle van die adellike familie Pap, wat ook in Gönc gewoon het, te onderskei (vgl Papp, Z 1989:3). In 1795 word die familienaam Varga Papp vir die eerste keer in die registers van Gönc vermeld met die registrasie van die huwelik van János Varga Papp I. Die *Varga* voorvoegsel kom vanaf Dániel Papp (1847-1894), Kálmán II se grootvader, nie meer in die familienaam voor nie. As onderwyser het hy 'n veel hoër status geniet as 'n skoenmaker en die *Varga* voorvoegsel sou nie reg aan sy stand binne die gemeenskap laat geskied nie.

János Varga Papp II (1798-1867), Kálmán II se oor-oor-grootvader, was 'n gesiene en welgestelde saai- en wynboer van Gönc wat op 12 verskillende plekke saailande gehad het. Hy het onder die hooggeplaastes van die gemeenskap getel (vgl Papp, Z 1994:27). Van Dániel Varga Papp (1821-1885), Kálmán II se oor-grootvader, is daar niks meer bekend as sy geboorte- en sterftedatums en die naam en geboortedatum van sy vrou nie.

Dániel Papp (1847-1894), grootvader van Kálmán II, is op 16 Februarie 1847 te Gönc gebore en was die oudste van vyf kinders. Hy het in die boere- en ambagsgemeenskap van Gönc sy laerskoolopleiding en in die dorp Sárospatak, suid-wes van Gönc, sy hoërskoolopleiding ontvang en onderwyser geword. In 1870 begin hy sy onderwysloopbaan in die plattelandse dorpie Radostyán, noord-wes van en digby die stad Miskolc, in die distrik Borsod. Hy is in 1871 met Mária Csízi-Gondol (1853-1890) uit die dorp Edelény getroud. Uit hulle huwelik is vyf seuns en drie dogters gebore, waarvan slegs twee seuns, Dezső en Lajos, en een dogter, Mária, grootgeword het. Dániel se vrou sterf in 1890 op 37-jarige ouderdom aan tuberkulose. Op 19 Januarie 1892 trou hy met die 29-jarige Julianna Kis (1863-1945), dogter van die welgestelde János Kis (1835-1917) van Miskolc. Kálmán II se vader, Kálmán I (1894-1934), word op 27 Maart 1894 as die enigste kind uit hierdie huwelik gebore. Dániel Papp sterf op 22 Augustus 1894 in die ouderdom van 47 jaar te Radostyán aan 'n hartaanval toe Kálmán I maar vyf maande oud was, en laat sy tweede vrou agter met die

drie kinders uit sy eerste huwelik en die seuntjie uit sy tweede huwelik. Toe Julianna se moeder op 10 Desember 1897 sterf, neem sy haar invalide vader in die huis en versorg hom vir 20 jaar lank tot met sy dood op 22 Desember 1917. Die kinders word uit noodsaak in 'n inrigting vir weeskinders van onderwysers in Kecskemét geplaas. Volgens oorlewering het Julianna 'n sukkel bestaan gevoer totdat sy in 1920 op 57-jarige ouderdom by Kálmán I ingetrek het in die pastorie van Mándok waar hy predikant was. Sy is op 82-jarige ouderdom op 14 Mei 1945 in Miskolc oorlede en in die Avas begraafplaas begrawe in die graf van haar seun Kálmán I, wat op slegs 40-jarige ouderdom op 28 September 1934 oorlede is (vgl Papp, Z 1994:35-36).

Kálmán II se vader, Kálmán Papp I (1894-1934) het sy laaste twee skooljare in Debrecen deurgebring. Vanaf 1913-1917 was hy teologiestudent aan die Collegium van Debrecen. Nadat hy sy teologiese opleiding voltooi het, word hy in 1917 die hulpprediker van die predikant van Munkács en in 1918 hulpprediker van die biskop van Debrecen. In 1920 word hy beroep na die Hervormde Gemeente te Mándok, 'n plattelandse dorpie in die provinsie Szabolcs in die noord-ooste van Hongarye. Dit was sy eerste en ook die enigste gemeente waar hy voltyds predikant was. Hy was 'n ruimdenkende, vrolike en gebalanseerde mens. Hy was besonder lief vir musiek en kon viool, tjello en harmonium speel. Sy groot voorliefde vir boeke het tot gevolg gehad dat hy met verloop van tyd 'n pragtige biblioteek opgebou het. Onder sy leiding het die volkskultuur in Mándok herleef. Sy stokperdjies was byeboerdery en tuinmaak en hy het onder andere 'n groot aantal populiere voor die pastorie en in die dorp se begraafplaas laat aanplant. Hy was ook 'n aktiewe lid van die plaaslike natuurwetenskaplike vereniging. Tydens sy bedieningstyd is 'n nuwe klok deur die gemeente in gebruik geneem (vgl Papp, Z 1994:38).

In Kálmán II se voorgeslag aan vaderskant kon daar met sekerheid slegs twee predikante opgespoor word nl sy vader, Kálmán I, wat die enigste bekende predikant in die voorgeslag is wat die familienaam *Papp* dra (vgl Papp, Z 1994: 38) en Miklós Kis, die seun van József Kis, 'n ouer broer van János Kis (1835-1917). Laasgenoemde is Kálmán I se oupa aan moederskant (vgl Papp, Z 1989:5). Volgens die argief van Sárospatak is daar ook 'n

János Bagaméri in 1741 in Miskolc as predikant georden. Dit is moontlik dat hy die broer van András Bagaméri (1759-1829) se vader, András Bagaméri (datums onbekend), 'n oor-oor-oor-grootvader van Kálmán I aan moederskant was.

2.3.3 Die voorgeslag aan moederskant

Kálmán II se voorouers aan moederskant kan waarskynlik teruggevoer word tot by twee voorouers in die negende geslagslyn nl István Bogdányi (datums onbekend) en sy vrou Heléna Sztárai (datums onbekend) (vgl Papp, Z 1994:12), twee in die agtste nl István Bogdányi (datums onbekend) en sy vrou Sára Kondai Kis (datums onbekend), agt in die sewende nl István Bogdányi (datums onbekend) en sy vrou Sára Lehotai Rostás, János Mike (oorl. 1789), Mihály Váradi (oorl. 1795), János Vattai (datums onbekend), János Nagy (datums onbekend), György Vatay (datums onbekend) en Ferenc Éva (datums onbekend) en agtien in die sesde. Eers vanaf die vyfde geslagslyn is die voorouers se name en geboorte- en sterfdatums, op enkele uitsonderings na, bekend. István Bogdányi in die negende geslag, oor-oor-grootvader van Pál Bogdányi (1776-1846), die oor-oor-grootvader van Kálmán II se moeder aan vaderskant, is dus die oudste bekende naamdraer van die Bogdányi voorouers.

Die familie Bogdányi of Bogdányi is grotendeels uit Nagykér, nou Abaujkér, afkomstig. Volgens 'n sertifikaat wat Zoltán Papp nog persoonlik in 1944 onder oë gehad het maar waarskynlik in 1945 saam met 'n aantal familie-aantekeninge verlore geraak het, het Koning Leopold II (1747-1792) die adelstand aan hierdie familie toegeken. Latere geslagte van hierdie familie het in Parasznya en die Sajóvallei geleef. Die ander families wat in die vyfde geslagslyn voorkom, was almal boere van die kleinadel (vgl Papp, Z 1989:8). István Bogdányi (1844-1917), oor-grootvader van Kálmán II, was volgens die familieherinneringe 'n welgestelde boer in Parasznya en ook burgemeester van hierdie dorp (vgl Papp, Z 1994:32).

Daar dien gemeld te word dat Mária Bogdányi (1879-1952), Kálmán II se grootmoeder, 'n nooi Kaposi was, en dat daar onder die galeislawe, wat in 1676 deur Admiraal de Ruyter bevry is nadat hulle gevange geneem en na

Napels weggevoer is omdat hulle geweier het om die Roomse geloof aan te neem, 'n István Kaposi voorkom. (vgl Makkai et al 1976:126).

In die moederlike geslagslyn kon daar met sekerheid vyftien en moontlik agtien predikante onder die bekende voorouers van sewe opeenvolgende geslagslyne opgespoor word. Vanaf dominee István Bogdányi, 'n oor-oor-oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II, was daar dus sonder 'n enkele onderbreking in elke geslagslyn van die bekende voorgeslag van Kálmán II aan moederskant een of meer predikante. Kálmán II is dus die agtiende in 'n onafgebroke lyn van predikante.

Twee van die predikante kom voor in die moederslyn aan vaderskant nl István Bogdányi, van wie dit slegs bekend is dat hy predikant te Dédes was (vgl Papp, Z 1994:11), en Kálmán II se grootvader József Bogdányi (1872-1926) wat na afloop van sy studies te Sárospatak hulpprediker was in Varbó, Sajóvelezd en Sajószentpéter. Hy het in 1902 predikant van Jablonca geword en is daar op 24 April 1902 getroud met Mária Kaposi. Twee dogters, Mária en Gizella, en een seun, Laszló, is uit hulle huwelik gebore. Gizella is as jong dogter oorlede. Vanaf 1904-1907 was József Bogdányi predikant te Varbó. In 1908 aanvaar hy 'n beroep na Sajókeresztúr, waar sy skoonmoeder se oom, Sándor Vataj, vroeër vir 47 jaar predikant was. Op 12 Januarie 1926 is hy in Sajókeresztúr oorlede (vgl Papp, Z 1994:36).

Minstens dertien maar moontlik sestien predikante kom voor in die moederslyn aan moederskant. Volgens die argiefgegewens van Sárospatak het daar in die jare 1731-1736 'n predikant met die naam György Vataj in Vadna gedien. Hy kon moontlik die vader van György Vataj, 'n oor-oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II gewees het (vgl Papp, Z 1994:16).

György Vataj, 'n oor-oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II, het op 30 Maart 1754 sy studie in teologie aan die Collegium in Sárospatak voltooi en vanaf 1755 tot 1792 in ses gemeentes gedien: vanaf 1755 in Simonyi, vanaf 1760-1761 in Szendrő, vanaf 1762-1768 in Hegyveg, omstreeks 1770 in Radnót, vanaf 1774-1781 in Szölösardó en vanaf 1786-1792 in Perkupa. Hy is op 20 Mei 1792 oorlede (vgl Papp, Z 1994:16-17).

Volgens gegewens in die argief van Sárospatak het 'n sekere dominee István Szentmártony vanaf 1772-1775 in Málca en vanaf 1785-1791

in Kistráska, albei dorpe in die noordelike deel van die provinsie Zemplén, gedien. Die vermoede is dat hy die vader is van Károly Szentmártony (1783-1850), 'n oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II (vgl Papp, Z 1994:17).

István Lovas (1759-1825), 'n tweede oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II, het ook in Sárospatak studeer en nadat hy onderwyser en skoolhoof in Kászmárk was en daarna vir twee jaar in Zurich studeer het, as hulp-prediker in Bánfalva, Abrahám en Noszvaj gedien. In 1794 het hy predikant geword van Szölösardó en op 22 Februarie 1795 is hy in Kászmárk getroud met Erzsébet Putnoki Nagy. Twee dogters en drie seuns, wat al drie in Sárospatak as predikante afstudeer het, is uit hulle huwelik gebore. József was predikant in Szölöszardó, Sámuel in Szilice en István in Jablonca. In 1807 is hy benoem tot regsadviseur van die ringsvergadering en na 31 jaar in die bediening sterf hy in Szölöszardó op 16 April 1825 (vgl Papp, Z 1994:24-25).

György Vatay (1770-1853), 'n derde oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II, wat tydens sy studentetyd te Sárospatak onder andere *gregarius* (senior leierstudent) en *contrascriba* van die Collegium was, se eerste gemeente was in Nagykapos in die provinsie Ung. Hy is in ongeveer 1802 getroud met die adellike Mária Lakatos. In 1805 het hy predikant geword in Jablonca en in 1813 in Jósmafő. In 1828 is hy verkies tot hoofskriba van die ringsvergadering van Torna. Vier seuns en 'n dogter is uit hulle huwelik gebore. Die seuns het ook in Sárospatak studeer en twee het predikante geword, Sándor in Sajókeresztur en Abraham in Komjati. György Vatay is op 6 September 1853 in die ouderdom van 83 jaar te Jósmafő oorlede (vgl Papp, Z 1994:25).

Károly Szentmártony (1783-1850), 'n vierde oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II, het nadat hy in Sárospatak afstudeer het in 1813 predikant geword van Komjati. Hy is op 19 Mei 1814 te Tállya getroud met Judit, dogter van die adellike András Szabó en was vanaf 1818 predikant van Színpetri. In 1820 het hy 'n beroep na Görgő aanvaar. In 1821 is hy verkies tot hulpskriba van die ringsvergadering. In 1840 het hy na 'n beroerte-aanval saam met hulppredikers in Görgő gedien tot en met sy afsterwe op 8 Oktober 1850 (vgl Papp, Z 1994:26).

György Kaposi (1793-1860), 'n oor-oor-grootvader van Kálmán II,

was net soos baie ander predikante van die voorgeslag, eers vir 'n paar jaar in die onderwys. Hy is op 25 Februarie 1828 getroud met Eszter Lovas. 'n Seun en 'n dogter is tydens hulle verblyf in Szín gebore. György Kaposi het in 1832 predikant geword te Barka waar daar slegs 220 Hervormers gewoon het. Tydens die Vryheidsoorlog van 1848/9, waaraan sy seun György Kaposi aktief deelgeneem het, het troepe van die tsaar van Rusland tydelik in Barka vertoef. Dit het sy werk daar aansienlik bemoeilik (vgl Papp, Z 1994:29-30).

Abraham Vatay (1815-1851), 'n tweede oor-oor-grootvader van Kálmán II, het sy hoërskoolopleiding waarskynlik te Miskolc voltooi en daarna te Sárospatak teologie gaan studeer. Vanaf 1838-1840 was hy onderwyser in Görgö. Waar hy as hulpprediker gedien het, kon nie vasgestel word nie. Vanaf 1843 was hy predikant van Komjati. Hy is in 1844 getroud met Veronika Szentmártony, die dogter van die predikant van Görgö, en twee dogters is uit hulle huwelik gebore. Sy kon hulle egter nie self opvoed nie aangesien sy na 'n huwelik van skaars ses jaar op 8 Januarie 1850 oorlede is. Vatay het in dieselfde jaar 'n beroep na die gemeente van Színpetri aanvaar. Hierdie gemeente was naby die dorpie Jósmafö, waar sy bejaarde ouers gewoon het. Hy is egter op 36-jarige ouderdom op 1 Desember 1851 aan ingewandekoors oorlede en sy twee dogters is verder deur hulle grootouers en tante versorg (vgl Papp, Z 1994:30).

György Kaposi (1829-1901), die oor-grootvader van Kálmán II, het na sy deelname aan die 1848/9 Vryheidsoorlog in 1850 in Sárospatak teologie gaan studeer. Vanaf 1853-1856 was hy skoolhoof in Aszaló en in 1857 hulpprediker in die gemeente van sy oom Sámuel Lovas in Szilice. In 1858 het hy hulpprediker in sy siek vader se gemeente in Barka geword en ná laasgenoemde se dood in 1860 die gemeente alleen bedien tot in 1869. Hier het hy erwe verkry vir 'n Hervormde skool en was hy skoolinspekteur en skriba van die ringsvergadering. Hy is op 13 September 1865 te Jósmafö getroud met Katalin Vatay en twee seuns en drie dogters is uit hulle huwelik gebore. In 1870 het hy sy oom István Lovas in Jablonca opgevolg waar hy die skool, kerk en pastorie in 1871 gerestoureer het. Vir sy selfopofferende dienswerk tydens die cholera-epidemie in 1870, het hy ministeriële erkenning ontvang. Hy het ook gereeld met Kossuth, leier van die Vryheidsoorlog en regerings-

hoof ná die onttroning van die Habsburgers, gekorrespondeer. In 1876 het hy hoofskriba, later regsadviseur en in 1886 voorsitter van die ringsvergadering van Torna geword. Sy oudste seun, György, het predikant geword in Egerszögö en van sy dogters het met predikante getrou, onder andere die jongste dogter, Mária, wat met József Bogdányi (1872-1926), die grootvader van Kálmán II aan moederskant, getroud is. Hy is op 6 April 1901 te Jablonca oorlede (vgl Papp, Z 1994:32-33).

Kálmán II se moeder, Mária Bogdányi (1903-1988), het haar laerskooljare in Sajókeresztúr deurgebring en haar hoërskoolopleiding aan die Hervormde Meisiesskool in Miskolc ontvang. Hier is, behalwe vir algemene opvoeding, klem gelê op huishoudkundige vaardighede. Daar was ook ruim geleentheid vir verdere selfontplooiing en sy het op musiek en skilderkuns gekonsentreer. In die koshuis het sy bevriend geraak met Ilonka Kis, die dogter van die predikant van Golop, wat later die vrou geword het van haar neef, dominee Béla Gyarmathy. By die huweliksbevestiging in Mei 1922 het sy vir die eerste keer kennis gemaak met Kálmán I. Ten spyte van die feit dat sy maar slegs 19 en hy reeds 28 jaar oud was, het hulle dadelik tot mekaar aangetrokke gevoel en kort daarna met 'n verhouding begin (vgl Papp, Z 1994:38-39). Aan die einde van dieselfde jaar vra Kálmán I skriftelik om haar hand. Hierdie brief kon nie opgespoor word nie, maar die antwoord wel. Laasgenoemde brief is volledig opgeneem in *Die historiese agtergronde van die Hongaars-Afrikaanse predikantefamilie Papp* (vgl Papp, KD 2002:101-102). Op 6 Junie 1923, skaars dertien maande nadat hulle mekaar ontmoet het, word Kálmán I en Mária Bogdányi in die kerkgebou van die gemeente Sajókeresztúr deur die vader van die bruid, József Bogdányi in die huwelik bevestig. Volgens die huweliksertifikaat was die getuies dominees Imre Szombathy van Eperjeske en István Czékus van Sátoraljauhely (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Mária Papp (Bogdányi) was van nature stil en beskeie. Sy was 'n baie aanpasbare mens met 'n sagte geaardheid. Ten spyte daarvan het sy 'n baie sterk wil gehad. Sy het haarself deurgaans diensbaar gemaak aan haar man, kinders en familie (vgl Papp, Z 1994:39).